# Vrye Weekblad

30 APRIL - 6 MEI 1993 R3,00(BTW INGESLUIT)




TRONK TOE MET DIE WIT WOLF!

## BAREND STRYDOM


**lag op TV oor moorde:**

***'Dit was lekker. Ek sal dit weer doen'***



## KP IN KRISIS:

**is die regses nog lus om te veg?**



## TEGNOLOGIE:

**Bel 'n nuwe wêreld oop**

## JOHNNY CLEGG:

**Kom ons maak 'n lekker los kultuur**

# INHOUD Nº 217

30 April - 6 Mei 1993



**7 & 8** Dié week het miljoene Australiërs gesien hoe die Wit Wolf **Barend Strydom** op Strijdomplein met 'n breë grinnik aan Alan Hogan van die gewilde *Sixty Minutes*-program uitwys wie hy waar geskiet het en hoe goed hy gevoel het terwyl hy dit gedoen het. **MAX DU PREEZ** het na die program gekyk

**9 & 10** Wie in die Konserwatiewe Party gaan AP Treurnicht se skoene volstaan? Die vuurvreter Ferdi Hartzenberg ("wat nie die charisma van 'n dooie vis het nie") of die hoflike Pieter Mulder ("wat net so besluitloos soos Treurnicht is")? **INA VAN DER LINDE** berig oor die leierskapstryd

**11 - 14** In Suid-Afrika gaan sake aan die ander kant van die telefoonlyn teen die einde van die dekade aansienlik anders klink en lyk, skryf **CHARL BLIGNAULT**



**24 & 25** After being silent for three years, Johnny Clegg is back with *Heat, Dust and Dreams*. He speaks to **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** about state intervention in creating a united culture, feeling marginal in South Africa and the suffering of a true artist





**AKTUEEL**

4 - 6 DIÉ WEEK
26 & 27 DIE PATRIARGALE GEFEMEL DUUR VOORT
DIÉ WET IS VOL GATE

**GESONDHEID**

15 & 16 GEWELD: HOU OP LAP EN STOP, PROBEER EERDER KEER

**INTERNASIONAAL**

17 IS SA STILL IN CAHOOTS WITH UNITA?
18 SIR BRAIN URQUHART SPEAKS TO PETER VALE
19 BLOED VERSWELG IERSE ROMANTIEK

**RUBRIEKE & MENINGS**

3 VRYDAGOGGEND SAAM MET MAX DU PREEZ
22 & 23 BRIEWE VAN ONS LESERS
23 BROLLOKS
29 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
33 KLIPOOG OOR DIE WEEK SE TV

**KUNS EN VERMAAK**

28 HENNING VILJOEN STEL NUWE CD'S BEKEND
30 & 31 MEET THE MAGIC KIDS
32 VIRGINIA KEPPLER, DIE TV-STEL EN DIE STOPHORLOSIE
34 ANDREA VINASSA INTERVIEWS KAROLY PINTER
35 CHARL BLIGNAUT RESENSEER *PLASTICS* EN *VRYGROND*
36 DIE GEWRAAKTE RAU-BEELD RESENSIE VAN SISI
37 ANDREA VINASSA OOR *MALCOLM X*
38 - 40 VRYE KEUSE EN ROLPRENTGIDSE



Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838-5901

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Kepple
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Nicolette Viljoen
**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING):** Lille van der Walt

**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

# so sê hulle

"Vroue se probleme is nie 'n probleem wat deur mans veroorsaak word nie. Dit is 'n probleem van die Skepper self."
**JOSHUA NKOMO,** *Zimbabwiese vise-president, by 'n ontwikkelingseminaar*

"I have met over 130 Nefertitis and Cleopatras, but I have trouble knowing which one is the real one."
**AHMNED ABDEL MAWGOOD FAYED,** *an Egyptian guide who specializes in 'New Age' tours of the pyramids, on his customers who claim to be the reincarnations of ancient Egyptian royalty*

"Wie nie werk nie, mag nie eet nie."
**DR ISAK BURGER,** *president van die Apostoliese Geloofsending (AGS), na aanleiding van die verslag van die Howard-kommissie van ondersoek oor lotery en dobbelary*

"Nobody is applauding. Perhaps you are so undernourished, you are too weak to applaud."
*Russian President* **BORIS YELTSIN,** *jokingly responding to tepid applause given him at a meeting with Moscow students*

"Die hele ding getuig van uiters swak smaak. Dit lui dat ek in my afwesigheid deur die Boere Republikeinse Leër verhoor, skuldig bevind en ter dood veroordeel is omdat ek 'n rasseverraaier is."
**CARL NIEHAUS,** *woordvoerder van die ANC, na hy 'n "doodsertifikaat" in die pos gekry het*

"Know what that means? We're going to wind up with a space station that has a $30 million toilet - and no toilet paper."
*American comedian* **JAY LENO,** *on a recent White House proposal to collaborate with Russia to build a new space station*




"If we could only sit and talk, Mr Mandela."

# het jy geweet?

'n Reusagtige swam wat verlede jaar naby Crystal Falls in Michigan in die VSA ontdek is, is moontlik die oudste en grootste lewende organisme ter wêreld. Die swamgewas, wat tussen 1 500 en 10 000 jaar gelede begin groei het, strek oor meer as 30 akker en weeg sowat 100 ton (omtrent die massa van 'n blouwalvis).

'n Nederlandse dierebeskermingsgroep, Pro Primates, het die eerste vakbond vir ape gestig. Die groep sê hulle gaan nes 'n vakbond te werk om 'n beter lewenspeil en "werkvoordele" vir ape te beding - onder meer 'n vroeë aftrede vir die sowat 1 600 primate wat as proefdiere in Nederlandse laboratoriums gebruik word.



# vrydagoggend
## MET **MAX DU PREEZ**

# Ons gevaarmaande lê voor

**SUID-AFRIKANERS** het 'n gemeenskaplike sug van verligting geslaak toe Chris Hani uiteindelik begrawe en die ergste rou emosie rondom sy sluipmoord gaan lê het.

Sjoe, dit was amper, het mense gesê, en selfs met meer vertroue na die toekoms gekyk in die wete dat die Nuutwordende Suid-Afrika nogal sy krisisse kan hanteer.

Miskien het ons te gou verlig gevoel. Miskien het ons - wel, minstens ekself - die broosheid van ons samelewing en die saambestaan van wit en swart hier onderskat.

Wat ek en ander optimiste dalk nie genoegsaam in gedagte gehou het nie, is dat die temperatuur in die land noodwendig op die vooraand van 'n magsdelingsooreenkoms en 'n verkiesingsveldtog skerp sou styg.

Daar is byvoorbeeld heelwat aanduidinge dat die regse fanatici lankal voorberei om hul gewelddadige kwaad juis in dié tyd waarin ons nou is, te pleeg in 'n poging om te voorkom dat 'n verkiesing gehou kan word.

Die Hani-sluipmoord het toe 'n sluimerende frustrasie onder miljoene swartmense wakker gemaak en die gees van kompromie wat aan die ontwikkel was, aan stukkies laat spat.

Vir die ANC-leierskap was dit 'n groot en onverwagte terugslag. Die volgehoue uittartende militantheid van tweedevlak-leiers soos Tony Yengeni, Peter Mokaba en Harry Gwala is 'n nagmerrie vir die ANC se uitvoerende komitee, en hulle is duidelik onmagtig om dié elemente in die bek te ruk. Nie dat dit maklik is nie, want die eenvoudige waarheid is dat Suid-Afrika ná drie jaar van onderhandelinge nog niks daadwerkliks en konkreets daarvoor kan wys nie. Die ANC-leiers sit dus sonder goeie argumente om teen radikales te kan gebruik.

**EN SOOS 'N SPOOK** wat oor hulle hang, besef die ANC dat hulle dalk vanjaar nog 'n verkiesing sal moet veg en dan gaan hulle elke stem wat eens aan hulle behoort het, nodig hê. Dus: dis nie nou die tyd om ondersteuners te vervreem nie.

Dié week kom die National Education Coordinating Committee (NECC), 'n baie respektabele liggaam wat al baie waardevolle werk gedoen het, met die dreigement dat wit skole en universiteite aan die einde van Mei beset gaan word.

Ons moet almal op ons knieë gaan en bid dat dié onbekookte, onverantwoordelike plan nie uitgevoer gaan word nie. Min ander dinge jaag witmense se vrese - en bloeddruk - so op as wanneer hul kinders se veiligheid bedreig word. En ons weet nou al: of dit nou kriminele is of nie, by die ANC se groot proteste is daar byna altyd ongedissiplineerde elemente wat hand-uit ruk. Wit skoolkinders en studente se lewens sál in gevaar wees. As dié plan uitgevoer word, gaan dit 'n bloedbad wees.

So asof hulle op 'n teken gewag het, kom die groep sogenaamde Besorgdes van Cosag dié week en staan soos 'n kwaai kapokhaantjie voor die ANC en die regering. Hulle, veral Inkatha, voel duidelik erg bedreig daardeur dat die ANC die land geheel en al gedomineer het sedert die Hani-sluipmoord en dat daar 'n wye gevoel is dat daar nou binne weke na 'n skikking gevorder moet word. En wel wetende dat die onderhandelingsklimaat hoogs fragiel is, gooi Cosag sy stok in die onderhandelingswiele.

Die Mandelas, De Klerks, Ramaphosas en Meyers gaan die wysheid van Salomo nodig hê om dié probleem te hanteer.

**COSAG SE LEDE HET** saam waarskynlik niks meer as 15 persent van die nasionale steun nie, maar ons durf nie 'n skikking bereik waarin hulle - veral Inkatha en die wit regses - nie betrek is nie. Dit kan óók 'n nasionale bloedbad ontketen.

Nog is dit het einde niet. Aan die ander kant van die spektrum sit die PAC en wag soos 'n aasvoël dat daar 'n ooreenkoms aangegaan word waarvan hulle nie hou nie, en hulle gooi weer 'n stok in die speke - met dieselfde dreigement: ons sal Apla op julle sit as ons nie ons sin kry nie.

Daar is 'n sterk aandrang binne die ANC dat die regering nou die houding moet inneem dat hulle die twee grootste onderhandelaars is en dat enige ooreenkoms waartoe hulle kom, uitgevoer word - wat die kleiner partye ook al sê. En net om 'n bietjie meer gesag agter dié aandrang te sit, dreig hulle met oorweldigende rolling mass action as die regering nie teen die einde Mei aan al hul eise toegegee het nie.

**DIS SOOS IEMAND** wat 'n sappige been by die agterdeur uitsmyt, en nou sak al die honde op die been toe. Kry net een hond die been, of deel die twee grootstes dit? Of word daar 'n brokkie of 'n lekkie aan die ander kleintjies ook gegun? As hulle nie tevrede is met hulle ou lekkie nie, gaan hulle kef en tekere gaan tot al die slapende honde ook wakker is. En dan is daar moeilikheid.

En dwarsdeur al dié dramas is ons ekonomie stadig besig om verder te kwyn en vertroue word verder ondermyn, wat weer lei tot groter werkloosheid, wat weer lei tot...

G'n wonder nie selfs Afrikaanssprekende professionele mense en sakelui begin toustaan by Westerse konsulate.

Was daar maar tyd om rustig te word en lang vredespype te rook en die kraaines te ontrafel. Maar tyd is die een ding wat ons nie het nie.

Die Here help ons.

# dié week

## 'N LEKKER VOORSKOT

**'N** R3,2 miljoen voorskot is dié week aan 'n skrywer betaal vir 'n onvoltooide boek getitel *Shadow over Babylon*. Bloomsbury Publishing het David Mason R480 000 vir sy eerste boek aangebied. Die filmmaker Cubby Broccoli, bekend as die vervaardiger van die James Bond-films, het die filmregte vir R3,2 miljoen gekoop.

Die boek handel oor 'n komplot om Saddam Hussein om die lewe te bring. Die vorige president van die VSA, George Bush, en die Britse Eerste Minister, John Major, is albei karakters in die boek. 'n Publisiteitsmagnaat wat aan die oorlede Robert Maxwell herinner, is nog 'n karakter.

## ANGOLA: IS DAAR VREDE OF SKIET HULLE NOG?

**HET DIE** vegtende groepe in Angola na drie weke se onderhandelinge in Abidjan aan die Ivoorkus uiteindelik 'n wapenstilstand bereik of het hulle nie?

Terwyl pres Mario Soares van Portugal aan Britse parlementslede gesê het hy het 'n boodskap gekry dat so 'n ooreenkoms geteken is, het die hoof van die Unita-afvaardiging by die onderhandelinge, Jorge Valentim, dit ontken.

"Ons onderhandel en het geen aankondiging om te doen nie," het hy aan wagtende verslaggewers gesê.

Kort daarna het Joao Albuquerque, woordvoerder van die VVO-tussenganger Margaret Anstee, gesê enige verskille kan binne die "volgende paar uur bereik word indien welwillendheid tussen die twee afvaardigings voortduur".

Die regering is steeds skepties oor Jonas Savimbi se aankondiging verlede Dinsdag dat hy tot 'n wapenstilstand toegestem het. Unita was tot dusver net bereid om toe te stem tot 'n tydelike opskorting van die oorlog terwyl politieke en militêre kwessies onderhandel word.

Intussen het Unita 'n verklaring uitgereik waarin die MPLA-regering daarvan beskuldig word dat hy die sogenaamde "Drievoudige Zero-opsie", waarvolgens die invoer van wapens deur die gewapende magte verbied word, eensydig opgeskort het.

In sy verklaring sê Unita die MPLA ontvang wapens van onder meer Brasilië, Israel, Bulgarye en Indië.

Die wapens sluit glo Mig29-vegvliegtuie in, sowel as chemiese wapens en trosbomme. Hulle beskuldig die MPLA daarvan dat hy onlangs trosbomme in 'n lugaanval op Chiva, 'n dorpie naby Huambo, gebruik het waarin mense "heeltemal in stukke geskiet is".

Unita maak voorts die ernstige aantyging dat die MPLA onlangs in lugaanvalle "gaswolke met 'n rooi kleur" op verskillende plekke afgegooi het, wat glo voldoen aan 'n beskrywing van senugas.



VITEZ, Bosnië - Moslems begrawe 90 van hul familielede en vriende in 'n massagraf in Vitez nadat hulle verlede week tydens gevegte in Vitez en Ahinici dood is. Die liggame is tot dié week deur die Kroate teruggehou (Foto: AP)

## A TRAGIC DAY FOR ZAMBIA



(Foto: AP)

**ZAMBIA** lost the cream of its soccer players this week when the national soccer team - all talented young players - was wiped out in the air crash on Wednesday, minutes after the Zambian Military Air Force C-115 plane in which they were travelling took off from Gabon.

All 18 players, including five officials and crew members died in the accident - believed to have been caused by an engine failure. Three of the 18 dead players were based in South Africa, having helped Lenasia Dynamos to become one of the top local teams in the National Soccer League.

The Zambian team was considered a favourite for one of the African spots in the World Cup finals due to be hosted by the United States next year and were also at the top of group D in the African Nations Cup.

The team was to play Senegal in the Group H of the African World Cup qualifying competition when the disaster occurred. The world soccer controlling body, Fifa, has expressed its "immense sorrow" at the tragedy and asked all countries scheduled to play World Cup matches this week to observe a moment of silence before all the kick offs.

Zambia's game against Senegal which was due to be played on Sunday has now been indefinitely postponed.

* The South African Football Association will hold a memorial service at the FNB stadium on Wednesday in honour of the Zambians who gave South Africa a swift 1-0 defeat in Group D of the Africa Nations Cup last year.

-WALLY MBHELE

## YELTSIN SE JA WAS 'SOSIOLOGIES'?

**DIE** uitslag ten gunste van Russiese president Boris Yeltsin was nie die grootste verrassing van Sondag se referendum nie. Die steun wat aan sy ekonomiese hervormings toegesê is, het méér verras.


Die meeste politieke ontleders was dit eens dat armoede die meerderheid Russe moontlik sou noop om eerder teen Yeltsin se omstrede ekonomiese beleid te stem. Meer as 50 persent stemme ten gunste daarvan is egter uitgebring. En 58 persent Russe het hul vertroue in Yeltsin se presidentskap verklaar.

Yeltsin se konserwatiewe teenstander in die Russiese parlement, Ruslan Khasbulatof, het Maandag gesê propaganda in die media het die uitslag beïnvloed. Nog 'n Nee-proponent, Alexander Rutskoi, die vise-president, het verklaar dat die stem "slegs sosiologies" was.

Pravda, dekades lank die mondstuk van die kommuniste, het nie eens die uitslag verstrek nie - hulle het wel genoem dat Yeltsin se ondersteuning tot 'n derde van die kiesers gedaal het.

Yeltsin se kamp sê dit baan die weg vir wye grondwetlike verandering. Hulle meen sy teenstanders is ná dese irrelevant.

Ontleders meen die uitslag het nie die politieke krisis in Rusland beëindig nie - die meerderheid stemme is te onbeduidend.



(Foto: SALLY SHORKEND)

Drie ou vryheidstryders van Suider-Afrika: Walter Sisulu, die ontslape ANC-voorsitter, Oliver Tambo, en die gewese president van Zambië, Kenneth Kaunda. Die foto is tydens die Hani-begrafnis, Tambo se laaste openbare optrede, geneem. Tambo word Sondag begrawe.

## UITSPRAAK VAN DIE WEEK

**DIE ANC** se ontslape president, Oliver Tambo, is nie aan natuurlike oorsake dood nie, maar is "deur die regime vermoor", het die ANC se Wes-Kaapse sekretaris, Tony Yengeni, dié week by die Universiteit van Wes-Kaapland gesê.

Verleë ANC-woordvoerders in Johannesburg moes later probeer verduidelik dat Yengeni miskien bedoel het dat die stres van die Hani-begrafnis tot Tambo se dood gelei het.

Yengeni het vir die derde agtereenvolgende week die ANC-leierskap uitgedaag: "We must strengthen our mass-based structures because it is a dangerous mistake to leave your future in the hands of leaders of the organisation," het hy verklaar.

## GELD VIR CAHORA

**PORTUGAL** het dié week R75 miljoen aangebied om te help met die herstel van die kraglyne wat Mosambiek se hidro-elektriese skema by Cahora Bassa met Suid-Afrika verbind. Portugal het die dam in die 1970's gebou toe Mosambiek nog een van hul kolonies was. Die dam is sedertdien 'n peperduur wit olifant, want Renamo het die kraglyn van 900 kilometer gereeld en op talle plekke gesaboteer. Portugal skuld nog R2,2 bn aan buitelandse lenings op die dam.

## JOERNALISTE STAAN SAAM

**JOERNALISTE** het Dinsdag 'n protesoptog in Sharpeville gehou. Dit volg op die koelbloedige moord op Calvin Thisago, 'n CCV-joernalis, in Sharpeville verlede Vrydag. Die kameraman saam met hom, Dudley Saunders, is ernstig beseer deur 'n groep onbekende aanvallers.

Intussen is Sam Msibi, 'n Worldwide Television News-kameraman, Maandagaand in Thokoza geskiet.

Joernaliste wat lede van organisasies is wat by die Campaign for Open Media geaffilieer is, het deelgeneem aan die optog uit protes teen Thisago se moord. Plakkate soos "Don't kill your lifeline to information" en "Protect us, don't kill us" is gesien.

Sedert die sluipmoord op Chris Hani was daar 40 aanvalle op joernaliste, het Dirk Hartford, die president van SAUJ, in sy toespraak gesê.

The Media Workers Association of South Africa (MWASA), the South African Union of Journalists (SAUJ) en the Association of Democratic Journalists (ADJ) was teenwoordig.




## GAYS BEKOMMERD OOR DIÉ BEVINDINGS



Aktiviste vir gay-regte vergader vir 'n optog Sondag deur Washington. Die driehoek op die vlag is die simbool van die gay-regte beweging. (Foto: AP)

**'N NUWE** meningspeiling oor die seksuele gewoontes van Amerikaanse mans het 'n hele paar opskuddings veroorsaak. Nie omdat die bevindings skokkend was nie, maar juis omdat dit heelwat persepsies oor promiskue seksuele gewoontes die nek ingeslaan het.

Die opname waarin 3 321 Amerikaanse mans tussen 20 en 30 uitgevra is oor hul seksuele aktiwiteite, is gedoen deur vier navorsers by die Battelle Human Affairs Research Centers in Seattle en gepubliseer in die jongste uitgawe van *Family Planning Perspectives*, die joernaal van die Alan Guttmacher-instituut.

Van die bevindings wat die meeste mense eintlik maar sal laat gaap, is dat die mediaan van die aantal seksmaats wat 'n Amerikaanse man in sy leeftyd het, 7,3 is. (Die gemiddeld is 16,2.) Meer as 'n kwart van die mans het gesê hulle het nog net drie of minder bedmaats gehad, terwyl amper 'n kwart gesê het dat hulle al 20 of meer gehad het.

Die bevinding wat egter heelwat mense laat regop sit het, was die vraag oor homoseksuele aktiwiteit.

Van die mans wat hulle gevra het, het net 2,3 persent gesê dat hulle homoseksuele seks gehad het die laaste 10 jaar en slegs die helfte van dié groep (net meer as 1 persent van die totaal) het gesê hulle was eksklusief gay in dié tydperk.

Vir jare is gemeen dat omtrent 10 persent van die bevolking homoseksueel is. Dié geloof is gekoester na die Kinsey-verslag in 1948 gepubliseer is. Verskeie meningsopnames die laaste paar jaar het egter 'n veel laer persentasie bevind.

Maar die Kinsey-verslag het nie gesê 10 persent van die bevolking is homoseksueel nie, dit het bloot gesê 10 persent mans is eksklusief homoseksueel vir ten minste drie jaar van hul lewe tussen 16 en 55-jarige ouderdom.

Nou is gay-regte groepe in die VSA baie bekommerd dat hulle mag baie sal afneem as daar aanvaar word dat hulle namens 'n veel kleiner segment van die bevolking praat en boonop het Christelike groepe vinnig gespring om die Battelle-bevindings te bekragtig.

## SIT DIT AAN, SIT DIT AAN!

**DIE** besluit om lisensies vir nuwe radiostasies in Suid-Afrika toe te staan, is vir eers uitgestel totdat 'n owerheid vir onafhanklike uitsaaiwese (OOU) saamgestel is wat die kriteria en die aantal lisensies wat toegelaat sal word, kan oorweeg.

Intussen het die Departement van Binnelandse sake byna 100 aansoeke vir radio-lisensies ontvang, in afwagting op die totstandkoming van die OOU, wat tydens die veelparty-onderhandelinge bespreek sal word.


Volgens Peter Soal, DP-LP, sal 'n tegniese komitee saamgestel word wat binne die volgende paar dae ontwerpwetgewing oor die uitsaaiwese sal begin bespreek.

Indien al die onderhandelaars saamstem kan wetgewing hieroor voor die einde van Mei deur die parlement gevoer word.

Soal sê die meeste mense in die land het nie toegang tot televisie nie en daarom is radio 'n baie belangrike kommunikasiemiddel, veral om die boodskap van politieke partye aan mense in plattelandse gebiede oor te dra.

"Gemeenskapsradio sal 'n baie belangrike rol speel in die opvoeding van mense oor verkiesing en daardie tipe radiostasies kan teen 'n baie lae koste bedryf word."

Volgens die Departement sal die aantal radiostasies wat kan uitsaai, afhang van die beskikbare golflengtes en dit behoort voldoende te wees vir al die land se behoeftes.



MILAAN, Italië - Polisievroue, tralies, lemoene en hope omkoopgeld is altyd in die nuus in Italië, maar nou het dit versierings geword vir 'n nuwe Italiaanse styl wat deur Habitat Italiana, 'n meubelwinkel naby Milaan, bekendgestel word. Dié nuwe mode moet natuurlik in verband gebring word met die regters van Milaan se "mani pulite" (skoon hande) ondersoek. (Foto: AP)

## TUBERKULOSE-SLAGTING VOORSPEL

**ALTESAME** 36 mense sterf daagliks aan tuberkulose (TB) in Suid-Afrika - een elke 40 minute. Dít is een van die skokkende feite wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose-vereniging (Santa) onlangs bekend gemaak het. En elkeen van dié sterftes is onnodig, want TB kan voorkom en genees word.

Dalk is dit juis dié feit wat gesondheidsowerhede wêreldwyd in 'n valse gerustheid terug laat sit het oor dié aansteeklike siekte. En vir dié terugsit betaal die wêreld nou 'n baie duur prys.

In Suid-Afrika alleen is in 1992 altesame 80 000 nuwe TB-gevalle aangemeld en wêreldwyd word jaarliks tussen 2,5 tot 3,2 miljoen nuwe gevalle aangemeld. Dr Bernard Fourie van die Mediese Navorsingsraad het verlede week by die 75ste kongres van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) gesê omtrent 'n derde van die wêreld se bevolking (2 miljard mense) is besmet met die TB-bakterie *(Mycobacterium tuberculosis)*.

Die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) van die VVO voorspel nou 'n tuberkulose-slagting. Die voorkoms van TB het wêreldwyd reeds met 25 persent toegeneem. In Afrika is die dubbele besmetting met sowel die TB-bakterie as die HIV-virus die hoogste ter wêreld - 77,8 persent van die totale aantal dubbel-infeksies wêreldwyd.

En dié probleem kan baie erger wees, sê Fourie, want daar bestaan geen twyfel nie dat die getal aanmeldings in Afrika baie laer is as die werklike situasie. In 1990 reeds is daar beraam dat 1,16 miljoen mense in Afrika besmet is met die bakterie.

Fourie sê HIV-besmetting, die verspreiding van 'n variant van die virus wat veelvuldige medikasieweerstand bied en die onvermoë van gesondheidsdienste om genoegsame beheerprogramme te implementeer, is die grootste redes vir die onlangse styging in die voorkoms van dié siekte.

Veelvoudige medikasieweerstand van 'n variant van die M-tuberkulose virus, sê Fourie, moes nooit ontwikkel het nie en die onoordeelkundige gebruik van medisyne is feitlik uitsluitend te blameer.

As middels teen tuberkulose reg gebruik word, raak dit ontslae van al die bakterieë in die liggaam, maar dan moet verskeie middels gereeld geneem word oor die verloop van omtrent ses maande. Gebeur dit wel, kan tot 90 persent van gevalle van gewone TB genees word, sê Fourie.

Wat egter dikwels gebeur, is dat medisyne vir 'n kort tyd of net sporadies geneem word, veral onder werkloses, hawelo-ses, armes en mense wat nie gereelde toegang het tot gesondheidsdienste nie. In dié gevalle word slegs die kwesbaarste bakterieë vernietig, terwyl die meer gehardes oorleef en vermeerder om 'n nuwe generasie te vorm wat baie moeiliker is om te behandel.

Sou die variant wat veelvoudige medikasieweerstand bied vinnig versprei, sê Fourie, kan dit ontwikkel in 'n onbeheerbare epidemie. En dié gevaar, sê hy, het nou 'n realiteit geword in verskeie wêrelddele, veral onder mense wat met HIV ook besmet is. - ESMA ANDERSON

## ANOTHER MATRIC DISASTER?

**IF** the more than 60 days already lost this year in disruptions at black schools is any indication, yet another year of black matric disaster is in sight.

The government's tardiness in negotiating a new education dispensation and the lip service paid to the "back to school" campaign at the begining of every school seem to be mainly responsible for the chaos in black education.

This week the National Education Coordinating Committee announced it would start a campaign of "mass" occupation of white schools on May 26 to press ahead with its demands for an end to the unilateral restructuring of education, the establishment of a national negotiating forum and the scrapping of matric examination fees.

Speaking at the press conference on Wednesday, the NECC's Amon Mosane said all white educational institutions which still upheld the status quo will be targeted in a campaign which would "knock sense into the government's head".

Announcing that the campaign will exempt those white schools and colleges which uphold "the struggle for integration", Mosane said his organisation was already drawing up a short list of schools to be targeted.

This drew a sharp response from the chairman of the National Peace Accord, John Hall, who expressed fears that the campaign would lead to unnecessary tension and violence.

Hall said he understood education can only be changed through broad and inclusive consultation. To this end, said Hall, he was convinced by a recent announcement in Parliament by the Minister of Education Piet Marais that extra parliamentary and expert bodies will participate in shaping a new education policy.

Right-wing organisations have already warned of a backlash should the campaign reach their schools and Marais has hinted that he would call for police support to protect schools. - WALLY MBHELE

## DIS NIE JOU MAAN NIE

**ALMAL** weet teen dié tyd die maan behoort aan die Amerikaners. Besitreg is eenvoudig om te bewys: Amerika was eerste daar en het hul vlag op dié onbewoonde stuk klip geplant.

Maar met al hoe meer lande wat die ruimte betree, is daar ander dinge wat nie so maklik is om op te klaar in die groot verskiet nie.

Soos: Sê byvoorbeeld 'n paar lande besit saam 'n ruimtestasie, wat sal die nasionaliteit wees van 'n baba wat daar gebore word?

Namate die teenwoordigheid van mense in die ruimte toeneem, moet daar natuurlik wette wees wat hul optrede en bedrywighede daar beheer - dinge soos besitreg, kontrakte, hoe om oortreders te vervolg, asook die bepaling van die nasionaliteit van ruimtebabas.

Volgens die jongste uitgawe van *Omni* is die ruimtereg 'n nuwe veld - daar is egter reeds 300 prokureurs in Amerika wat hul toespits op die ruimtereg - wat veral steun op 'n kombinasie van internasionale verhoudinge, patent- en eiendomsreg.

Hoewel die ruimtereg sy beslag gekry het in 1958 met die totstandkoming van die National Aeronautics and Space Administration in die VSA, het dié land tussen 1967 en 1976 vyf internasionale handfeste opgestel wat onder meer stel: alle mense het gelyke toegang tot die ruimte; 'n ruimtevaarder of -toerusting wat per ongeluk in 'n ander land te lande kom, moet aan die lanseerland terugbesorg word; lande is verantwoordelik vir alles wat hulle lanseer; alles wat ruimte toe gaan, moet geregistreer word; en die maan en ander liggame in die ruimte is die erfenis van alle mense en word deur almal gedeel.




# *Wit Wolf Strydom aan die wêreld:*

# 'Dit het my goed laat voel. Ek sal dit weer doen'

In November 1988 het Barend Strydom met 'n rewolwer in sy hand op Strijdomplein in Pretoria rondgestap en 22 swartmense platgeskiet. Sewe van hulle is dood, verskeie ander vir die res van hul lewens vermink. 'n Regter van die Hooggeregshof het hom agt keer ter dood veroordeel, maar vier jaar later het die regering dié simbool van rassehaat ingevolge 'n amnestie vrygelaat. Sedert sy vrylating het hy sy Wit Wolwe-organisasie uitgebrei en al meer aktief in die fanatieke regse politiek geraak. Dié week het miljoene Australiërs gesien hoe hy op Strijdomplein met 'n breë grinnik aan Alan Hogan van die gewilde *Sixty Minutes*-program uitwys wie hy waar geskiet het en hoe goed hy gevoel het terwyl hy die swartmense uitgemoor het. Hy sal dit weer doen, het hy laggend gesê. Dit is sekerlik een van die mees afstootlike nuusprogramme wat nog in Suid-Afrika gemaak is - só weersinwekkend dat M-Net voorlopig besluit het om dit nie te beeldsend nie. **MAX DU PREEZ** het na die program met die titel *No Regrets* gekyk

**ALAN HOGAN** se bekende gesig verskyn op die skerm met 'n agtergrond van 'n swartman wat doodgeskiet word en 'n groot rewolwer op die voorgrond. Hogan sê: "To some South Africans he is a hero, to others a psychotic killer," en verduidelik wat hy gedoen het en hoe hy politieke status gekry het.

Dan vul Barend, natuurlik in kakie geklee, se gesig die skerm en Hogan vra: "Barend, do you consider yourself a hero, or a psychotic killer?"

Strydom antwoord in Afrikaans, met 'n Engelse stem bo-oor: "Ek beskou myself as 'n Boere-vryheidsvegter en 'n soldaat vir my God, my volk en my vaderland."

Hogan stap dan saam met Strydom deur Strijdom-plein. Swartmense sit oral op banke rond. Die kamera wys waar Strydom geld in die parkeermeter gooi, en Hogan sê: "He was planning murder, but ever so calmly. He even remembered to feed the parking meter. It was just after lunch and office workers were just drifting back to their desks. Pistol in hand, Strydom began his carnage in this leafy garden at the side of the square."

**DIE KAMERA WYS** die twee saam in die tuingedeelte van die plein, en Hogan vra: "Were you running or walking when you got to here?" Strydom antwoord in sy gebroke Engels: "When I come here, I was walking and I actually shot the first black there" (wys uit met vinger en glimlag).

"How far away were you?"

"Just about..."

"Three or four metres?"

"Yes. Then I walked on this road until there (wys weer met vinger.) So I actually shot another black here..."

"This was the chap that was eating the hamburger?"

"Ja, he was eating a hamburger and he didn't felt that I actually shot him. He smiled at me. So I shot him afterwards in the stomach."

"Then what?"

"Then I shot another one here." (Wys weer met sy vinger uit.)

"That's three so far?"

"Ja, that's three so far."

Die kamera zoem nader aan 'n swart man en vrou wat op 'n bank sit en hande vashou, en Hogan sê: "You see these couple of blacks sitting here now?"

"Ja?"

"Would you like to shoot them?"

Strydom lag. "Other times, yes."

**DIE TWEE STAP** tot by die sypaadjie, en die kamera wys al die swartmense wat verbystap. 'n Man nader Strydom en skud sy hand. Hogan vra wie hy is, en Barend sê: "I don't know him, but he is a fan." Die man stel homself voor as Gert Buitendag.

Hogan vra vir Buitendag: "What were you telling him?"

Buitendag: "I was telling him congratulations for what he had the guts to do."

"You are saying it was the right thing?"

"Ja," sê hy met 'n breë glimlag terwyl Strydom trots sy hand skud.

Hogan en Strydom stap dan met die straat af. Strydom steek vas en sê: "When I come here, I find a white woman sitting in a car and her two children. So I see a black man standing here, so I pulled him away and I shot him here."

"So you pulled him away from the car to shoot in this direction?"

"Yes, in this direction so that I don't hurt the whites that are sitting in the car."

"What would you have done if you had actually shot a white?"

"It would be a disaster."

Hogan se stem sê dan oor die kameraskote van swart mense in die strate: "By this stage Strydom had shot five victims in the square. He went on to claim another six while walking down the street. Men, women, council workers, flower sellers. To him it mattered not, so long as they were black."

Dan skuif die kamera dat Hogan en Strydom se gesigte albei in die skoot is. Hogan vra: "Were you feeling good?"


Strydom antwoord glimlaggend: "Yes, I was feeling very good, yes."

"Would you like to do it again?"

"Not in a normal situation, but otherwise yes."

**DAN VOLG DIE** bloedstollendste oomblik van die dokumentêr.

Hogan sê aan Strydom: "Tell me this: If I could give you a gun now, would you like to go and shoot those blacks over ▶



## He was eating a hamburger and he didn't felt that I actually shot him. He smiled at me. So I shot him afterwards in the stomach

there?" (Hy wys na waar swartmense op 'n bank sit)?

Strydom, sy wit tande wat wys in 'n breë glimlag en sy neus opgekreukel van lekkerkry, antwoord: "Definitely yes."

Die kameraskoot verskuif dan na een van vyftien oorlewendes in die hospitaal wat nooit weer kan loop nie. Die man, 'n 44-jarige vader van twee, sê Strydom het geglimlag toe hy hom geskiet het.

Dan wys die kamera weer vir Hogan en Strydom, en Hogan vra: "What if you had killed a black policeman, who was off duty, a supporter of your regime, effectively?"

Strydom bars uit van die lag. Hogan sê streng: "Barend, this is not a funny matter at all. You are a murderer. It is not a funny matter, it is not something to laugh about, surely?"

Strydom se glimlag stol ietwat, en hy antwoord: "Hy sou in dieselfde kategorie val as die ander swartes."

**DAN VERSKUIF DIE** toneel na Strydom se kinderjare, plakboekfoto's en al, en 'n gesprek met sy pa, Nic, wat sê: "I was very proud of him, I still am."

Hogan: "Still proud of him today?"

"Ja."

"He appears to have no regrets about what he did. Do you have any regrets?"

"No, I don't. Because I think what he did was the right thing at the right time."

Hogan gesels dan met dr Irma Labuschagne, die kriminoloog wat Strydom ondersoek het.

"Dr Labuschagne, this fellow seems quite a nice man when you first meet him."

"All violent murderers that I know are very nice people. They all seem that way. You would not know in the way they relate towards you how cruel they can be."

"He says this was a political act; that he was a warrior, fighting a war."

"Would you take the politics of people in asylums for the insane seriously?"

"That is the way to look at him, is it?"

"That's the way I would see this."

Die toneel verskuif nou na 'n regeringskantoor waar die kabinet se media-woordvoerder, Dave Steward, ondervra word. Steward sê: "We let him go because it was part of the whole process of getting negotiations going with the ANC. So we had a principle that if a crime had been committed with a political motive before the ninth of October 1990, then that person qualified for amnesty, whether he was white or black, ANC or this guy Barend Strydom."

Hogan: "But surely a man who walks down the street shooting blacks at random is not following any recognised political philosophy?"

"I think he did it with a political motive. It is very difficult to assess what a political motive is. But we had to lay down a clear principle, even though it meant releasing reprehensible people across the spectrum."

**DIE KAMERA GAAN** terug na dr Labuschagne, en Hogan vra: "Can you see him doing it again now that he is out?"

Labuschagne antwoord: "He himself has said so, and the things he does these days, yes, I do believe he may commit other murders."

Dan is die toneel terug by Steward, en Hogan speel 'n bandopname van sy gesprek met Strydom waar hy sê hy sal die swartmense skiet as hy 'n geweer het.

Steward reageer: "This is disgusting. But you see, what do we do? Do we hold up the whole constitutional process for one person who is a gook?"

Die kamera keer terug na Strydom, en Hogan vra: "Tell me, do you still have a gun?"

Strydom lag en na 'n oomblik se aarseling sê hy: "Nee."

"Now tell me again and this time tell me the truth. Have you still got a gun?"

Strydom lag harder. "Nee."

"But?"

"Maar as ek een wil hê, kan ek een gaan koop..."

**DAN ONTMOET HOGAN** vir Strydom en sy vrou, Karen, saam op die plaas. Hogan vertel hulle wil sewe kinders hê, want hulle glo Suid-Afrika het meer witmense nodig. Karen is aan die woord: "I think he is a very normal person."

"Do you love him?"

"Yes, I love him."

"Would he make a good father?"

"Yes, no, he loves children also."

"Are you proud of what he did?"

"It is part of the struggle."

"But are you proud of it?"

"I don't want to brag about it, that's not the way we do it."

Die kamera wys dan Strydom se fort-agtige huis met verskeie bekakiede manne in klapmusse en gewere. Hogan vra die een om 'n skoot af te skiet, maar die man sê nee, net as sy leier opdrag gee. Hogan verduidelik dat dit lede van Strydom se organisasie, die Wit Wolwe, is.

Dan draai die kamera terug na Strydom en Hogan vra: "Do you have any regrets?"

Strydom antwoord: "Nee, 'n mens kan net jammer wees as jy iets verkeerd gedoen het. Ek het nooit iets verkeerd gedoen nie."

"Well, would you do the right thing again?"

"In 'n gegewe situasie, ja."

## KOMMENTAAR

### Strydom moet tronk toe

As enigiemand nog enige twyfel gehad het, het Barend Strydom dit self dié week uit die weg geruim: as hy weer 'n kans kry, sal hy weer swartmense voor die voet afmaai net omdat hulle swart is.

Strydom se bloedstollende woorde oor hoe goed hy gevoel het toe hy die 22 swartmense op Strijdomplein afgemaai het en dat hy hoegenaamd geen berou het nie, is vandeesweek deur die beroemde dokumentêre program *Sixty Minutes* die wêreld ingestuur.

Dié aanstootlike tonele is bloot die kulminasie van weke en maande se rassistiese en uitlokkende uitlatinge en dade deur 'n man wat op parool is nadat hy agt keer die doodstraf gekry het.

In min ander lande is dit moontlik dat só 'n monster nie net vry kan rondloop nie, maar toegelaat word om 'n para-militêre groep te lei en te organiseer.

Die regering behoort nou iets te doen wat die Nasionale Party-regerings nog nooit graag gedoen het nie: om te erken dat Strydom se vrylating 'n bitter groot fout was.

Die logika agter die vrylating, soos in die video deur Dave Steward verduidelik, was dat Strydom 'n "politieke motief" gehad het, en dat "politieke misdade" voor 'n sekere datum in die belang van onderhandelinge vergewe moet word. Daarom is moordenaars aan die ander kant van die spektrum, soos Robert MacBride, ook vrygelaat.

Die probleem hier is natuurlik dat die ANC se "politieke misdadigers" geweld gepleeg het omdat hulle vir stemreg en 'n nie-rassige, demokratiese gemeenskap geveg het - doelstellings wat alle groot politieke partye en seker 90 persent van die land se burgers nou ondersteun. Hul geveg is nou oor: hulle gaan kry waarvoor hulle geveg het.

Strydom se stryd is téén die demokrasie en téén 'n regverdige, oop gemeenskap. En hoe nader Suid-Afrika aan 'n demokrasie beweeg, hoe groter word die rede waarom hy sy stryd moet voortsit.

Hoe kan die politieke leiers van Suid-Afrika vandag 'n gefrustreerde swart jeug of die militantes in die PAC en Apla aanspreek oor hul bitterheid jeens witmense as die Barend Strydoms steeds los rondloop en hul rassistiese gif versprei?

Barend Strydom moet teruggestuur word tronk toe. Hy moet daar sit vir die res van sy lewe. Die departement van Justisie of Korrektiewe Dienste sal moet uitwerk hoe, maar dit kan nie langer uitgestel word nie.


Suid-Afrika kan 'n vry Barend Strydom en die simboliek rondom hom nie langer bekostig nie.

# wie gaan nou die kakebeen swaai?

Wie in die Konserwatiewe Party gaan AP Treurnicht se skoene volstaan? Die vuurvreter Ferdi Hartzenberg *("wat nie die charisma van 'n dooie vis het nie")* of die hoflike Pieter Mulder *("wat net so besluitloos soos Treurnicht is")*? **INA VAN DER LINDE** berig oor die leierskapstryd



Dr AP Treurnicht... wie gaan sy skoene volstaan?



Ferdi Hartzenberg... die regte man op die regte tyd?



Pieter Mulder... die antitese van Hartzenberg

**"NOU'S** dit tyd vir 'n Simson," sê 'n KP-man kort na die begrafnis van dr AP Treurnicht in Pretoria. "Iemand wat met 'n esel se kakebeen leeus kan doodslaan."

En die kakebeenswaaier, is die duidelike implikasie, kan net een man wees: dr Ferdi Hartzenberg, uitgesproke vuurvreter van Lichtenburg en waarnemende leier van die Konserwatiewe Party.

Dié opinie is herhaaldelik die week in KP-kringe gehoor. "Cometh the time, cometh the man," lyk dit. Selfs dr Pieter Mulder, die hoflike en welsprekende antitese van Hartzenberg, wat genoem word as die ander mededinger om die troon, meen glo Hartzenberg is "die regte man op die regte tyd".

Mulder self glimlag net oor bewerings dat hy nie aan 'n leierskapstryd teen Hartzenberg gaan deelneem nie. Geen kommentaar in die stadium nie, sê hy. Maar sy ondersteuners meen indien hy op die kongres wat binne die volgende paar weke byeen sal kom om 'n nuwe leier te kies, teen Hartzenberg as leier genomineer word, hy sal trustaan. Hulle werk daarvoor dat Mulder dan as onderleier verkies word om die radikale Schalk Pienaar uit te hou en om die verdeeldheid binne die party te besweer.

'n Woordvoerder van die Afrikaner Volksunie (AVU), wat laasjaar onder leiding van Andries Beyers van die KP weggebreek het, meen ook Mulder sal nie in die stadium waag om teen Hartzenberg te staan nie. "Daar is duidelik twee strome in die KP: die Mulder-faksie wat gematigd is en sal deelneem aan 'n oorgangsraad al sou dit selfs een-mens-een-stem behels, teenoor die Eugene TerreBlanche-groep wat glad nie wil onderhandel nie."

Die AVU-man, wat naamloos wil bly omdat hy nie die saak tussen die gematigdes in die KP en sy party wil beduiwel nie, meen egter as Mulder die moed sou hê om teen Hartzenberg te staan, die kanse goed is dat die kongres hom sal kies.

"Hartzenberg het nie die charisma van 'n dooie vis nie," sê hy.

**DIE KONGRES, WAT** glo meer gematigd is, kies die leier, terwyl die hoofraad die onderleier kies. Die hoofraad, wat bestaan uit die koukus en verteenwoordigers van afdelingsbesture, is oorgeneem deur die meer radikale KP's. Dit beteken ook dat Mulder in die stryd om die onderleierskap teen Pienaar kan verloor. Maar as dít gebeur, is daar 'n kans vir 'n skeuring, word gesê.

Mulder se opponente bestempel hom as 'n "tipiese Treurnicht-tipe leier: intellektueel, hoflik, aanvaarbaar vir die breë front, en net so besluitloos. Wat beteken dat hy tot in der ewigheid kompromieë sal aangaan - en die KP is siek en sat daarvoor."

Hulle verkies Hartzenberg wat die beeld van 'n kragdadige regse het en wat hulle hoop nie gaan toegee as dit kom by 'n volkstaat wat bestaan uit 'n eie soewereine grondgebied en selfbeskikking vir Afrikaners nie.

**DIE KWESSIE VAN ONDERHANDELING** hou ten nouste verband met die leierskapkwessie. Hartzenberg-ondersteuners en regses soos Jaap Marais, leier van die HNP, hoop nog die KP gaan onttrek uit die onderhandelinge en na die boesem van die ver-regses terugkeer wat teen enige vorm van onderhandelinge gekant is.

Soos Marais dit stel: "Hartzenberg se steun berus uitsluitlik op sy ver-regse beeld. Daardie steun gaan hy verloor as die KP bly onderhandel. 'n Mens onderhandel nie oor jou beginsels nie. En hoe onderhandel jy met 'n vyand wat jou beginsels vyandiggesind is en wat juis deur onderhandeling ander beginsels in die plek daarvan wil stel?"

Deur regse konsolidasie hoop hy kan die regering gedwing word om 'n algemene verkiesing net vir wittes uit te roep, wat hy glo hulle kan wen. As De Klerk nie hieraan gehoor gee nie, het die wittes 'n gegronde grief en dan kan hulle "met ander middele veg as hy hulle van hul demokratiese reg ontneem".

Vir baie klink dié hoop op 'n algemene verkiesing om die regses se bas te red alte veel na 'n laaste strooihalm.

Buitendien, glo Mulder-ondersteuners, is Hartzenberg veel meer pragmaties as die beeld van 'n aartsverkrampte wat aan hom toegedig word.

Aan VWB is gesê: "Hartzenberg is te intelligent en sy politieke gut-feeling te sterk om sommer uit die onderhandelinge te loop. Die besluit berus ook nie net by hom nie, maar dis 'n besluit van die kongres.

"Die KP is 'n groot en demokratiese party. In 1982 toe ons uit die NP is, was daar so 'n weerstand teen PW Botha se diktatorstyl dat ons ons eie grondwet byna ge-oordemokratiseer het. Die besluit kan nie sommer so omgekeer word nie. Boonop was Ferdi baie nou betrokke by die gesprekke met die Concerned South Africans (Cosag). Hy voel hom verbonde aan die besluite wat daar geneem is."

Dr Johan Kirsten van die Departement Politieke Wetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, sien ook nie 'n dreigende skeuring in KP-geledere nie.

"Ek glo dat hulle aan die onderhandelinge sal bly deelneem nie om hul doelwit te bereik nie, maar om kort- en middeltermyn nie-ooreenkoms-doelwitte te bereik."

Daarmee bedoel hy die KP sal deelneem nie omdat hulle so graag 'n verkiesing wil hê nie, maar eerder om binne Cosagverband as party deel van die struktuur te wees ten einde inligting te kry - om die water te toets vir hul standpunte eerder as om buite te sit en daarvan beskuldig te word dat hulle nie wil deelneem nie.

Maar die AVU-woordvoerder sien sake anders. Hy sê die radikales neem net deel om een rede en dit is om die onderhandelinge so gou as moontlik te laat misluk en dan 'n verskoning te hê om te begin skiet. "Hulle sal enige moontlikheid om die onderhandelinge te laat misluk of te vertraag, aangryp. Die dilemma is net: kies hulle die TerreBlanche-opsie is hul deelname aan die hoofstroom-politiek dalk vir altyd daarmee heen."

Die COSAG-Alliansie het sekere moontlikhede, maar op die oomblik is ook hier emstige probleme. Indien die partye ►

in Cosag sterk sou druk vir maksimum streeksoutonomie is daar 'n kans dat hulle iets kan beding, maar terwyl die tuislande en onafhanklike gebiede reeds sekere afgebakende grondgebiede het, het die KP nog nie gekom met voorstelle waarin hulle hul grense vasgestel en hul gebied afgebaken het nie, sê Kirsten.

"Hulle moet nou binne die onderhandelinge inklim en daarvoor veg en nie agterna kom met afskeidingsgedagtes nie, want dan is dit te laat. As KwaZulu byvoorbeeld agterna sou kom met afskeiding sal daar 'n soort Biafra-situasie ontstaan waar hulle eenvoudig met geweld teruggedwing sal word."

Prof Marinus Wiechers, grondwetkundige aan Unisa wat optree as raadgewer vir die KwaZulu-regering, deel dieselfde kommer. Terwyl hy self glo aan 'n soort streeksbedeling, lyk dit of die KP blykbaar vasgeval het in die ideaal van 'n konfederasie en die ander deelnemers opjaag om ook dié ideaal na te volg.

"Hulle is nou terug by die oudste en mees gediskrediteerde konsep van 'n konstellasie van state in plaas daarvan om te veg vir sterk streeksoutonomie. Hiermee word die Cosag-mense net terug in hul hoeke gedryf.

"Dit lyk of die KP vir KwaZulu, Bophuthatswana en Ciskei voordruk oor konfederasie, maar self kom hulle nie met 'n woord oor wat hulle wil hê nie. Hulle kom nie met inhoud oor wat met selfbeskikking bedoel word nie. Van watter grondgebied praat hulle, hoe moet dit lyk, watter strukture moet dit hê?

"Terwyl die KP by die onderhandelinge beland het met die aanmoediging van die swart leiers in Cosag, is ek bevrees hulle het nou 'n meulsteun om die nek van die Cosag-groep geword.

"Ek dink trouens die KP probeer om nie self te onderhandel nie, maar deur agente soos Bophuthatswana en KwaZulu en dan gaan die ding op 'n breukspul uitloop. Die KP sal dan kan sê: 'Jammer mense as hulle loop, loop ons ook.'"

**WIECHERS SÊ HY** kry die indruk dat die KP besig is met 'n massa Masada-selfmoord. Hulle wil hê die onderhandelinge moet misluk. En wat dan oorbly, is om die land in totale chaos te dompel en selfs om moontlik te begin skiet.

Ook dr Bertus de Villiers, grondwetlike kenner van die RGN, meen die onderhandelingsproses het die KP agtergelaat. Die KP is nie gereed om enige bedeling te betree wat nie gegrond is op 'n suiwer blanke bedeling nie.

"Die KP is steeds besig om hom strategies te posisioneer binne 'n blanke politieke bedeling en dié posisie laat hulle nie toe om insette te maak en nuwe gedagtes te formuleer nie."

Dié ding kom 'n lang pad, sê De Villiers. Die politieke proses het in Desember 1991 'n intellektuele fase betree en die KP het ongeag hul deelname aan informele en nou formele gespreksvoering, nooit hierby uitgekom nie. Dit beteken hulle begeef hul in gesprekke sonder die nodige voorbereiding en kundigheid.

"As Hartzenberg of wie ookal die derde of vierde keer opstaan en sê hy wil vir 'n volkstaat onderhandel, gaan mense begin om hom te ignoreeer. Hulle beskik nie oor die intellektuele onderbou om dit wat hulle wil hê te substansieer nie. Hulle het nie 'n idee wat hulle wil hê of hoe om daar uit te kom nie."

Die kanse is goed dat die KP hom sal laat geld by wyse van protes-politiek, eerder as om konstruktief te onderhandel, meen De Villiers.

**EN AS DIE KP** onderhandelinge staak, beteken dit hulle gaan na die geweer gryp? Selfs die Mulder-faksie sê hulle laat die moontlikheid oop as 'n laaste uitweg indien hulle nie selfbeskikking kry nie. "Meer as 800 000 mense het nee gestem. Baie het groot bekke, maar selfs as net 1 000 die wapen opneem sal ons 'n Noord-Ierland hier kan skep."

Die AVU-woordvoerder sê hy dink nie die KP-radikales sal in dié stadium self 'n skietery organiseer nie, maar hy verwag dat al meer Jan Hoon-tipe uitsprake gehoor sal word. Hoon het onlangs in die parlement gesê dat hy De Klerk "oor die loop van 'n geweer sal ontmoet".

"Hulle sal sorg dat hulle veilig buite die tronk sit terwyl hulle bly stemming maak vir geweld wat die radikales daar buite die morele basis gee om na die geweer te gryp."

Kirsten sê: "Ons hoor die retoriek oor skiet, maar dis nog net 'n geskinder sonder om die konsekwensies hiervan te besef. Baie konserwatiewes het nog te veel om te verloor. Hulle het nog huise, plase, 'n werk, ens. Hulle is nog nie by die punt waar 'n anargie bereik is en hulle niks hét om te verloor nie. Dis eers wanneer mense 'n Bosnia-Herzegovinia-situasie binnegaan, waar hulle alles verloor het, dat so-iets 'n ernstige moontlikheid word."

Strategies en takties is 'n guerrilla-oorlog 'n dwase keuse waarmee hulle nie ver gaan kom nie, sê Kirsten. Die land se veiligheidsmagte is nog sterk in beheer en daar is sprake van ooreenkomste met MK-lede om wet en orde te help handhaaf.

Maar boonop is die werklik nasionalistiese Afrikaner wat in terme van volksverband dink, se grootste vyand nie die ANC-SAKP nie - hulle is in die tweede gevegslinie - maar eerder FW De Klerk en diegene wat die "ja"-stem in die Referendum verteenwoordig. Dit beteken dat hulle teen hul eie volksgenote sal moet veg.

"Hulle hoef nie eens hul gewere skoon te maak nie solank as wat 70 persent van hul eie mense hulle nog agter De Klerk skaar. Kyk wat het in die 1914-Rebellie gebeur. Hulle kan nie droom om effektief teen hul eie mense te veg en dan nog die tweede en derde linies ook te wil aanvat nie."

**KIRSTEN WYS OP** nog 'n belangrike faktor: Die wil van die Afrikaner om te staan of te val vir selfbeskikking het oor die jare gekwyn. Die Afrikaner van vandag is nie dieselfde as dié wat in die Vryheidsoorlog geveg het of selfs in 1948 vir die NP gestem het nie. "Ons is 'n nuwe volk. Die tydperk van luukshede, van baas-wees, het ons verander. Ons is geïnfiltreer deur die wêreldgees, ons moreel-sedelike grondslag het verander, ons het 'n nuwe identiteit wat die bereidheid en wil om te sterf vir nasionalistiese ideale laat kwyn het. Primêr beteken dit dat ons nie meer nasionalisme dink, praat, of verstaan nie. As dit nie in die hart lewe nie, sal ons nie bereid wees om daarvoor te veg nie."

Hy glo terwyl daar altyd 'n groep sal wees wat praat van skiet, en selfs 'n ou wat nou en dan uitspring en skiet, is die gees wat NEE sê, geblus.

"Die kohesie van volkskap bestaan nie meer nie. Die verbrokkelingsproses van die Afrikaner is aan die gang. Daarom help argumente soos dat daar in die res van die wêreld 'n herlewing van nasionalisme is, ons nie. Wat in Oos-Europa gebeur, moet teen 'n bepaalde agtergrond gesien word. Ons geskiedenis en ons konteks verskil heeltemal van die res van die wêreld. By hulle is dit 'n konsolidasie en by ons 'n disintegrasie."


Transfer of African Language Knowledge

Learn Zulu, N. or S. Sotho, Xhosa, Tswana

TALK courses will show you how to learn an African language through contact with mother-tongue speakers

The following courses are planned, starting early May:


- Introductory courses - one day
- Basic courses - 7 weeks
- "Create your own Grammar" - 6 weeks
- Intensive "go-away" courses - 5 days

Venues: Yeoville, Brixton, N. Suburbs, Benoni, Troyville

Contact: Liz or Mmamora (487-1798)

# *tele*kommunikasie:
## die nuwe wêreldorde

*Newsweek* noem dit die groot sake-oorlog van die jare negentig. *Time* noem dit 'n inligting-revolusie. Die wêreld van telekommunikasie is in beroering terwyl dit wêreldwyd 'n enorme omwenteling ondergaan, sowel op sakegebied as in die opkoms van digitale tegnologie. Ook in Suid-Afrika gaan sake aan die ander kant van die telefoonlyn teen die einde van die dekade aansienlik anders klink en lyk, skryf **CHARL BLIGNAUT**



**DIE** jong joernalis lees die laaste tyd in omtrent elke intelligente internasionale tydskrif op die mark oor die wêreldwye revolusie in telekommunikasie. Hy besluit dus om 'n storie daaroor te skryf.

Hy is al die hele oggend per modem en satellietskakel verbind met 'n Amerikaanse vriend in Miami, met wie hy die ruimte-avontuurspel StarSprint III speel. Nou druk hy 'n paar toetse op sy persoonlike rekenaar (PC). Die PC skakel een van die talle inligtingsnetwerke wat per kabel, mikrogolf of satellietskakel bereik kan word - en binne sekondes verskyn 'n reeks relevante artikels en uitgesoekte volkleur-illustrasies op sy skerm, gereed vir hom om te verwerk.

Met flink redigering sit hy sy storie aanmekaar en stuur, sonder om van sy stoel op te staan, die teks en illustrasies per modem van sy huis na 'n rekenaar in die koerant se byna papierlose kantoor.

Klink dit na 'n idealistiese visioen wat eers oor 'n paar dekades werklikheid sal word? Wel, as die jong joernalis vir 'n moderne nuusagentskap in Amerika, Brittanje, Frankryk, Duitsland, Japan of China werk, is dit reeds 'n alledaagse toneel - hy gebruik maar net nuwe telekommunikasiestrukture wat reeds bestaan en werk.

Terwyl hy aan die gang is, kan hy ook gebruik maak van die interaktiewe tegnologie waarop telekommunikasie deesdae die klem lê (sien berig hiernaas). Hy kan 'n wêreldwye videokonferensie hou om kollegas elders te raadpleeg terwyl hulle hul eie inligting op hul PCs verwerk. Hy kan sy PC, sy TV-stel, sy video-masjien en sy laserskyfspeler by mekaar inskakel om die volle potensiaal van die nuwe netwerk-benadering te benut.

Voorstanders van die nuwe kommunikasie-netwerke verwys liefderyk na die ou telkomstelsels (soos dié wat tans in Suid-Afrika in werking is) as POTS - Plain Old Telephone Services. En hoewel die POTS nog 90 persent van die aardbol oorheers, word hulle nou vinnig iets van die verlede.

**DIE DEURBRAAK** in telekommunikasie (telkom) word wyd toegeskryf aan twee faktore:

• Die enorme groeipotensiaal en wêreldwye mededingendheid wat dit aan private ondernemings en kommunikasie-entrepreneurs bied - in Amerika alleen is dié nywerheid sowat $300 miljard werd.

• Die opbloei in twintigste-eeuse tegnologie wat meegebring is deur die proses van digitalisering, wat weer gelei het na die toepassing van nuwe telkom-stelsels - deur die benutting van uitken-optika ("fibre optics") digitale mikrogolf- en radio-uitsendings - wat sulke interaktiewe toepassings moontlik maak.

Aan die sakefront is nuwe telkom-netwerke opgebou, deels as gevolg van die aftakeling van monopolieë (basies onder staatsbeheer) in die telekommunikasiestrukture. Die meeste regerings het hul eie telkomdienste besit en bedryf as 'n natuurlike uitvloeisel van hul posdienste - en die wins ingesluk. En soos in Suid-Afrika het hul monopolieë 'n geruime tyd onbestrede bly staan. "Dekades lank," sê *Newsweek*, "was die wêreldkaart van telekommunikasie 'n lappieskombers van monopolieë, hetsy openbaar of privaat. Solank telefoondienste nie uit veel meer bestaan het as om een plek deur middel van 'n draad met 'n ander plek te verbind nie, is dié monopolieë as 'natuurlik' beskou."

Maar ingrypende tegnologiese verandering en 'n verskuiwing na demokratiese beleide het daartoe gelei dat staatsbeheerde dienste hul alleenbeheer van telkom-strukture laat vaar het. Selfs in Suid-Afrika beheer Telkom vandag net 50 persent van sy aandele.

In baie ander gevalle ontwikkel die staat self die nuwe stelsels op 'n geslaagde manier. Sommige van die wêreld se beste nuwe telkom-stelsels is nog steeds in staatsbesit - in Duitsland (die derde grootste stelsel ter wêreld), Frankryk (vyfde grootste stelsel en dit groei vinnig), Switserland (negende) en Swede (tiende). Ander stelsels onder die top-tien is net gedeeltelik onder staatsbeheer (67 persent in die VSA, 22 persent in Brittanje, 32 persent in Spanje, ens).

Om die waarheid te sê, in die meer ideale telkom-klimaat in Frankryk meen baie mense dit sou dwaas wees om nou hul stelsel te privatiseer. Emile Zuccarelli, die hoof van France Telecom, stel dit só: "Waarom nou verander aan een van die beste dienste ter wêreld? Dit sou absurd wees! Ek is persoonlik gekant teen dié projekte wat alles tot elke prys wil liberaliseer."

Sy maatskappy, soos die meeste ander, veg teen strawwe mededinging in Europa wat daartoe gelei het dat France Telecom se diensgelde aansienlik verlaag is.

**MAAR SELFS DIE** hersiening van staatsbeheerde strukture bied nie meer die enigste opsie nie. Van die wêreld se grootste korporasies het konvensionele staatsnetwerke gesystap en hul keuse laat val op meer gevorderde private netwerke, kabels, mediagroepe en sagteware-maatskappye. En dié maatskappye, soos AT&T in Amerika (die grootste telkom-stelsel ter wêreld), Sprint (sewende) en MCI (agtste) begin nou die stelsel oopmaak vir mededinging.

Aan die einde van die sakedag staan die liberale siening wat die meeste gewig dra gekant teen ►

sowel staats- as private monopolieë. As monopolieë gereduseer word en die mark oopgestel word, sal daar groter mededinging wees - wat vernuwing en goedkoper pryse vir kliënte sal verseker.

Die aanvraag na moderne telkom-stelsels - wat die installasie van optiese kabels, die lansering van satelliete, die installasie van ondergrondse en onderwater-kabels en die gebruik van digitale radio behels - is enorm. Europa is die leier, maar die Ooste kom vinnig by en almal - van Latyns-Amerika tot Kanada - is besig om dié stelsels te koop of te ontwikkel.

Die nuwe mark is dus oop vir enigiemand wat betrokke wil raak.

Een feit staan soos 'n paal bo water: die nuwe orde gaan wêreldwyd strek en ten volle digitaal wees. Die groeipotensiaal en voortdurende tegnologiese uitvindings maak van telekommunikasie die mees mededingende nywerheid van die jare negentig, namate klein en groot maatskappye hulself op 'n wêreldwye grondslag herstruktureer.

Werkskepping is 'n groot voordeel hiervan - tot in die kleinste private korporasie word nuut-ontwerpte kantoor- en telkom-strukture geïnstalleer deur 'n toenemende aantal kleiner, private, finansieel mededingende rekenaar- en telkomgerigte maatskappye. In Suid-Afrika is daar 'n hele paar van hulle.

Daar is nou maatskappye wat netwerke bestuur, elektroniese korrespondensiestelsels installeer en elektroniese datauitruiling behartig (EDI - electronic data interchange - is die gewildste nuwe rekenaarstelsel in Suid-Afrika), stelsel-operateurs oplei en so meer. Ook die sagteware-bedryf beleef 'n bloeityd. Dié bedryf is uiters belangrik, want dit maak die volle benutting van die nuwe tegnologie moontlik.

**SO HOE WERK** die nuwe telekommunikasiediens? Met die opkoms van digitale tegnologie lyk sake in die jare negentig heeltemal anders as 'n paar jaar gelede.

In die begin was die telefoon. Toe, in die jare dertig en veertig, ontdek die kommunikasiemedia die gebruik van radio, langspeelplate, 16 mm-film en die voordele van die posdienste. In die jare vyftig en sestig is televisie-uitsendings en bandopnames daarby gevoeg. In die jare sewentig en tagtig het 'n hele rits nuwe opsies die potensiaal van telekommunikasie vergroot: kassetbande, videobande, laserskywe, satelliet- en kortgolf-skakels, kabeltelevisie...

Nou is dié opsies in hegte netwerke verbind, die koste verlaag en kan die dienste al hoe meer interaktief word.

Digitalisering is die proses waardeur enigiets wat in basiese digitale seine vertaal kan word - klanke, stemme, musiek, visuele beelde, enigiets van 'n ensiklopedie tot 'n baba se sug - gelyktydig deur 'n enkele netwerk-lyn versend kan word. Soos musiek op 'n CD gebêre en dan na jou oor versend word, so word inligting ook gebêre en dan versend - en deur middel van data-samepersing kan 'n groot hoeveelheid inligting deur 'n enkele lyn versend word. Sulke lyne word allerweë ISDNs genoem (Integrated Services Digital Networks).

ISDNs verskil van vorige lyne deurdat hulle digitaal bedryf word. Tot 1,5 miljoen grepe inligting kan per sekond versend word (gelyk aan 100 000 bladsye teks per sekonde), teenoor die 65 000 eenhede inligting van 'n gewone telefoonlyn. ISDNs werk met koperkabels en kan enige gedigitaliseerde inligting versend - van videobeelde tot elektroniese briewe. ISDNdienste is wyd versprei in Japan en Europa.

Maar die jongste ontwikkeling, wat lyk of dit die standaard gaan word vir die jare negentig, is die gebruik van optiese kabels (fibre optic cabling) - 'n breëband ISDN-diens waardeur 'n nog groter hoeveelheid inligting gelyktydig versend kan word. Die enorme kapasiteit is dié kabel se grootste voordeel. 'n Goeie voorbeeld is die gebruik daarvan in kabeltelevisie - tot 500 afsonderlike kanale kan gelyktydig uitgesaai word deur 'n enkele dun kabel.

Maar optiese kabels lui ook 'n nuwe era in tegnologiese wisselwerking in - dit bied die eienaars van seltelefone (cellular phones) toegang tot rekenaars en stel hulle in staat om na rolprente te kyk en 'n beeld te sien van die mens met wie hulle oor die telefoonpraat.


Wêreldwye en plaaslike kabels sal uiteindelik 'n supernetwerk vorm, met geen perke aan die hoeveelheid inligting wat versend kan word nie. Draadlose verbindings, 'n gedurig ontwikkelende stelsel wat die seltelefoon inskakel - bied verdere buigsaamheid wat inligting-versending betref. 'n Mens het nie meer 'n prop in die muur nodig om met iemand te kommunikeer nie - vandaar die geboorte van mobiele kommunikasie en afstand-onderrig.

Verlede jaar het AT&T die sakewêreld verstom deur sy enorme aanslag op die seltelefoon-mark - as 'n ernstige mededinger vir die nasionale telefoondiens. Tot dusver was seltelefone 'n byvoordeel vir die uitvoerende bestuurder, maar nou kan draadlose digitale seltelefone 20 keer meer lyne behartig op die frekwensie wat voorheen deur 'n enkele seltelefoon in beslag geneem is.

Daar word voorspel dat ons teen die einde van die eeu almal draadlose seltelefone gaan gebruik. Die implikasies is enorm. Tesame met 'n modem en 'n faksmasjien kan dit 'n volledige mobiele kantoor word.

Satellietskakels word ook al hoe meer bekostigbaar (en is in Suid-Afrika reeds toeganklik vir gewone mense - sien berig hiernaas oor CompuServe), sagteware word ongelooflik verfyn en die samepersing van data versnel als.

Die nuwe tegnologie is natuurlik uiters duur, wat lei tot die stigting van veelvoudige vennootskappe op die gebied van telekommunikasie - en vrese dat staatsmonopolieë vervang sal word deur private monopolieë.



**DIE INSTALLASIE VAN** nuwe telkomstelsels het die laaste maande aansienlik toegeneem. In Beijing, byvoorbeeld, het die regering 'n toename van 600 persent in seltelefone aangekondig, asook die installasie van 32 000 kilometer optiese kabel, die bou van 19 satellietstasies en die installasie van enorm uitgebreide digitale mikrogolf-skakels.

In Amerika het 'n voorste telkom-maatskappy, Baby Bell, aangekondig dat die maatskappy se enorme netwerk herbedraad gaan word met optiese kabels. Maar Amerika het reeds die voordeel van breëband-lyne wat geïnstalleer is vir kabeltelevisie - wat nou in 50 persent van die land se wonings te vinde is en voor die einde van die eeu 75 persent behoort te haal.

En die jongste deurbrake wys daar is geen rede waarom televisieprogramme en telefoongesprekke nie deur dieselfde lyne versend kan word nie. Weer is die moontlikhede vir wisselwerking enorm en die televisie kan uiteindelik dien as 'n multi-media modem.

Private telefoonmaatskappye regdeur Amerika en Europa installeer hul eie optiese kabels en systap maklik die bestaande nasionale telefoonlyne. Selfs in Brittanje het 100 000 huishoudings al private telekommunikasie verkies.

En verlede week het TCI, Amerika se grootste kabeltelevisie-vervaardiger, sy grootste skema tot dusver aangekondig: die bou van 'n 10 000 kilometer lange "super-hoofweg" van optiese kabel om honderde gemeenskappe teen 1996 met mekaar te verbind. Die diens sal 500 nuwe kanale bied - onder meer kanale waardeur jy tuis aankope kan doen, rekenings kan betaal, video-speletjies kan speel en boonop kan bel ook.

Daagliks word nuwe ondernemings aangekondig namate maatskappye oor mekaar val om die nuwe tegnologie te benut.

**MAAR WAT VAN SUID-AFRIKA?** Volgens die Wêreldbank sal geld aan ontwikkelende lande geleen word om hul telkomstelsels te moderniseer.

Maar intussen kan 'n mens nie sê die private sektor plaas geen druk op Telkom toe nie. Die plaaslike telefoondiens is van alle kante aangeval weens die versuim om die kommersiële potensiaal van die diens te benut, die verskuiling van die subsidie wat dit ontvang, onsamehangende diensgelde en 'n outydse beeld (Telkom veg nou met mening in sy reklameveldtogte om 'n nuwe beeld te vestig). Die belangrikste kritiek op Telkom is dat dit nie 'n moderne benadering van telekommunikasie aangeneem het nie.

Boonop word die regering self daarvan beskuldig dat dit tegnologie vir die huis en die kantoor byna onbekostigbaar maak deur 'n verskeidenheid tariewe, doeane-belastings, bobelastings en ander belastings.

In September 1992 is Telkom se monopolie onder skoot gebring deur vier private telefoonmaatskappye wat teen verminderde tariewe in die plaaslike mark wou belê, veral met die oog op internasionale kommunikasie-skakels. In Maart vanjaar het die regering uiteindelik besluit om die telekommunikasie-mark oop te stel vir die nuwe orde deur twee seltelefoon-operateurs in Suid-Afrika te lisensieer.

Die nuwe netwerke bied nie net mededinging nie, maar beter tegnologie. Ná dekades se stadige ontwikkeling het dit gelyk asof die speelveld nou gelyk gemaak word en of Suid-Afrika 'n moderne telkom-model sou aanvaar - dit het gelyk of mobiele kommunikasie op dreef sou begin kom.

Maar in verskeie verslae dié maand word die regering daarvan beskuldig dat dit dergelike skemas onmoontlik maak deur onbillike perke op die gebruik van frekwensies en buitensporige tariewe in te stel. So, word gesê, word die seltelefoon-bedryf en die moontlikhede wat dit vir telekommunikasie bied, bedreig nog voor dit op die been gekom het. Daar word gevrees dat die regering bevooroordeeld is in sy teenkanting teen digitale tegnologie en wêreldwye stelsels.

Onlangse praatjies dat die eter bevry gaan word en *radiostasie-lisensies* teen *verminderde* tariewe toegestaan sal word, het 'n bietjie hoop laat opflikker. Maar wie wil net 'n bietjie hoop hê wanneer 'n nuwe regering waarskynlik die poorte wyd oop sal gooi vir telekommunikasie?

Daar is nie veel twyfel nie dat Suid-Afrika uiteindelik ook by die wêreldwye telekommunikasie-orde sal inskakel. Maar die sterkste druk om na 'n meer gevorderde infrastruktuur te beweeg sal steeds kom van die sakegemeenskap, wat nie bekend is daarvoor dat dit simpatie het met die probleme van die gewone mens nie. In Suid-Afrika is daar nog ander speelvelde wat gelyk gemaak moet word: almal moet toegang kry tot 'n telefoon.

**NIEMAND HET AL** sekerheid oor die doeltreffendheid of die potensiële probleme van die nuwe wêreldwye netwerke nie, maar dit lyk of die sakewêreld, wat moet probeer byhou by tegnologiese vernuwings, gelukkig gedwing is om vooruit te beur. Die inligting-era bied werklik geen keuse nie en 'n kommunikasie-revolusie is nou onvermydelik. Maar revolusies is, per definisie, vol onsekerhede en 'n paar debatte is reeds geopper.


Ten eerste is daar die kwessie van geld. Vir ontwikkelde ekonomieë (soos Japan, Duitsland en Frankryk) is dit nie 'n knelpunt nie. Hoewel ontwikkelende lande al hulp aangebied is, het baie - veral in Afrika, nog nie eens POTS ontwikkel nie. Teoretici glo ontwikellende lande raak eenvoudig al hoe verder agter namate ontwikkelde lande al hoe verder vooruitgaan.

In sy effens swaarmoedige voorspellings in die boek *Preparing for the Twenty-first Century*, sê die skrywer Paul Kennedy die volgende oor die onderwerp: " 'n Bevolkingsontploffing in een deel van die aardbol en 'n tegnologieontploffing in die ander is nie'n goeie resep vir 'n stabiele internasionale orde nie."

**KWESSIES SOOS** etnologie en media-versadiging word ook aangepak in 'n ontleding deur Dominique Wolton, 'n voorste Franse kommunikasiekundige en navorser. Hy sê met die nuwe telekommunikasie-stelsels gaan 'n merkwaardige revolusie plaasvind - die skaal van tyd en ruimte gaan verander ►

# tele-visions

The new telecommunications networks being established around the world have begun to realise the birth of man's interaction with technology. This is the communicator of the 90s - someone who can telecommute, interact with the TV, be educated from a distance and manage a mobile office. **CHARL BLIGNAUT** looks at some interactive challenges and their communicopian ideals





The France Telecom-developed cellular phone, the Bi-Bop is now invading Paris' sidewalks

## interacting with your television

**WHILE ENTERTAINMENT** is the first frontier, the applications of interactive television seem limitless. It began with cable TV, now interactive television is being implemented in a variety of developed countries across the globe as technologists become aware of the multiple uses of digitalized cabling.

New fibre optic cabling will allow concentrated and varied data to be transmitted along the same channel, turning your TV into an active entertainer/organiser cum telephone device cum modem - the data stored on compact disc technology. Idealists say it will be the first true realisation of everyday multi-media. We will, they say, be looking back and chuckling about the good old days of separate industries called "telephones" or "broadcast".

In the future, all you'll need to do is buy an interactive small screen and you could randomly select pockets of information to complement the standard programme you are watching. You could watch what's happening behind the scenes, switch to a related plot or call up information on your screen. You could use your TV to access a host of computerised games or



The slimlined pocket fax modem can transform your PC

to serve as a home video store, tapping into specialised channels.

Of course, the ideals for the future set today's standards and researchers believe that one day telephone cables will operate alongside TV cables (and many other industries such as banking and shopping, in fact, more industries than are left out) - eventually allowing telephone users the opportunity of seeing whom they're speaking to. Add to that the current developments in voice activation and recognition systems and you could even lose the remote.

And research continues because business can't really afford to fall behind - fax machines, PCs and cellular phones have already proven as much.

**WHETHER THE CONSUMER** actually has an appetite for so much information and whether the consumer is willing to eliminate trips outdoors to gather information is yet to be seen.

In the meanwhile, communicopians are tempting us with scenarios like the following: It's late at night and you realise that you forgot to do some really important banking. You instruct your tele-PC modem to switch itself on and quickly transfer the funds that you'd intended to, using your personalised banking programme.

But now you can't sleep, so you park off in front of the TV system and, mindlessly, you "graze" through your 700 cable channels, catch the global headlines, chuckle at some soft porn...

But while Debbie's doing it, the finance thing's still bugging you and now you're also starting to get hungry. You call up the latest stock quotes before catching yourself getting involved in the words of a new song. It's the latest pop tribal-electronic anthem.

"Produce the lyrics of the song," you tell your TV system with its inbuilt voice activator, and they appear. While you're at it, you instruct the system to take you behind the scenes of the video. Suddenly you realise that you never saw the day's sports results, so you call those up and ask for the TV to transfer the results into statistics so that you can check your team's progress.

Switching back to an arts channel you see a preview of a play that you were supposed to book tickets for. Not a problem, you punch a button, transfer the funds and that's taken care of. While you're at it, you order yourself a pizza by punching into your local all-night delivery service.

While you're waiting for the pizza you decide to relax decently and you reach for the home virtual reality kit attached to your TV terminal...

Communicopia: a world revolving around your television terminal.

## distance learning: the university of home

**BACK TO** the real world and its education crisis. While some telecom technologies, such as instructional TV, have been widely adopted in education, none of these technologies have yet become a core component in the education system.

Researchers say that education stands to benefit enormously from the new telecommunications systems. In the 90s, they say, computers, TVs and telephones will be linked by satellites (which will then be replaced by optic fibre cables) to create ▶

en wedersydse kommunikasie sal al hoe meer "lewend" plaasvind. Dit, glo hy, sal die skepping van wêreldwye ekonomieë en kulture vergemaklik en versnel.

Maar? "Maar die revolusie het ernstige perke, nie so seer wat tegnologie betref nie, maar vanweë die gebruik wat ons van tegnologie sal maak. Geen burger sal ooit in staat wees om soveel inligting in te neem nie, en dié verwringing sal mettertyd toeneem. Dié revolusie kan ons na foute en misverstande lei.

"Die slaggat sou wees om te glo dat die vermenigvuldiging van kommunikasie-tegnieke die samelewing se knellendste probleem kan oplos: ontsosialisering. Dis verkeerd om die ideologie te glo dat meer verfynde kommunikasie-tegnieke meer kommunikasie sal meebring. Dit sal ook kettery wees om te glo dat kommunikasiestelsels 'n mens sal toelaat om 'n demokratiese stelsel vry van alle suspisies van persoonlike mag te skep."

Wolton deel nie die wye geloof in die toekoms van telekommunikasie nie, waarin die pers, wetenskapfiksieskrywers en navorsers almal 'n brawe nuwe wêreld van volslae media-lisering aankondig (tele-werk, tele-inkopies, tele-opvoeding, tele-seks, ens).

"Dit sou die ergste ding wees wat kon gebeur," sê hy. "Maar moenie vrees nie, dit sal nie gebeur nie. Dit word nou al die laaste 20 jaar belowe en dit is nog nie te sien nie: dis te duur, maar dis veral onmoontlik om die mens op so 'n skaal uit die samelewing te verwyder. Werk sal altyd 'n geleentheid bied om ander mense te ontmoet en opvoeding berus op 'n argaïese beginsel: die goeie sin van die woord en menslike interaksie. Interaktiwiteit sal vooruitgang net so min verteenwoordig soos gefragmenteerde televisie. Metabolisme geskied net met tyd. Interaktiwiteit is 'n illusie op die sosiologiese vlak. Ons sal nie môre vinniger dink as vandag nie!"

Wolton se siening kan voorstanders van die nuwe mark met sy nuwe sakevoorspronge beslis die harnas injaag, maar tegnoloë sal eenvoudig 'n wenkbrou lig en hom vertel dis te laat vir protes en te vroeg vir bewyse. Die sakelui en wetenskaplikes het alreeds 'n nuwe wêreldorde aan die gang gesit, 'n orde wat al doer in die vroeë sestigerjare voorspel is deur mense soos Marshall McLuhan.

electronic campuses where, for the first time, students can communicate live with lecturers by way of voice, graphics and video images.

They'll also be able to control the pace of their learning course and actively participate in classes, tutorials and global seminars - all without leaving their homes. This is a result of breakthroughs in the fields of information-exchange systems and electronic mail (computer to computer exchange between two people).

Of course, while the technology makes headway, software development and training remain the key issues. The negative image of tele-education will, they say, easily be redressed by current advances in these fields. And the most attractive prospect of the new education is its ability to specialize - particularly in instances where institutions don't have trained staff to handle detailed specialization requirements.

But it's not just textbook and demonstration. Interactive education can make allowance for things like elecronic field trips to farms, clinics and museums etc. Users can even link together for the virtual experience.

Interactivity supports a general model of teaching that views students as active participants in the learning process, not as passive receivers. Distance learning works, say researchers, that's no longer the issue. The real issues are cost, specific demand and computer literacy training and they are the ones being explored.

In the meanwhile, interactive education systems are being established on television cable for people living in remote areas. Hence exciting prospects for South Africa. While UNISA still operates on an older model, they are believed to be working on a new network to link their students interactively.

Other projects are already underway - Bop TV, for example, is forging ahead with a modem tele-education project that looks set to embrace advances and adapt them to Bophuthatswana's unique geographic and literacy situation.

## telecommuting

**IT BEGAN** with the cellular (wireless) telephone, now mobile communications technology promises to free users from the restraints of the office, allowing them to receive and transmit a host of information in many different forms - from where they are, on the road, on holiday, in a meeting or at home. They call it GSM - global system for mobile communications. It operates on digital transmissions and is set to become the next big cellular industry.

The innovation is once again data compression, software advance and transmission by new telecom cabling systems, but that is only possible because of the development of several individual machines. The facsimile (fax), personal computer and telephone have and will continue to grow smaller and more portable. Already in Europe these systems are being incorporated into one small, briefcase-sized "box".

Says Marina Bidoli in *Business Solutions*: "Hours wasted in traffic jams, aircrafts and hotel rooms are now being turned into productive work time as people make calls on the run (literally), send faxes from cars or even compile company reports on laptop computers as they wing their way to London or Cape Town."

Says Nashua MD Jac Moolman: "All executives will soon carry a portable telephone in one hand and a briefcase with portable PC and fax machine in the other... They will become hooked on the concept of a mobile office that can link into a company's network."

They'll be aided by services that will replace, with a single number, "all the telephone, fax, pager and electronic mail numbers a person might have." Such a service can already be replaced by a computerised notebook (forget the filofax, this is the real thing).

## and a whole lot more beside

- The Personal Communications Network (PCNs) - Part computer, part electronic organiser operated with an electronic pen and utilising a voice activator. Every major technology company is building one.
- The liberated desktop - Innovations in the field of desktop computing will allow users to send electronic mail, fax and telex messages worldwide, schedule meetings, send messages to page services, integrated software applications such as spreadsheets and word processors, and even plan staff work allocation.
- Electronic Data Interchange (EDI) - Now refined and affordable, EDI allows the electronic transfer of business information between business and trading partners, and from one independent computer application to another. It includes information that passes from supplier to goods receiver and back again. EDI is taking South African business by storm by operating directly between users and redefining business applications.
- Paperless offices - The dream of an office where all information will be stored in an electronic form is finally being realised. Document image processing (DIP) is a scanner that converts data to digital information and then stores it on disc (preferably the new optic disc). From there, users on LAN (local area network) or WAN (wide area network) will have instant access to it and can call it up on their PCNs.
- Voice mail - Lose the conventional answering machine, here's voice mail. Latest model answering machines allow callers messages to be recorded directly onto a chip instead of a tape. No moving parts, no delay.
- Fax/modems on your PC - You can now use your PC to send a fax which you could design on the PC window and add images to. ISDN line operation now allows far greater speed (3 seconds per page) and higher frequency visual processing.

# 'n wêreld op jou skerm

## Met 'n persoonlike rekenaar het jou wêreld geen grense nie, skryf **JOHAN BRUWER**

**AS** jy 'n rekenaar, 'n modem en 'n telefoon het, kan jy deesdae by die huis bly en:

- Vergeet van CNN (én die SAUK) en tog 24 uur per dag op hoogte bly van wat op die oomblik in Bosnië-Herzegovina aangaan.
- Skaak speel met 'n mededinger in New York sonder om die prys van 'n vliegkaartjie soontoe te betaal.
- Self jou hotelkamer en huurmotor in Rome bespreek (en sommer hoor of daar 'n staking aan die gang is of nie).
- 'n Groot reeks oorsese koerante en tydskrifte lees nog voordat hulle plaaslik te koop is.
- Die jongste inligting oor Aids, kanker of enige ander siekte kry.
- Sien hoe lyk die weer regom die aardbol deur die jongste satellietfoto vir die gebied op jou skerm te bekyk ('n reeks foto's word vier keer per dag geneem).
- Les bes, jou nuwe roman aan 'n internasionale gehoor te lese gee sonder om jou aan 'n uitgewer te steur.

Dié is maar 'n paar van die 1 700 dienste wat nou beskikbaar is aan Suid-Afrikaners wat hulle aansluit by die plaaslike tak van die in Amerika gebaseerde inligtingsdiens CompuServe.

CompuServe Africa word bedryf deur die WNNR, wat onlangs 'n satellietskakel ingestel het wat lede toegang gee tot CompuServe se hoofraamrekenaar in die VSA - en 'n ontsaglike reeks inligting en dienste (onder meer elektroniese korrespondensie wêreldwyd) en duisende rekenaarprogramme wat jy kan aflaai en gebruik.

Die basiese ledegeld is sowat R22 per maand en gebruik van die satellietskakel kos R47 per uur. (Afhangende van hoe vinnig jou modem is, kan jy in 'n uur 'n aansienlik hoeveelheid inligting en programme aflaai op jou hardeskyf of sagteskywe.)

Vir 'n verder uitgebreide diens (onder meer toegang tot 'n reeks gespesialiseerde forums waarin jy via jou rekenaar met kundiges op 'n bepaalde vakgebied kan "gesels" en selfs elektroniese konferensies kan bywoon) betaal jy 'n bykomende R36 per uur. Daar's forums waarin mense wat wissel van seëlversamelaars en sportgeesdriftiges tot dokters en regslui elektronies "ontmoet" om oor hul bepaalde belangstelling gedagtes uit te ruil.

**VIR NAVORSERS** - van leerlinge tot beroepslui - is die diens 'n paradys, met onder meer toegang tot die Crolier's Academic American Encyclopedia, wat vier keer per jaar op datum gebring word met die jongste beskikbare inligting.

Daar is ook meer as 850 gespesialiseerde databasisse. Medici, byvoorbeeld, kan toegang kry tot tekste uit 83 tegniese en professionele publikasies soos die Journal of the American Medical Association en die Annals of Surgery.

Die nuusdienste sluit naas die tekste van 48 voorste Amerikaanse koerante ook toegang in tot die UK Newspaper Library, wat artikels bevat uit koerante soos *The Guardian*, die *Daily Telegraph*, *The Financial Times* en *The Times*. Daarby kry jy toegang tot internasionale nuusdienste soos Associated Press, United Press International, Reuters se finansiële nuusdiens en so meer.

Tekste uit 'n groot reeks oorsese tydskrifte is ook beskikbaar - baie nuttig noudat die goed so peperduur is.

Jy kan ook die elektroniese knipseldiens teen 'n bykomende fooi gebruik. Dit versamel alle berigte oor 'n bepaalde onderwerp in een lêer, wat jy dan deur jou rekenaar kan aflaai en op jou tyd kan bestudeer.

In die vermaakdienste kan jy deelneem aan rolspel-speletjies met medespelers regom die aarbol of toekyk hoe hulle speel, of 'n reeks speletjies aflaai om self te speel; resensies en onderhoude kry oor die jongste prente uit Hollywood, en so meer.

In die finansiële dienste kan jy die jongste internasionale aandelepryse bekom en selfs 'n fortuin maak of verloor sonder om jou huis te verlaat deur aandele te koop en verkoop sonder om jou huis te verlaat.

Jy kan ook onmiddellik in aanraking kom met die vervaardigers van sagteware om jou probleme daarmee op te los - of om jou bloot 'n leidraad te gee as jy nie weet hoe om verder te kom in daardie ingewikkelde speletjie nie.

Die elektroniese kunsgalery bevat 'n enorme versameling grafiese kuns wat jy kan bekyk of aflaai.

Die reeks dienste is enorm. Jy kan meer besonderhede kry deur 0800-112252 gratis te skakel en CompuServe Africa se kliëntediens te raadpleeg.

# hou op lap en stop, *probeer eerder* keer

## Die las wat die voortslepende geweld op ons gesondheidsdienste plaas, die gebrek aan primêre gesondheidsorg, die tekort aan dokters op die platteland... Al dié probleme maak dit moeiliker om toepaslike mediese sorg aan al Suid-Afrika se burgers te voorsien. **ESMA ANDERSON** het die 75ste kongres van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika bygewoon en doen verslag

**SUID-AFRIKA** gaan 'n lank tyd reeds gebuk onder die aanslag van toenemende geweld - politieke én interpersoonlike geweld. Almal weet hoe hoog die sosiale tol van dié verskynsel is, maar min mense besef watter ontsaglike las dit op ons reeds oorwerkte gesondheidsdienste plaas.

In 'n land waar die openbare gesondheidsdienste sukkel om voor te bly in die voorsiening van basiese gesondheidsorg, en die skaars hulpbronne vir dié sektor nou ook gebruik moet word om agterstande op te hef wat deur dekades van skadelike apartheidspraktyke opgebou is, kan dié sektor dit nie bekostig om die onnodige las van geweld ook nog te dra nie.

Dr Lettie la Grange, 'n kenner op die gebied van gemeenskapsgesondheid aan die Universiteit van Pretoria, het by die 75ste kongres van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) - getitel "Mediese Uitnemendheid in Afrika", gesê die openbare gesondheidsdienste dra reeds driekwart van die las wat geweld op die gesondheidsdienste plaas, veral met betrekking tot finansies en mannekrag.

La Grange sê geweld het 'n openbare gesondheidsvraagstuk geword het en is nie net 'n probleem waarmee maatskaplike werkers en politici rekening moet hou nie.

Gesondheidswerkers sal daarom met kenners van ander dissiplines moet begin saamwerk en navorsing doen oor die aard en oorsake van geweld. Hulle sal moet saamspan om strategieë ter voorkoming van geweld te formuleer, en nie net meer gewillige dienaars wees wat die letsels wat deur geweld gelaat word, probeer toestop of lap nie, sê La Grange.

**HOEWEL DIE VSA** beskou word as een van die Westerse lande met die hoogste geweld- en misdaadsyfers, steek Suid-Afrika dié land ver verby as die aantal voorvalle van geweld in verhouding tot die bevolkingsgrootte in ag geneem word.

'n Skokkende 361,7 lewens per miljoen mense per jaar word deur geweld in Suid-Afrika geëis - amper vier en 'n half keer meer as in die VSA, waar 82,5 sterftes per miljoen per jaar deur geweld veroorsaak word.

Prof LW Baker van die Mediese Fakulteit aan die Universiteit van Natal, bring die hoë geweldsyfer in verband met die toename in misdaad. Verlede jaar, sê Baker, was daar 77 moorde, 68 verkragtings, 775 aanrandings, 219 rowe en 709 inbrake per dag.

Baker sê vuurwapens is in 1992 gebruik in 83 074 ernstige misdade: 6 122 moorde, 13 263 pogings tot moord en 54 194 aanrandings en rowe. Net in Durban alleen was daar 996 moorde in 1992.

Maar, beklemtoon beide Baker en La Grange, geweld het nie net getalsgewys toegeneem nie, maar ook in aard en, veral van belang vir die gesondheidsdienste, die soort besering wat opgedoen word.

Waar hospitale vroeër slagoffers van geweld vir hoofsaaklik kneuswonde behandel het, word al hoe meer mense opgeneem met mes- en koeëlwonde. Dié soort beserings plaas ook groter druk op die gesondheidsdienste: dit behels meer tyd in die teater; die slagoffers moet dikwels in intensiewe sorg opgeneem word; dikwels word verskillende liggaamstelsels betrek wat 'n hele aantal chirurgiese dissiplines betrek.

By die King Edward-hospitaal alleen, sê Baker, was daar die afgelope paar jaar 'n toename van sowat 500 persent in die aantal geweld-verwante beserings wat by hulle ongevalle-eenheid behandel moes word.



Voorvalle van geweld neem nie net toe in getalle nie, maar ook in die graad van die beserings. Mes- en skietwonde eis 'n al groter tol.

Waar ongelukke en siektetoestande soos hartaanvalle vantevore die grootste aantal pasiënte by ongevalle beslaan het, behandel dié eenhede nou hoofsaaklik beserings wat opgedoen is weens geweld. Vandag is geweld verantwoordelik vir tussen 53 en 56 persent van mense wat by ongevalle behandel word.

Betreffende die koste en impak van geweld op die gesondheidsdienste, sê Le Grange, hoef 'n mens net in ag te neem dat geweld en aanrandings in Suid-Afrika verantwoordelik is vir 49,23 persent van alle pasiënte wat uiteindelik in trauma-sorg opgeneem word. In die VSA beloop dié syfer maar 7,9 persent, terwyl die koste daarvan omtrent 10 persent van die totale trauma-besteding beloop het. Hoewel die presiese persentasie koste in Suid-Afrika nie bekend is nie, kan die voorbeeld van die VSA 'n mens 'n aanduiding gee van die erns van die finansiële las wat geweld op ons openbare gesondheidsdienste plaas, sê La Grange.

Neem 'n mens verder in ag dat omtrent 31 persent van alle slagoffers van geweld wat uiteindelik in die hospitaal opgeneem word, werkloos is en dus nie vir hul behandeling kan betaal, of minstens daartoe kan bydra nie, kry 'n mens ook 'n groter begrip van die omvang van dié finansiële las.

Die impak van geweld op die hulpbronne beskikbaar vir gesondheidsorg word ook duidelik as in ag geneem word die hoeveelheid teatertyd wat bestee word om op slagoffers van geweld te opereer, naamlik 20 persent. Motorongelukke neem 'n verdere 13 persent in beslag, terwyl meer algemene operasies 66,5 persent, en ginekologiese operasies en ge- ▶

boortes 10,5 persent van teatertyd in beslag neem.

Trauma, sê Barker, bly die grootste oorsaak van sterftes in die eerste vier dekades van lewe, en by ouer mense word dit slegs deur kanker oortref. "Juis daarom is en bly die vraag of die mediese beroep, en veral mense wat betrokke is by trauma-sorg, terug kan sit en nie die situasie probeer beïnvloed nie.

"Trauma eis die jongste en potensieel mees produktiewe lede van die samelewing en dié verlies aan lewe in die jeugjare is seker die mees tragiese lewensverlies.

"As daar 'n aansteeklike siekte was wat hoofsaaklik jongmense getref het, sou die samelewing so 'n voorkoms nie lank geduld het nie. Trauma is so 'n siekte en baie min word gedoen vir die voorkoming daarvan en die verskaffing van geriewe vir die sorg van trauma-slagoffers," sê Baker.

Maar wat moet gedoen word? Buiten pogings van gesondheidswerkers self om geweld en ander onnatuurlike oorsake van trauma, byvoorbeeld motorongelukke, te probeer voorkom en bekamp, sê Baker dat groter klem gelê moet word op deeglike trauma-opleiding van dokters en die verskaffing van die nodige geriewe aan hospitale.

"Te veel mense sterf uiteindelik omdat hulle nie die regte soort aandag kry nie. Ons mediese skole leer dokters nie hoe om te sorg vir die kritiek gewonde pasiënt nie en dikwels is 'n dokter op 'n ongelukstoneel net 'n hindernis vir die paramedici," sê Baker.

Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van die soort opleiding deur te wys daarop dat vir elke dood wat volg op 'n besering, daar minstens drie persone is wat uiteindelik permanent ongeskik gelaat sal wees. Dié syfer, meen Baker, mag dalk hoër wees in Suid-Afrika omdat ons nie genoeg rehabilitasie-geriewe het nie.

Hoewel die meeste akademiese en stedelike hospitale goeie trauma-sorg kan bied, skiet die geriewe in sommige van dié hospitale te kort, veral ten opsigte van die aantal personeel en toerusting in verhouding tot met die groot getal pasiënte wat deesdae hul sorg nodig het. Dit geld veral ook die beskikbaarheid van beddens in intensiewe sorg, sê Baker.

Baker sê hy sou graag wou sien dat mediese opleiding die Amerikaanse ATLS-kursus (Advanced Trauma Life Support Programme) insluit omdat verskeie studies in die VSA getoon het dat soveel as 80 persent van alle post-trauma sterftes onnodig is. Trauma-verwante sterftes ná ATLS-opleiding kan tot net vyf persent verminder word, sê hy.

# *brandewyn* laat my slaan

**DR LETTIE LA GRANGE** van die Universiteit van Pretoria sê die soort besering wat opgedoen word as gevolg van geweld, is besig om te vererger.

So byvoorbeeld het die aantal skietwonde met vyf persent toegeneem van 1989 tot 1991, en meswonde met ses persent.

La Grange sê daar moet ook gekyk word na die verband tussen alkohol en geweld, veral nadat 7 persent van alle geweld-verwante beserings in 1989 behandel is opgedoen is na 'n persoon met 'n bottel geslaan is en toegeneem het tot 10 persent in 1991. Sy sê dié statistiek mag dalk beteken dat ons die verpakking van alkohol in glasbottels moet heroorweeg.

Sy beklemtoon dié besorgdheid deur daarop te wys dat 63 persent van alle pasiënte wat beserings tydens aanrandings opgedoen het, alkohol gebruik het.

| SOORT BESERING | 1989 | 1991 |
|---|---|---|
| Kneuswonde | 38 persent | 20,0 persent |
| Meswonde | 31 persent | 37,0 persent |
| Geslaan met 'n voorwerp | 20 persent | 24,5 persent |
| Geslaan met 'n glasbottel | 7 persent | 10,0 persent |
| Skietwonde | 3 persent | 8,0 persent |
| Menslike byt | 1 persent | 0,5 persent |

# dringend nodig: 'n nuwe mediese etiek

## Toepaslike gesondheidsorg as 'n basiese mensereg is die nuwe wagwoord en al hoe meer dokters is besorg oor die toepaslikheid van hul dienste, skryf ESMA ANDERSON

**AL** hoe meer gesondheidswerkers sê hulle besef die mediese beroep en gesondheidsdienste as geheel sal saam met al die ander sektore van die samelewing die pad na demokratisering en verantwoordbaarheid moet loop.

Na jare se ongelyke voorsiening van gesondheidsdienste - ons sit tans met 12 verskillende gesondheidsdepartemente waarvan elk sy eie administrasie en burokrasie het - moet ons gesondheidsdienste nou deeglik rekening hou met veranderende tye, veral in 'n era van groter sosiale bewustheid waar pasiënte al meer op hul reg tot goeie gesondheidsorg begin aandring as volwaardige burgers van Suid-Afrika.

Dié standpunt is gereeld gelug tydens die 75ste kongres van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA), wat verlede week by Sun City gehou is - of daar nou oor bevolkingsgroei, rasionalisering, mediese etiek, primêre gesondheidsdienste, Aids of tuberkulose gepraat is.

Onderliggend hieraan, volgens die algemene gevoel, sal 'n nuwe mediese etiek moet ontwikkel, hetsy die verandering nou herstrukturering, herbeplanning van besteding en toewysing van fondse, of nuwe benaderings tot mediese opleiding behels.

Met 'n nuwe mediese etiek word nie net bedoel dat kwessies soos die optrede en gedrag van dokters, die Hippokratiese Eed en vraagstukke soos genadedood en aborsie aangespreek word. Die "nuwe" mediese etiek wentel veral om die regte van die pasiënt en die beskerming van dié regte - in besonder die toeganklikheid, gelykheid, doeltreffendheid, koste-effektiwiteit, verantwoordbaarheid en toepaslikheid van Suid-Afrika se gesondheidsdienste.

Daar is ook benadruk dat dokters nie langer op 'n troontjie kan sit en 'n ivoortoring-mentaliteit soos vroeër kan koester nie - veral nie wanneer daar met die werklikhede van Suid-Afrika (en Afrika) rekening gehou moet word nie. Daarom, sê professor Willem Landman, 'n filosoof van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), moet die begrip "toepaslike gesondheidsorg" toenemend die wagwoord word.

**ORAL TER** wêreld word die toewysing en kanalisering van fondse 'n groot prioriteit weens die wêreldwye resessie wat hulpbronne relatief skaars gemaak het. Maar in Afrika is die probleme veel erger. Soos dr Bernard Mandell, voorsitter van die Federale Raad van die MVSA, dit stel: "Terwyl die argeologie al hoe meer daarop dui dat menslike lewe op die Afrika-kontinent begin het omdat die fisieke omstandighede en klimaat vir oorlewing die beste op die planeet was, is Afrika vandag een van die kontinente waar die sosiale stryd om oorlewing een van die veeleisendste is."

Dit is dan ook dié werklikhede wat in die toekoms van die grootste etiese dilemmas gaan oplewer. Daarom, sê dr David Green, die MVSA-direkteur van personeelontwikkeling, moet die mediese beroep ook deeglik kennis dra daarvan dat die gesondheid van Suid-Afrikaners nie net afhang van kliniese mediese sorg nie, maar dat 'n hele reeks ander faktore ook 'n rol speel - behuising, huislike omgewing (insluitende water, sanitasie en verwante infrastrukture en -dienste) en makro-ekonomiese faktore.

"Daarom sal daar op sekere bestedingsgebiede besnoei moet word om nuwe hulpbronne te skep wat gerig is op gebiede van sosiale ontwikkeling. Vraagstukke wat verband hou met die doeltreffendheid, koste-effektiwiteit en noodsaaklikheid van gesondheidsdienste en -ingrype word al belangriker. Die rede hiervoor is 'n behoefte om hulpbronne te verskuif na sosiale ontwikkeling sonder om terug te sny op die mediese sorg wat werklik noodsaaklik of effektief is. Dit lei na die vrae: wat is nodig of toepaslik en wat is doeltreffend of doelmatig?" sê Green.

Prof Karel Mieny, verbonde aan die departement Chirurgie aan die Universiteit van Pretoria, wys daarop dat Suid-Afrika se gesondheidsbesteding miskien goed lyk op papier vir 'n ontwikkelende land (6,4 persent van die bruto nasionale produk), maar dat dié fondse meestal spandeer word op private gesondheid en nié op openbare gesondheid waar dit die nodigste is nie.

**ONS STELSEL VAN** openbare en private gesondheid word tans op so 'n manier gedefinieer dat dit die bevoorregtes se belange dien en die minderbevoorregtes as tweedeklasburgers behandel, sê Landman. Hy sê Suid-Afrika sal daadwerklik op 'n nuwe manier na sy gesondheidsdienste moet kyk om dit toeganklik en gelyk te maak vir al haar burgers.

Maar dié debat handel ook oor die soort gesondheidsdienste wat toepaslik sal wees in 'n land soos Suid-Afrika: voorkomende medisyne en/of gesofistikeerde medisyne.

Dit bring 'n mens onvermydelik voor die vraag te staan: is die opleiding van ons dokters noodwendig gepas vir die plaaslike situasie? Mieny sê daar is 'n nypende tekort aan dokters in die landelike gebiede.

Terwyl ons dokters baie goed funksioneer in stedelike gebiede en hul opleiding stadsgerig is, is dit dalk nodig dat ons die probleem in die landelike gebiede aanspreek en dokters oplei met 'n toewyding aan dié gemeenskappe, sê Mieny.

Daarom stel hy 'n verkorte mediese kursus voor - 'n diploma in landelike geneeskunde. So 'n persoon sal goeie basiese gesondheidsorg kan bied asook 'n chirurgiese dokter in die ou sin van die woord wees om te verseker dat primêre gesondheidsorg nie bloot swak gesondheidsorg sal beteken nie.

**DIT IS DALK** net die soort innoverende denke waarna prof William Lore, nasionale voorsitter van die Mediese Vereniging van Kenia, verwys as hy sê: "Etiese dilemmas soos rasionalisering weens 'n relatiewe skaarsheid van hulpbronne is eintlik 'n baie goeie ding omdat dit 'n mens dwing om innoverend te dink en met nuwe planne na vore te kom om soveel as moontlik te put uit die beskikbare hulpbronne en om steeds so goed as moontlik om te sien na die pasiënt."

Wat egter baie belangrik is, is die feit dat die publiek moet deelneem aan dié debatte oor toepaslike gesondheidsorg. En daarom, sê Green, moet dokters probeer om die gaping tussen die pasiënt as mens en die pasiënt as 'n versameling van simptome, deur goeie interaksie te oorbrug.

Lore verwys ook na dié interaksie as 'n pasiënt se reg om ingeligte keuses te maak oor die soort behandeling wat sy of haar behoeftes die beste sal aanspreek. Mandell sê dokters moet weer leer om nie net rekenaars of masjiene te wees nie, maar om mense weer die hande op te lê.

Meer nog, al dié faktore is voorvereistes vir goeie gehalte in die gesondheidsdienste en dié etiese dilemmas moet aangespreek word om die beste mediese sorg te bied as erkenning van die pasiënt se reg op toepaslike gesondheidsorg.

Wat uiteindelik uit dié debatte gaan voortvloei, sal die tyd nog moet leer. Maar Mandell het die laaste sê: "In Suid-Afrika sit ons darem nou met 'n geraamte waarop ons die vlees van 'n nuwe samelewing en gesondheidstelsel kan hang."

# Is SA still in cahoots with Unita?

## The ministry of Foreign Affairs dismisses Bantu Holomisa's latest accusation, that South Africa helped Unita in its war efforts after it had lost the election, with sarcasm and jokes. WALLY MBHELE looks at the new allegations

**EVEN** before the elections in Angola took place in September last year, South Africa had already struck an agreement with Jonas Savimbi's Unita movement to launch an attack on the country's capital, Luanda.


This extraordinary revelation, relayed to the Negotiating Forum this week, was made by the chairman of the Transkei Military Council, Major General Bantu Holomisa, who also proposed that agreements struck at the multi-party constitutional talks be endorsed by the United Nations if the government was to be bound by agreements.

Drawing his startling accusations from a German based magazine, *Top Secret*, Holomisa said Angola "is being used as a testing ground for military covert operations which the RSA government shall in due course prosecute with such ferocious intensity in SA that the levels of violence we decry to date will pale into insignificance and look like a Sunday picnic."

According to extracts from *Top Secret*, "on the 15th September 1992 Unita leader Jonas Savimbi met with his top security and military advisers and commanders to discuss the situation in Angola and the possible consequences of the coming elections for his organisation."

The discussion, says *Top Secret*, came to the conclusion that Unita would most probably loose the elections. General Ben Ben of Unita proposed to step up the military onslaught on the government in Luanda while Savimbi and the others argued that an open military operation would need foreign backing, at least from South Africa.

At this point in time, Unita had already withdrawn 2 000 to 3 000 men of its elite units from the combined armed forces as well as most of the heavy military equipment to Zaire alongside the border to Angola.



Botha and Savimbi in Huambo on October 13 last year (Pic: AP)

**DURING THIS MEETING**, it was decided that Savimbi should personally go to South Africa to check out the possibility of getting support from Pretoria, alleges the magazine.

The Unita leader went to South Africa on the 17th and 18th September where he met Foreign Minister Pik Botha, SADF chief Kat Liebenberg, Military Intelligence chief Van der Westhuizen, Defence Minister Eugene Louw and Deputy Defence Minister Wynand Breytenbach as well as State President FW de Klerk for at least 20 minutes.

These revelations are corroborated by the influential London based newsletter *Africa Confidential*, which says before leaving the government guest house, Savimbi reportedly requested a meeting with General Jannie Geldenhuys, a former SADF chief.

Africa Watch notes that "on Savimbi's return to Angola, his election speeches became far more belligerent and he ruled out the possibility of defeat."

The South African government, continues *Top Secret*, assured Savimbi that they would support him only if he would start his military operations after the elections and that would only happen if he met two conditions.

The first was to launch a simultaneous attack on Luanda and the diamond producing province in Angola from which diamonds were smuggled out. According to the document, the latter offensive became a threat to South Africa's diamond giant De Beers.

It was then decided that after controlling that province Unita should sell diamonds exclusively to De beers.

**THE ENTIRE** technical aspect of that operation, according to documents, were to be handled by South Africa's Department of Military Intelligence (MI).

The MI structures used to supply Unita include Wonderboom airport, from where two MI organisations operate. In 1991, the *Weekly Mail* made similar claims relating to Wonderboom as the place from where most of South Africa's Dakotas carried massive support for Unita forces engaged in fierce battle with Angolan soldiers at the strategic town of Luena in Angola's Moxico province.

Wonder Air is registered in the name of MI operative Gert de Klerk and Avalon Tours is headed by MI officer Chris Sealie.

The SADF military base of Pomfret in South Africa is used to shuttle heavy military equipment by Hercules airplanes to Unita territory. Pomfret is a base for South Africa's special forces, which includes former FNLA forces, ex- Koevoet members, and ex-MNR forces.

It is from these bases that South Africa transported heavy G5 artillery, 107mm multiple rocket launchers as well as advisers and instructors from Jamba, claims Top Secret, concluding that "this military hardware was used to attack Huambo."

These allegations are backed by events in Angola as they manifested shortly before the election results were announced.

Before the election results could even be announced, Savimbi withdrew his forces from the unified army (formed in terms of the Biocesse Accord), alleging that the polls were rigged by the government despite a close observation from the UN. He threatened a renewed civil war.

As the results were announced, after a long hold, Unita launched a heavy offensive against the government forces in Luanda in a desperate attempt to capture the city from the government.

The battle of Luanda, as it is known today, claimed thousands of lives in a matter of few days before Unita forces were driven out of the city by the Angolan army.

A somewhat beleagured Pik Botha flew to Angola in what he said was a peace mission. Shortly thereafter, Botha was declared a persona non grata in Angola. It later emerged that the South African Foreign Minister had tried to force the Angolan government to share power with Savimbi despite the latter's election defeat.


These latest allegations against South Africa, some analysts say, bear the hallmarks of Operations Thunderstorm and Springbok exposed last year. This two-pronged strategy, designed by MI, was aimed at thwarting real democracy in South Africa and forcing the ANC into a coalition government with the National Party.

Writing for *Work in Progress* last year, the Coordinator of the Military Research Group, Ricky Williams, mentioned some of the officials quoted in *Top Secret* revelations "as veteran counter-insurgency officers with extensive experience in military counter-insurgency structures of the National Security Management System, the SADF's Special Forces Division, and the SADF's formidable intelligence family ...

"These officers fear that the ANC and its allies will use the negotiations process to wrest power from the state. To prevent this, they advocate a tightly 'managed' transition that will not compromise a set of basic strategic objectives ... They also worry that De Klerk lacks the managerial ability and experience to oversee such a process," wrote Williams.

With these in mind, in a letter to the negotiators, Holomisa said he personally feels strongly that the effective monitoring and joint control of the security forces can only be enhanced by UN involvement in the entire transition process to democracy.

**Sir Brain Urquhart,** former Under-Secretary General of the United Nations for Special Political Affairs, recently chaired a workshop in Cape Town on "Global Change and Professional Diplomacy". **PETER VALE** of the University of the Western Cape spoke with Urquhart on his current impressions of international and southern African issues


Peter Vale

# a planet full of *headaches*

**Let's begin with global change: what are the features of this difficult transition through which we are living?**

Well, I suppose that the biggest characteristic is the gulf between the rich and the poor, which is getting worse.

The second characteristic is the sheer numbers; no one has ever had to cope with such numbers of people, and I do not believe that our socio-economic systems are geared for this.


The third thing is the very large cities, which are simultaneously a magnet and a huge problem. I do not think that anyone has really thought out how you get five to ten million people together to live in one city in a reasonable manner. I am sure that there is a way of doing it but it hasn't been done yet.

I do not believe, further, that the current so-called economic system is responsive to what we now face. It does not take into account the mix of explosive population growth, technology which has the effect of reducing jobs, and environmental damage. Unless we develop new ideas for doing something about this, it will be hard to cope with these problems.

I think also that there is going to have to be some re-education about ethnic and national origins. Funnily enough, southern Africa seems years ahead on this. At least in Namibia they are, and [so are] the people [at this conference]. If people in Yugoslavia were as sensible as the people in this meeting, they would not be butchering each other and making their country a desert.

There has got to be decentralisation; a recognition that these huge conglomerations of population are not manageable, either socially, economically or indeed psychologically.

And finally, how do we move from the nation state to something more comprehensive? Regional organisations are on the whole a great disappointment. They have trouble in agreeing and once you have conflict in the region, the regional organisations are often regarded as partial.


Brian Urquhart (Photograph: ERIC MILLER)

**In terms of what you have been talking about, what is happening to sovereignty and nationalism?**

Sovereignty is the building block of international organisations. If you throw it out, it will be very difficult to organise the international community. But everything seems to erode sovereignty - drugs, Aids, electronic financial transactions. Modern communications have an enormously diluting effect on sovereignty. As a result, governments have less and less control over the forces that run the world and shape the future.

Nationalism is a different matter; it is a relatively recent creation. These days the national so-called solidarity of a number of countries is very much in doubt. I don't think there is any point in fussing about this: what needs to be done is to make a great effort to identify common interests.

It can be done, which is why I think we ought to stop only having seconded diplomats in the UN Secretariat. If the UN could hire people who actually have some idea of systematic analysis, some idea of intellectual input, it would be very helpful.

**What has happened to the old debates on arms control?**

We should have talked more [at this conference] about the whole question of the arms flow and what you do about it. The arms flow poisons everything; it is the kernel of the Somali disaster. If all these kids didn't have AK47s and rocket launchers, the old Somali order - which is extremely complicated - would not have been completely smashed.

**But how do you mop up weapons?**

I don't know, but you really have to start taking the arms trade seriously. It is the biggest single source of money in the world, far bigger than the drug trade. It is a $1 000-billion a year

business. This is an unimaginable sum of money. I think the only way that you can tackle it is on the basis of popular outrage - and, right now, there isn't any on this issue.

One of the first things I remember in the 1920s, was a rabid disarmament movement, a big popular movement against "merchants of death" and all that. It lasted until the early 1930s when Hitler came on the scene. After that one had to re-arm or get clobbered, and popular outrage simply vanished. I think the arms flow is still probably the most immediately debilitating problem facing the planet.

**There are aspects of this issue which are huge in this region. Part of the violence in this country has been fuelled by small arms. The movement of these across the borders of the region is horrific. It is said that you can buy an AK47 on the Swazi border for about $10. So it is a problem with which we are familiar.**

Somebody told me that arms dealers no longer try to sell arms in southern Africa because the price here is so low. They do, however, buy them up here and sell them elsewhere! The price of an AK47 here is said to be something like $25 and, internationally, it is about $60.

This kind of situation also exists in the United States and the result is a disaster.

**Ideally, shouldn't popular outrage be linked to some kind of financial incentive for surrendering weapons?**

To have popular outrage you have to take much more seriously the question of converting military economies to civilian ones.

This is a huge subject and a big problem. After all, the United States and the other Permanent Members of the Security Council are the five biggest arms dealers. Eighty-one percent of the arms marketed worldwide are made by Permanent Members of the Security Council, and these are the guys who are supposed to be keeping the peace!

The Russians are selling almost everything, except Multiple-Re-entry nuclear warheads, and who knows how long that will last.

**Presumably international civil society is where the popular outrage on this issue can begin?**

Right. But how much of an international civil society is there really? It is a wonderful idea, but I just wonder...

**Greenpeace, Amnesty - that's part of what I would call an international civil society.**

Yes, I suppose they are. But the trouble with Greenpeace and Amnesty is that although they do admirable work, they really don't impinge on the consciousness of most people. What you have got to have is something that is a real nuisance, where people see and get used to the idea of something that their sons and daughters really mind about. To do that you have got to organise. There isn't another way of doing it because the money in the arms business is so good. It is not going to stop otherwise. But then you are going to have to link it with a massive effort on the economics of conversion, which is extremely difficult.

# Bloed verswelg die Ierse romantiek

## Simpatie met die Ierse Republikeinse Leër (IRA) in Ierland en elders is besig om vinnig op te droog met die jongste vlaag van terreur en internasionale ontwikkelinge, skryf BERNARD SIMON



Werkers en polisiemanne besig om op te ruim na die bom van die Ierse Republikeinse Leër in die finansiële distrik van Londen ontplof het. Een mens is dood en 30 beseer in die ontploffing en die skade word op 1,5 miljard Amerikaanse dollar bereken (Foto: AP)

**OP** 20 Maart vanjaar het 'n IRA-bom in 'n asblik by 'n winkelsentrum in Warrington, Engeland, twee seuntjies aan stukke geblaas. Die IRA het sy "spyt" uitgespreek, maar dit het 'n golf van weersin wêreldwyd ontketen.

Daar was so half 'n verwagting by Iere, veral in die suide, dat die IRA sy strategie ná dié bloedige flater sou hersien, maar dit was wensdenkery. Verlede Saterdag is Londen se finansiële distrik tot stilstand geruk deur nog 'n massale IRA-motorbom wat 'n voetganger gedood en 30 mense beseer het.

Die Republiek van Ierland met sy Rooms-Katolieke meerderheid was nog altyd die hartland vir die Ierse Republikeine in Noord-Ierland, waar die Protestante weer die meerderheid is.

Die Londen-bom het die IRA se aantal slagoffers sedert 1969 tot oor die 2 000-kerf gestoot.

Net verlede week het een van die voorste Ierse Republikeine, Mary Nellis, by 'n seremonie in Dublin verklaar die IRA is die "respectable minority" wat deur die Dublin-regering en revisionistiese akademici verraai is, en emosioneel bygevoeg: "Het hulle dan vergeet dat dit die gewapende stryd was wat ons onafhanklikheid gegee het?"

**HELAAS, "RESPECTABLE MINORITY"** is die IRA nie meer nie, nie eens onder die eens simpatieke Rooms-Katolieke Iere van die Ierse Republiek nie. 'n Week ná die Warrington-bom het 20 000 Iere in Dublin teen die geweld betoog, en meer as 100 000 handtekeninge in boeke met boodskappe van simpatie en duisende blommekranse is met twee Ierse lugmagvliegtuie na Warrington gestuur vir die twee seuns se begrafnis.

Selfs die ander bron van IRA-simpatie, Ierse Katolieke afstammelinge in Amerika, is besig om op te droog.

Biskop Michael Hensall van Warrington het by die begrafnis gesê: "Foto's van dié twee kinders behoort na Amerika gestuur te word. Daar moet aan Amerikaners gesê word: dít is wat julle finansieel ondersteun. Kyk daarna. Kyk wat julle gedoen het. Dit is verskriklik."

In Engeland loop die haat vir die IRA diep. Daar is nou selfs sprake dat Londen, of liewer, die sentrale stadsdistrik wat bekend staan as die City of London, afgekordon moet word soos wat met Belfast gedoen is. Volgens die polisie-kommissaris van dié distrik, Owen Kelly, moet daar 'n balans wees tussen burgerlike vryhede en die veiligheid van Londen se finansiële instellings. "Ons kan die City toemaak en dit 'n baie veilige plek maak, maar dit sal dalk nie 'n baie aangename of doeltreffende plek wees om in te werk nie."

**PREMIER JOHN MAJOR** sou dié week met Londen se burgemeester beraadslaag het oor nuwe voorstelle vir veiligheidsmaatreëls in die stad wat al 20 jaar lank deur IRA-bomme geteister word.

Ondanks alles is die gunsteling-musiek in Dublin se werkersklas-kroeë steeds die sentimentele ballades van Ierse nasionalisme, soos "Wrap the Green Flag Around Me". Maar deesdae is dit meestal sentiment en nostalgie, en nie 'n vereenselwiging met die saak van die IRA nie.

Die bloeddorstigheid van die IRA is ook nie die volle rede vir dié nuwe rigting in die openbare mening in Ierland nie.

Daar is heelwat debatvoering aan die gang oor die vergelyking tussen die hereniging van Oos- en Wes-Duitsland en die hereniging van Noord-Ierland - of die "six Counties", soos die Rooms-Katolieke daarna verwys - en die Ierse Republiek in die suide. Die konsensus is dat die suide dieselfde nagmerries gaan hê as Wes-Duitsland, en dat die belastingbetalers van die suide dan ook, soos hul Wes-Duitse eweknieë, die las van reuse-subsidies vir welsyn, onderwys en gesondheid sal moet dra wat tans deur Brittanje gedra moet word.

Daar is juis 'n werkloosheidsyfer van 20 persent in Ierland, meestal onder jongmense. Brain Hayes, jeugorganiseerder van die Fine Gael-party in Dublin, is onlangs aangehaal dat hy gesê het: "Young people would rather forget about Northern Ireland. It's one big embarrassment and irrelevance, even though it is only 160 km away."

Maar Iere vrees ook dat die droom van Een Ierland 'n nagmerrie kan word, want daar is 'n miljoen Unioniste - Protestante wat deel van Brittanje wil bly - wat 'n nuwe burgeroorlog kan begin as hulle teen hul sin saam met die Rooms-Katolieke suide deel van 'n nuwe Ierse republiek moet word.

### 'n stryd van sewe eeue

**DIE IRA** het sy naam gekry van James Connolly wat sy groep gewapende vryheidsvegters só gedoop het net voor hulle die Poskantoor in Dublin op Paasmaandag 1916 bestorm het. Die "Easter Monday Rebellion" het gevolg op sewe eeue van Anglo-Ierse stryd en het gelei tot 'n Wet van die Britse Parlement in 1920 wat Noord-Ierland of Ulster en suid-Ierland van mekaar geskei het, elk met 'n eie parlement. In 1921 het Brittanje dominium-status aan die ses counties van Ulster en die 26 counties van die suide toegestaan. Ná 'n referendum is die staat Eire (Kelties vir Ierland) op 29 Desember 1937 as 'n soewereine staat uitgeroep. Ulster het verkies om deel van die Verenigde Koninkryk te bly. Op 21 Desember 1948 het die Ierse parlement die dominium-status afgeskaf, Ierland het 'n republiek geword en uit die Gemenebes onttrek. Die Britse parlement het dié besluit gekondoneer, maar terselfdertyd sy reg om die ses noordelike counties by die Verenigde Koninkryk te inkorporeer, herbevestig. Noord-Ierland verkies twaalf lede tot die Britse Laerhuis. Die burgers van die Ierse Republiek is 95 persent Rooms-Katoliek, terwyl twee-derdes van die burgers van Ulster Protestante en die res Rooms-Katolieke is.





# die *skrif* is
## aan die muur vir *skerp kommentaar*













**(FOTO'S: SALLY SHORKEND)**

**AS** 'n mens die psige van 'n nasie kan ontleed volgens die graffiti wat gepleeg word, en daar is kenners wat sê 'n mens kan, dan stem dit 'n mens neerslagtig oor Suid-Afrika.

Wanneer laas het jy in die Groter Johannesburg-gebied iets prikkelends of skerp op 'n muur gesien?

Net 'n jaar gelede het 'n mens darem so een of twee keer 'n maand iets intelligents gesien. Soos by die SAUK in Aucklandpark: "Heskiël 2 vers 3 - God weet, só kan dit nie aangaan nie."

Nou is die meeste graffiti kru politieke retoriek - veral verheerlikings van Apla en die AWB.

Die moord op Chris Hani het die laaste weke 'n oplewing in graffiti veroorsaak, maar op enkele uitsonderinge na was dit ook brutaal en dom.

By die groot kruising tussen Jan Smutslaan en Empireweg in Johannesburg het *The Star* selfs 'n muur gehuur en wit geverf met die idee dat muur-filosowe dit moet gebruik. Maar g'n selfrespekterende graffiti-kunstenaar sal mos graffito pleeg waar dit "wettig" is nie, en die bydraes op dié prominente muur het voorspelbaar op 'n banale vlak gebly. ('n Hoërskool het selfs 'n reünie daar aangekondig!)

Daar is ook 'n nuwe tendens te bespeur wat lankal in Europese en Amerikaanse stede domineer: impromptu muurskilderye, of bloot mooigeskilderde woorde. Tot dusver is nie een van dié pogings opgemerk wat iets anders as mooi kleure is nie. 'n Mens raai dat dit jong witmense is wat erg verveeld is en niks te sê het nie. Of dom dwelmkoppe.

Dit sê natuurlik nie dat dié vorm van graffiti *per se* onintelligent is nie. Die kilometers geskilderde Berlynse muur was 'n goeie voorbeeld hoeveel potensiaal dié kommunikasie-/kunsvorm het.

Die enigste oplewing in graffiti is dié van feministe en vegters vir vroueregte. En so hier en daar is dit nogal intelligent - soos *Codesa* wat in Yeoville *Cockdesa* geword het.




Dit begin ook al duideliker word dat graffiti etniese en kulturele grense het.


Die eerste ding wat opval, is hoe bitter min Afrikaanse graffiti daar is. En dat die enigste stad in Suid-Afrika waar daar byna geen graffiti is nie, Pretoria is. (Al wat daar is, is vulgêre boodskappies agter-op toiletdeure. Meestal in Afrikaans.)

In die townships, weer, kom die graffiti-kunstenaars nooit juis verder as party-politieke slagspreuke nie.

As dit so is dat graffiti die mentaliteit en geestestoestand van ons mense weerspieël, dan sê ons graffiti van die laaste paar maande vir ons Suid-Afrika is 'n land vol vrees en woede en met bittermin kreatiwiteit.

# briewe

## NA HADES MET DIE GILDE



**JOHANN DE LANGE VAN KAAPSTAD SKRYF:**

**DIE** pas afgelope Afrikaanse Skrywersgildeberaad het my eens en vir altyd laat besef dat dié liggaam oortollig en nutteloos en heeltemal onregverdigbaar geword het. Ek het by 'n vorige geleentheid daarna verwys as 'n reddingsboei waaraan die oud-Sestigers nog fanatiek vasklou in die hoop om weer by hul vertrekpunt dertig jaar gelede uit te kom. Na Hades met die hele spul!

'n Reddingsboei is 'n mooi een. Om die skrywersgilde aan die gang te hou het omtrent soveel nut as om 'n dooie walvis al met die strand langs te skop. Dit was nog altyd niks anders as 'n jaarlikse skindersessie waartydens gesuip en genaai is nie. Al verskil is dat daar voorheen darem nog iets was om te naai, dat die skrywers nog die allure van begeerlikheid kon monster en dat daar altyd genoeg donsdosies en ander aspirante was wat graag onder 'n skrywer wou lê. Nou het selfs dié sirenes die sinkende skip verlaat en die spul is nou op mekaar aangewys vir sulke rekreasie. Dis moeilik om jou 'n meer sordid scenario as dit in te dink.

Altyd opvallend is die onderlangse gemompel oor watter kak plek die gildebestuur gekies het vir die betrokke beraad, hoe kak die kos is, hoe min daar is om te naai, en hoe erg dit is dat mens vir jou eie drank moet betaal. Dié jaar was geen uitsondering nie - ongeag die feit dat die plek wel troosteloos was, die kos kak, daar niks was om te naai nie behalwe mekaar (en vanjaar was dié gedagte vir selfs die desperates te verskriklik om te oorweeg), en die drank duur, maar dringend nodig. Dié jaar is daar trouens só gesuip dat die spul nie eens bewus was daarvan dat een van hul vriende in 'n bad water verdrink het nie voordat dit te laat was.

Soos vorige jare is referate gehou waarvan niemand werklik iets wou weet nie. Party van die veterane het eerder sit en kyk na die paar vroue wat intussen bygekom het, wie se gesigte hulle nie ken nie; met die stille hoop niemand spring hulle voor nie en dat die vroue ook nie bekend sal wees met hul moeë ou roetines en opening lines nie. Miskien vanjaar selfs 'n groepswoeps ná 'n paar stewige happe.

Elke jaar, ook vanjaar, is groot besluite geneem, want skrywers, vir dié wat nie weet nie, is groot mosie-indieners. Abraham de Vries het hom vanjaar oortref in dié verband en soos 'n stout kind gedreig om te bedank indien die gilde nie sy mosie wil aanvaar nie, want as die gilde hom kan besig hou met die regte van "feministe en homo's" dan het hulle geen reg om sy mosie af te stem nie. En daarmee het hy ook sy ware kleure gewys - saam met vele ander.

Want hoewel niemand 'n geweer teen die gildebestuur se koppe gehou het ten einde die marginalisering van gays as tema op die program te kry nie, is sprekers in dié verband (waarvan ek een was) laat voel dat hulle onwelkom is, dat hulle eintlik net moet dankie sê vir dié gebaar van die groot indoenas en dan moet verkas, want niemand het bedoel dat hulle regtig enige menings daaroor moet lug nie. Dit was dan net 'n gebaar, hoe kon julle dit misverstaan?

Charles Malan het weer eens sy resensie oor Koos Prinsloo se *Slagplaas* as literêr probeer regverdig - hoewel dit uit elke reël blyk dat hy 'n probleem met gay seks het, wat hy "gruwelik" vind. Ek kan my voorstel dat dit vir baie mense net so walglik mag wees om Charles Malan seks van enige soort te sien hê, maar dit het met die letterkunde niks te doen nie, en sulke hang-ups het ook geen plek in 'n resensie nie. Wat hom ook by die keel uithang, is die arrogansie van gay skrywers. So asof gay skrywers okay is solank hulle hul plek ken en hul bekke hou en verál nie enige opinies het en die grootmense daarmee lastig val nie. En dan is hy nog prysloos genoeg om onomwonde te verklaar dat daar glad nie teen gay skrywers gediskrimineer word nie. Praat van 'n blind spot! By Malan is dit eerder iets soos 'n black hole.

Wat oorweldigend duidelik geword het by dié beraad is hoe konserwatief en benepe die spul is, verál die mans. So uptight hulle sfinkterspiere werk oortyd. Bang dat hulle deur die hol genaai sal word deur nuwe insigte as hulle na ander se argumente moet luister. Hierdie lot wat tydens elke gildeberaad die eed om te veg teen sensuur plegtig, byna aandoenlik, hemu, pas skaamteloos hul eie brousel daarvan toe. Die reaksie teen *Slagplaas* kan eintlik nie anders verstaan word nie. Die skrywer en die boek moet doodgeswyg word want hulle is tot in hul oorstuurde sfinkters toe geskok daardeur. Dié soort dubbele standaarde val nie een van dié wat in 'n drankwaas nog steeds aggressief op logika aanspraak maak, op as onaanvaarbaar nie. Want daar word mos nie teen gay skrywers gediskrimineer nie.

Die kersie op die spreekwoordelike koek was seer sekerlik Chris Barnard se "sleuteltoespraak" (sleutel tot wat? Bloubaard se kamer?) waarin hy al die moffies oor die vingers getik het met "dis April 1993 en ons het almal vrede met mekaar se seksualiteit". Dié soort naïwiteit van 'n skrywer wat al beter dae gesien het en klaarblyklik die beste deel daarvan met oogklappe deurgebring het.

Dan vind hy dit ook nodig om te noem dat gay skrywers nie meer as 1 persent van die skrywerskorps uitmaak nie. Ek dink dis tyd dat hy weer 'n slag sy wiskunde opknap. Wanneer laas het hy die skape en die bokke getel? Sy opmerking was in elk geval heeltemal beside the point: die gay skrywers vra nie 'n einde aan diskriminasie omdat hulle 'n meerderheid is nie (dan sou die prentjie andersom daar uitgesien het) maar omdat daar teen hulle as minderheid gediskrimineer word. Wie dink Chris Barnard is hy? God? Die Vader van die Afrikaanse skrywer?

Maar nog is dit 't einde niet: hy weet te beduie dat die gays asseblief hul plek moet ken en ook hul prioriteite: daar is belangriker dinge in die land aan die gebeur en gay regte, die regte van gay skrywers, moet nou wag. (Ek wil net ter verduideliking hier byvoeg: die term "gay skrywer" beteken vir die gilde 'n skrywer wat gay is, en nie een wat gay tekste skryf nie; daardie nuanse is ná die eerste drankie heeltemal verlore!) Sulke hubris en patroniserende stront vat ek van niemand nie, allermins van 'n spul skrywers wat sedert die einde van Sestig in 'n time warp lewe. Enige "vryheid" wat gay skrywers vandag mag geniet, is nie deur toedoen van die Gilde nie (die hemel behoed ons, dit sou beteken dat hulle dalk regtig iets konkreets moet doen!) maar deur die skrywers se eie effort, soms met baie ellende en verguising. My lojaliteit lê by hulle.

Myns insiens is die skrywersgilde soos hy nou daar uitsien moreel korrup en op die vlak van 'n skoolbende. Ek sien twee moontlikhede: ontbind die skrywersgilde en probeer sodoende vir die skrywers weer 'n tikkie geloofwaardigheid in die openbare oog herwin; of smyt die hele macho spul uit en stel 'n vroue-bestuur aan - die girls het in elk geval meer bôls tussen hulle as die hele hormoonbefokte spul saam!

## VOLKSRAAD SIELSIEK?

**HANNES STANDER VAN DURBANVILLE SKRYF:**

*VWB* se traak-my-nie-agtige taalversorging pla lank reeds, nie dat Niehaus-agtige preekstoel-Afrikaans "gebesig" hoef te word nie - maar darem... In *VWB* (16-22 April 1993) het Ina van der Linde dit oor Tsafendas wat "voorheen in agt sielsieke inrigtings" was. Siestog, die arme inrigtings. Of was die Volksraad ook sielsiek? Dis op daai trant wat ek net like to enquire: Pun intended, Ina?

## KOALISIE-REGERING

**WJ LUBBE VAN STRAND SKRYF:**

Vir alle praktiese doeleindes verkeer Suid-Afrika in 'n staat van oorlog, terwyl daar geen lig aan die einde van 'n donker tonnel is nie. Die man in die straat is siek en sat en moeg van mooi toesprake, beloftes, tienpunt-planne, onsimpatieke begrotings en nog baie meer. Dit alles is 'n duidelike vingerwysing dat die parlement en die owerhede heeltemal uit voeling met die werklikheid is. Die land is dus onregeerbaar.

Die volk is wetlik magteloos want die wetgewers het hulself onaantasbaar gemaak en kan dus grondwetlik nie ontslae van geraak word nie. Sodanige omstandighede stuur af op 'n revolusie.

Om dit voor te wees is die enigste uitweg 'n tussentydse koalisie-regering bestaande uit verteenwoordigers van alle partye binne én buite die bestaande parlement onder 'n onafhanklike voorsitter, ten einde 'n onafhanklike nie-politieke gesaghebbende grondwetlike vyfman VVO-kommissie te nomineer om sonder versuim 'n aanvaarbare nuwe grondwetlike bedeling moontlik te maak.

Suid-Afrika sukkel reeds meer as 'n dekade om 'n aanvaarbare grondwet op te stel. Alle pogings, insluitende "Kodesa", was 'n volslae misoes. Die skrif is reeds duidelik aan die muur dat die huidige planne vir grondwetlike onderhandelings ook sal misluk. Die volk moet dus op 'n sigbare wyse eis dat 'n tussentydse koalisie-regering die bestuur van die land oorneem totdat 'n nuwe demokraties gekose regering oorneem. Om so 'n koalisie te bewerkstellig, is reklame en openbare vergaderings noodsaaklik.

## POLITIEKE OPPORTUNISME

**HERMAN LATEGAN VAN GROENPUNT SKRYF:**

Hoewel ek die grootste respek vir Carl Niehaus van die ANC het, was die huldeblyk wat hy aan Andries Treurnicht op TV gelewer het politieke opportunisme en skynheiligheid. Treurnicht het die reg gehad om te glo waarin hy wou, maar vir my was sy ideale argaïes en primitief. Die feit dat hy dood is, maak vir baie Suid-Afrikaners glad nie saak nie. Dit is 'n non-event en dit laat ons koud. Vir die ANC om op die bandwagon te spring en met lang gesigte te sê hoe jammer hulle oor sy dood is, is belaglik. Dit sou beter gewees het om glad nie te reageer nie.

## HANDVES VAN MENSEREGTE

**TINUS VAN DER MERWE VAN GLENSTANTIA SKRYF:**

Ek het 'n bekommernis of twee oor die handves van menseregte wat nou weer deur sogenaamde kundiges aan ons opgedring gaan word. In die eerste plek behoort ons, wat daardeur geraak gaan word, sekerlik op een of ander wyse inspraak te kan lewer. Net in geval dit nie gaan gebeur nie, lewer ek maar op dié wyse my inspraak.

Ek glo dat mense op een of ander wyse beskerm moet word teen uitbuiting, diskriminasie, ens. Ons sit egter in die land met 'n sogenaamde "culture of entitlement", waarvolgens ons mense van alle kleure van mening is dat ons geregtig is op seker goed. Aanduidings is dat die VSA se handves dié kultuur versterk het. As dit in Amerika, waar die vryheid en regte van die individu nog altyd hoë voorrang geniet het, dié soort effek het, hoeveel te meer nie in Suid-Afrika nie!

Ondanks bogenoemde glo ek steeds dat so 'n handves noodsaaklik is. Ek sal egter die naam daarvan verander na 'n "Handves van Verantwoordelikhede". Verder sal ek die wyse waarop die verantwoordelikhede gestel word soos volg wou sien: in plaas daarvan om byvoorbeeld te sê "daar mag nie teen 'n individu gediskrimineer word op grond van ras, geslag, geloof, ens nie," sou ek eerder sê "niemand mag teen 'n ander individu diskrimineer op grond van ras, geslag, geloof, ens nie". Myns insiens sal mense op dié wyse steeds die beskerming geniet, maar hulle sal nou ook moet gee, in plaas van net ontvang.

Ek hoop dié bydrae stimuleer verdere gesprek in die regte kringe en plaas druk op die manne wat in 'n rook-gevulde kamer die handves opstel om die dubbele doelwit van beskerming en afbreek van die "culture of entitlement" te bereik. (Ek het 'n soortgelyke brief aan die Staatspresident geskryf, maar het 'n onbevredigende antwoord van sy sekretaris ontvang).

## KRITIKUS AS LITERÊRE SANGOMA

**FRANCOIS MCHARDY VAN LEVUBU SKRYF:**

Wat het toe gebeur met die kritikus met integriteit, die een wat kritiek lewer omdat sy/hy instinktief reageer teenoor 'n teks, en nie omdat dit haar/sy werk is nie? Retoriese vraag. Die stand van nuwe Afrikaanse letterkunde is op die oomblik so dat ons goeie resensente verplig word om stil te bly - om te reageer teenoor die meeste van die tekste wat deesdae deur elke Dick, Tom en Hond uitgegee word sou te veel legitimiteit aan dié "werke" verleen.

Een van die take van die kritikus is tog om 'n uitdagende literêre werk meer toeganklik te maak vir die leser, en dit beteken dat iemand die gepeupel kritici wat ons resensieblaaie met postpostmodernistiese nouveau-kots volskryf moet leer hoe om 'n boek sonder die oogklappe van literêre teorie te lees. Hulle moet selfs nog leer hoe om subjektief te wees. Jy hoef nie te vrees dat iemand jou as dom gaan bestempel as jy sê 'n kak boek is kak nie. Jy hoef nie 'n goeie literêre werk te kritiseer, as jy dit nie verstaan nie, anders beskryf jy dit net in betekenislose kwasie-esoteriese taal wat poog om jou onkunde en gebrek aan insig te kamoefleer, en al die ink en papier is boonop nog sleg vir die omgewing.

'n Kritikus moet tog in 'n posisie wees van waar sy/hy met reg kan kritiseer (dws geletterd). Verbeel jou 'n gemeenskap waarin 'n klomp hofnarre die mag gegee word om muti te verkoop en sangoma te speel met idees. Selfvergiftiging bly altyd die ironiese noodlot van die resensent-sonder-roeping.

Die meeste onlangs gepubliseerde werk kan maklik saamgevat word in 'n kort bundel met die titel: *Die Joernaal van Dommerik* (uitgegee deur Varkteef). Hoeveel keer moet die Afrikaner nog bevry word, of is dit nodig dat elke geslag skrywers en kritici hulle eie bevryding moet behartig? Sal die preutse klomp dit dan nie asseblief om estetiese redes in die privaatheid van hul eie gemakhuisies doen nie. Hou op om mekaar met soveel etterpassie te vlei en baklei, en gaan lê 'n slag by 'n primêre teks aan. Dis nogal lekker.

Goeie, betroubare literêre sangomas is wel te vinde, en dit kos net 'n rapsie moeite om by hulle uit te kom. Vir diegene wat met oogklappe sukkel is daar 'n vergeetagtige vrou in die PWV-gebied wat verkykers verkoop en ken van skryf. Sy mag ongelukkig nie meer van 'n 087-nommer gebruik maak nie.

Laastens net dié week se literêre gebedslys vir persone wat nood het: W wat 'n boek probeer skryf het, G wat met sprokies gelol het, K wat sy plaas wil verkoop en J wat bundelagtig haar varkies kwyt is.

## GROUP FOR MEN WHO BATTER

**JEANETTE SCMID, BRANCH DIRECTOR OF THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE FOR CRIME PREVENTION AND REHABILITATION OF OFFENDERS (NICRO), WRITES:**

There are many men, of all backgrounds, who love the women in their lives, but beat them. They are aware that the battery is destroying their relationship, but somehow do not know how to deal with their anger in a constructive manner.

Nicro is, once again, offering a weekly five session support group to men who want to change this way of relating. The next series will begin on Tuesday 4 May 1993 at 6pm - 9pm. There is no fee to the course. Persons wishing to attend or who require more information should leave a message for Jeanette at 29-5236.

## MOENIE SKIET NIE!

**ANDRÉ VERMAAK VAN PAROW SKRYF:**

Teen die einde van verlede jaar het die gerugte sterk geloop dat Max du Preez van plan is om 'n plaas in die Vrystaat aan te skaf.

Indien hy ooit so ver sou kom, wil ek graag die volgende aanbeveling doen: Wat van 'n grondjie in die omgewing van Verkeerdevlei of Ficksburg? As die edele barbare van Apla sy vesting aanval, kan hy om sy eie bas te red net skree: "Moenie skiet nie, comrades, ek is aan julle kant!"

Max, as 'n mens 'n verleentheid vir jouself word (soos jy), is dit voorwaar laat in die dag.

*(Du Preez antwoord: Ek hét toe 'n plasie gekoop - presies in die omgewing waarvan die briefskrywer praat: tussen Ficksburg en Senekal. Dit was juis Apla - en die droogte - wat grondse pryse genoegsaam afgedwing het vir my om dit te kan bekostig. Kom kuier gerus, tensy dit vir jou 'n verleentheid gaan wees...)*

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.**

Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur
VWB
Posbus 177
Newtown
2113

# brolloks

## INTERNEER DIE BOKKERS

**AS** Brolloks 'n regse was, sou hy begin worry het. Daar is al meer praatjies in die rondte dat 'n lys van 'n paar honderd ver-regse voorbokke gemaak moet word en dat hulle die drie maande voor en drie maande ná 'n algemene verkiesing geïnterneer moet word soos destyds met die Wêreldoorlog die geval was met manne soos John Vorster en Lang Hendrik van den Berg.

Dié praatjies het nie sy ontstaan in ANC-kringe nie, maar in die kringe van die NP-regering en hul veiligheidsmagte, wat reken dis die enigste manier waarop ons vreedsaam 'n demokratiese toets sal kan hê. En gerugte wil dit selfs hê dat daar al 'n spesiale tronk vir dié doel voorberei word.

Brolloks het 'n beter idee. Interneer hulle sáám met die ander gevaarlike bokkers wat ook nie veel lus het aan 'n demokratiese toets nie: Inkatha se impi's en krygshere, en die Apla-manne.

Dan sal die interneringskamp sommer terselfdertyd dien as 'n reoriënteringskamp, en sal die knape mekaar van naderby leer ken en leer hoe om die Nuwe Nuwe Suid-Afrika tegemoet te gaan.

## PIET POMPIES

**IN** die Kaap sê hulle die ANC vaar só swak onder die bruinmense, Piet Koornhof het 'n veel dieper penetrasie in dié gemeenskap.

## SWART BLOMME?

**DIE** werklikheid is soms vreemder as fiksie. 'n Vrind van Brolloks vertel hy het die ander dag 'n begeleide toer van Tuynhuis onderneem. Die tuinier vertel glo vir die besoekers dis die laaste jaar dat blomme met die kleure blou, oranje en wit geplant is.

Blare is groen, so dis nie 'n probleem nie. Baie blomme is geel, so dit is ook opgelos. Maar waar, o waar gaan die tuinier swart blomme kry om die ANC se kleurkombinasie vol te maak?

Of sal hulle maar 'n swart tuinier kry om tussen die groen en geel te paradeer as daar besoekers kom?

## DAAI GEWEER

**DIE SAUK** het 'n nuwe rympie ontdek. Tot onlangs toe het hulle in elke verslag oor 'n misdaad seker gemaak wat die misdadiger se politieke oortuigings was - ten minste as hy 'n ANC-ondersteuner is.

Hier is die nuwe trick: die politieke oortuigings tel nie meer nie, maar wat wel tel is watter vuurwapen is gebruik? En met tienduisende AK47s in die rondte, is die kanse goed dat dit een gaan wees. As 'n haelgeweer of rewolwer gebruik is, is dit nie nuus nie, as dit 'n AK was, wel. Hoekom? Want die suggestie is o so subtiel dat dit dalk met die ANC iets te make kan hê.

Watter twak. Daar is tien keer meer Inkatha-lede, polisiemanne en gewone kriminele wat onwettig AKs dra as wat daar MK-lede is.

## TRAGIES

**DIT** was 'n patetiese gesig. Pateties soos in hartseer, tragies en bitter gevaarlik.

Dit was die toneel van 'n senior Cosas-leier Maandagaand op CCV-nuus wat met groot retoriek en dreigende lyftaal vertel hoe die "studente" gaan staak in opstand teen "die regime".

En die arme knaap, seker minstens twintig jaar oud, kon kwalik sy eie verklaring lees.

Partykeer voel Brolloks daar is g'n salf aan dié soort kêrels te smeer nie. Ons moet net vinnig een departement van onderwys kry met 'n swart ANC-minister. En as hulle dan nie meer wil luister nie, donner hulle op vir hul eie beswil.

## PIKANT


**NOU** was dit nou nie vir jou pikant in die ekstreem nie, dié dreigement dat die Springbokke nie teen die Maori's wil speel nie, want hulle is op grond van velkleur gekies.

Onder die verontwaardiging in Nieu-Seeland het die skaam-kwaad besef deurgeskemer dat dit 'n uiters teer puntjie is.

Brolloks glo natuurlik dis reg so. Om 'n sportspan bloot op grond van hul etniese herkoms saam te stel, ruik na dieselfde oordrewe klem op ras en kleur as wat ons hier dekades lank gehad het.

Dalk word Suid-Afrika nog die model van nie-rassigheid in die wêreld, wie weet. En dan stel ons sanksies teen Amerika in oor hoe hulle die swartmense in die ghetto's van die groot stede behandel, en reik besorgde paternalistiese verklarings uit as daar weer rasse-onluste in Los Angeles uitbreek.

Dis soos iemand wat pas opgehou rook het na twintig jaar se nikotienverslawing: niemand is so hoogheilig nie.



Johnny Clegg: "For me it's not a matter of who's more in touch with the working class. Those issues are over."

Pics: **SALLY SHORKEND**

# a malleable *fellow*

Johnny Clegg was one of the first South African musicians to break through on the international market. Albums like *Third World Child* and *Cruel, Crazy, Beautiful World* brought him and his band Savuka fame in France and Britain. After being silent for three years, Clegg is back with *Heat, Dust and Dreams*. He speaks to **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** about state intervention in creating a united culture, feeling marginal in South Africa and the suffering of a true artist

**Did you put South African music on the map?**
On which map?
**On the international map.**
I think Paul Simon put South African music on the international map. Uhm... I think I put the South African experience on the international map. I write about what's going on here in my own way and that's why people like what I do. There's the force of Paul Simon, people like Malcolm McLaren that came here in the eighties. What we did, I think, is we opened the possibility for the concept of this thing. When Juluka was signed to Warner Brothers, Paul Simon heard our album and spoke to our producer. He picked up some South African material and started listening to it.

Juluka happened more as an event of the cultural intelligentsia in America. It was an intellectual thing for those people. It was not translatable into the street. It kind of hung around universities, hung around coffee shops. There was no way they could translate it 'cause there was no format of radio, no format of TV to deal with the kind of music we were making. And with the cultural boycott. There were many different things which pressed against the band as such.
**Why did Juluka break up?**
Sipho was the co-leader and co-founder and he wanted to leave. It was for the band a hell of a blow because we had just negotiated a 300 000 dollar deal with CBS records. We had to walk away from that and start again. In fairness to Sipho he had given us a year's notice to say that he's leaving. He didn't want to go with music and he gave the band a year - basically to find other opportunities. But we never really believed that he would leave.

I started a solo career. I got a backing band together to launch my solo album. And that band turned into Savuka.
**People consider Savuka to be more commercial than Juluka. Is that because you are now catering for popular tastes?**
I believe that if you look at Juluka - the international tracks... we took off from there. It's not a matter of Juluka or Savuka, it's a matter of looking at it as a trajectory, as a movement of creativity because we had come from the very first Juluka album with traditional ethnic Zulu acoustic guitar right through a huge gamut of musical expressions. The last

international album was synthesizer based, it was electric guitar... we were experimenting with different musical styles. So I just took off on that general direction and just carried on. This album is like a complete return to the beginning again. It's very organic. The instrumentation is based on the vibration of a string, piano - it's hitting a string. Everything that vibrates that's played by a human being we tried to put on the album. That's changed our sound completely.

**Why did you make the change?**

Because I said, you know, I like the song on guitar, I wanna record it now on guitar and if I need another layer I'm gonna put in another guitar because it's a guitar song. I think it's the best decision I've made in a long time.

**What's your opinion of South African music? From white rock and pop right through to, say, Amampondo.**

I don't think there's a healthy rock scene happening. I mean, there's a club scene, there's a dance scene. And then there's your kind of small alternative to that which is your folk rock to your jazz to your mixture of rock and jazz. There's been an interesting dynamic that's been happening for some time: the Afrikaans rock scene which, I think, has been the most inventive in the last five years. But the English speaking rock scene is... uh... it's quite dead for me. I don't see anybody really experimenting in ways that they did in the early eighties and stuff.

**Are you optimistic about South Africa's cultural future?**

You know, I think there's a general malaise culturally. At the time when we were trying to define ourselves against the system there was a lot more energy, there was a lot more coherence, there was a lot more force - creative energy, as it were. And now there's this hiatus between what you were and what you want to be in a new country. If you look at all the great revolutions, if you look at Russia in 1917. There's always that kind of pre-revolutionary period where the biggest energy is released. Russian formalism and mathematics, music, theatre, writing flourished. The new government comes in... [claps his hands] finished, over. And it's that time that you find sets the trends for the next fifty years. I'm waiting for this to happen now 'cause we're in that marginal time. My sense of it is that it seems that we're kind of trapped in a protest genre of theatre. I think people are still taking stock of what's going on - rather than developing a coherent cultural language to describe what's going on.

There's one play that happened in '88 which I saw as a New South Africa play, *Curl Up and Dye*. When I first saw that I said now there's a breakthrough, there's an opening. It's like an epistemological break, it's an aesthetic leap forward and I think this has to be consolidated. This other one... I saw the movie, I didn't see the play, something about Christmas... a little poskantoor...

***The Angel, the Bicycle and the Chinaman's Finger?***

Yes... well, there were also some nice moments there. A society and a culture critically reflecting on itself but humorously - this is a critical component of any new development. I don't see that politics *per se* is going to give us any more energy. I'm also waiting... I put this album out which is is quite a movement for me. When you listen to the album you'll see the breadth of the work. Projects that might be very good, very provocative - not politically but just emotionally provocative - not connecting or not having the chance to connect. There's all these very old structures in the record industry and the SABC. Once it's swept away there's going to be this spark of energy.

**How can South African culture be brought together? How can a white person on the East Rand, for example, be connected to black culture?**

This is something I get quite upset about. There is a culture on the East Rand which is valid whether it's *Orkney Snork Nie* or whatever it is, it's valid because it is what it is. It's got it's own little humour, it's own little aesthetic.

The whole point of a democratic culture is that space must be given to everybody. It's not that we suddenly have to have an amplification of one form of culture which has been neglected at the expense of another. To me that's not what the redistribution of cultural resources means. It means that everybody, their forms of expression - whether it's country and western, Herman Charles Bosman - they all have a place. Whether it's township jazz, pantsula, white rock'n roll, whether it's Hindu, whether it's Muslim. All of these forms make up the vast palette of musical colours on the South African cultural canvass. If we want to work out what it means to be a South African we have to start there and say to be a South African is to be able to allow that huge and very rich and vast cultural resource to be expressed.

**Should the state intervene to help create culture?**

There has clearly been an emphasis in the apartheid cultural period of one cultural form at the expense of another. That has to be rectified and the whole transformation of the SABC is a particularly crucial element as well as the performing arts councils. But that doesn't mean you can swing wildly and choose another cultural form and emphasize that at the expense of others. There has to be a blossoming of all the various kinds of culture. Most forms have to have a cultural breathing space. For me it's not a matter of who's more in touch with the working class. Those issues are over. The point is who can capture what we are really feeling and communicate it immediately to all the audiences in a way that's accessible.

The other issue is a political issue. There's been historically a racist allocation of cultural resources. Some of our comrades must understand you cannot legislate the way people are going to utilize those resources. The political intervention begins and ends there. It's up to people to go in there and develop their skills in their particular community art centre. I'm very against cultural engineering. I don't think it produces a good artist. I believe you have to suffer as an artist, I believe in suffering. The guy who went and worked hard and bought his first guitar. That actually enhances his relationship to his music - that suffering. And the appreciation of his instrument. That is an important component. There's a certain level at which you can intervene, and at the other level it's the striving, the urgent dynamic of an individual's creative psyche to say I want to say this by music - not the car I drive or the house I bought or whatever.

I don't believe the state should be involved in guiding artists in what they should say and how they should say or choosing to platform certain art because it's more relevant than other art. I'm totally against state aesthetic. I don't believe the state has an aesthetic. The alarm bells must start ringing when there's a state art gallery.

**Tell me about your childhood.**


My mother was a jazz singer. I was born in England. My mother divorced my father who was an RAF pilot. I grew up on a farm 'til I was seven. The first language I spoke was Ndebele. My mother married an Afrikaner, Dan Pienaar. He was a gifted writer and he was interested in the African experience. He taught at the Boys' Club in Alexander township. He took me in there - I had some very hair-raising experiences with him when I was a young, young kid. When I was nine we moved to Zambia and I went to a non-racial school. When I came back to South Africa I hit a bit of a speed wobble because it was a culture shock to come back to a whites only school. I was quite a malleable little fellow when I came back here. I felt very marginal.

**And you had no intention of becoming a musician.**

I never wanted to be a musician. I went to university and discovered anthropology and I loved it. So I became an anthropologist. At the same time I was making music on the side. Sipho and I had Juluka. After the fifth album we had a Top 30 hit in England in 1982.

When I was about ten I heard a Zulu guitarist in the street. I heard the echoes of Irish folk music. And then I saw the guitar was tuned differently and played differently. The instrument had been Africanised and I thought it was stunning. I asked the fellow to teach me to play. His name was Charlie Mzila. Charlie took me to all these places - these hostels would open up and it was like this cultural carpet that's been thrown open. People on the pavements selling traditional healing medicines, diviners divining, whores whoring, people roasting offal, the smell of urine and offal and beer, stolen goods, traditional craftsmen, tailors, shields, shoes, traditional music, guitars, mamas sitting around, selling fruit and vegetables, chickens... I tell you, I came out of Bellevue and for me it was like a secret, the universe had said pssst! it's for you to see, it's yours, if you want it... And like a kid, you know, it's like that special magical place at the bottom of the garden and it's yours and only you know about it.

I became quite schizophrenic at an early age. I taught myself Zulu with a handbook. I never did this for a career or any political reason - I did this because there's something intrinsically beautiful and valuable in that culture and that's why I love it.



"I think there's a general malaise culturally."

# dié *wet* is vol gate



Dene Smuts

Die debat oor die Konsepwet op die bevordering van Gelyke Geleenthede vir Vroue duur voort. **DENE SMUTS,** parlementslid van die Demokratiese Party, glo die konsepwet is só gebrekkig, dit behoort eintlik van voor af opgestel word



Illustrasie: Tracy Payne

**DIE** Konsepwet op die Bevordering van Gelyke Geleenthede vir Vroue het na die Demokratiese Party se mening fundamentele gebreke en die party wil 'n dringende pleidooi lewer dat dit in die geheel van voor af deurdink en opnuut opgestel word.

Die DP stem saam dat 'n Handves van Regte vertikaal moet werk en dat die horisontale toepassing van menseregtebeginsels beliggaam moet word in wette op burgerregte.

Die DP voorsien dat 'n onderhandelde Handves van Regte 'n gelykheid-klousule sal insluit wat die ideaal van werklike gelykheid sal beliggaam en nie net formele gelykheid nie. Met ander woorde, die sistemiese of onregstreekse vorme en uitwerkings van diskriminasie waaronder vroue en ander veronregte groepe ly, sal uitdruklik aangespreek word, en voorsiening sal gemaak word vir regstellende of verbeterende optrede.

In Suid-Afrika, meer as enige ander land, raak kwessies van gelykheid sowel ras as geslag. Watter meganismes ook al geskep word, moet albei vraagstukke aanspreek. Daar is geen rede waarom geslagswetgewing nie afsonderlik ingestel moet word nie. Dit kan selfs verkieslik wees: seksuele diskriminasie verskil in belangrike opsigte van rasse-diskriminasie, ondanks die opsigtelike ooreenkomste. Maar wetgewing teen seksuele diskriminasie kan nie ingestel word sonder om die rassekwessie in ag te neem nie.

**IN DIE KONTEKS** van regte en gelykheid, en veral in Suid-Afrika, is die individuele toepassingsmodelle van Australië en Brittanje ontoepaslik. Hul lomp omskrywings van diskriminasie word verder bemoeilik deur die byvoeging van die woord "slegs", wat 'n moeilike bewyslas skep en selfs verder wegstuur van diskriminasie wat op minderbevoorregtheid gegrond is.

Die konsepwetgewing maak wel voorsiening vir onregstreekse diskriminasie deur te verwys na die oplegging van vereistes wat sodanig is dat baie minder vroue daaraan kan voldoen as mans, ens. Selfs al sou 'n mens in die definisies die toets opneem wat gevestig is deur 'n reeks Britse hofuitsprake - dié toets is of 'n vrou in die praktyk aan vereistes kan voldoen, eerder as of dit teoreties moontlik is om daaraan te voldoen (Halsbury's Statutes Vol 6) - bly die feit staan: "the formal symmetry of anti-discrimination legislation obscures the social asymmetry to which it purports to respond" (Nicola Lacey, Oxford).

Die afsonderlike toepassingsmodel wat deur die konsepwet aangeneem is, het ernstige beperkings, waarvan die implisiet manlike norm nie die minste is nie.

Vergelyk in dié opsig die geïntegreerde benadering van die Sweedse Wet op Gelyke Geleenthede (Artikels 16 en 17), wat diskriminasie omskryf as 'n voorkeur vir iemand van een geslag bo 'n mens van die teenoorgestelde geslag in indiensneming, bevordering of opleiding wanneer die afgekeurde mens objektief beter of ewe goed gekwalifiseer is, wanneer dit waarskynlik is dat die werkgewer doelbewus gediskrimineer het. (Let daarop dat 'n reeks Britse hofuitsprake die beginsel herbevestig het dat die toets wat gebruik word, objektief moet wees.)

Die Sweedse wet stel dit duidelik dat dit in die eerste instansie die omstandighede van vroue in hul werklewe wil verbeter (Art 1); dat werkgewers toepaslike werksomstandighede vir sowel mans as vroue moet verseker (Art 4); dat die kombinasie van werkneming en ouerskap vergemaklik moet word (Art 5); dat werkgewers 'n gelyke verspreiding van mans en vroue in verskillende soorte werk en binne bepaalde kategorieë van werknemers moet bevorder (Art 7).

**DIE DOELSTELLING VAN** werklike gelykheid in 'n orde wat op regte gegrond is, word duidelik gestel en 'n proaktiewe element word ingevoeg. In die oorgangs-Suid-Afrika sal dit toepaslik wees om aan 'n wet op gelyke geleenthede 'n aanhef te gee wat die beginsels en uitgangspunte van die nuwe orde uiteenset. 'n Soortgelyke instrument is in Kanada gebruik in die geval van wette wat op die onlangse aanvaarding van 'n Manifes van Menseregte gevolg het. Die insluiting van die VVO Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorms van Diskriminasie teen Vroue as 'n bylae in die wet, soos met die Australiese Wet op Seksuele Diskriminasie, kan ook oorweeg word om die wetgewing in konteks te plaas, en om die parameters te omskryf van die ondersoekende en opvoedkundige aspekte van die Gelyke Geleenthede-kommissie se werk.

**DIE HUIDIGE** konsepwetgewing, wat die Australiese wet as die model vir die omskrywing van diskriminasie aanvaar het, laat vaar dit op daardie punt waar die toepassingsmasjinerie opgerig is en werp alle sake eenvoudig na die Nywerheidshof.

Dit is hoogs ironies: met nóg 'n Handves van Regte nóg nuwe wetgewing oor die Staatsdiens in plek, bly die hele reeks uitsluitings van die Wet op Arbeidsverhoudinge - staatsamptenare, onderwysers, dosente aan tersiêre instellings, werknemers van plaaslike owerhede - staan. (Tersiêre instellings het egter hul weg op geheimsinnige wyse gevind na die klousule oor seksuele teistering, klousule 14, en die staat het blykbaar binne die sfeer van die wet gekom in Klousule 13 en 38, ondanks die verduidelikende memorandum.)

Hierby word 'n nuwe stel uitsluitings nou gevoeg: as die minister kragtens die magte wat in die wet toegewys word verskeie sektore uitsluit en progressiewe toepassing op "verskillende datums" toelaat om Suid-Afrika in staat te stel om die skok te absorbeer, kan die huidige voorsienings van die arbeidswette en praktyk, wat seksuele diskriminasie 'n onregverdige arbeidspraktyk maak, omstrede raak.

Boonop verwater die twee jaar lange uitsteltyd wat ingestel is ten opsigte van die gelyke betaling vir gelyke werk-klousule ook potensieel die huidige regte wat onregverdige arbeidspraktyke betref. Die gelyke betaling-klousule is nutteloos sonder omskrywing. 'n Belangrike probleem in die nywerheid is nie net ongelyke betaling vir gelyke werk van gelyke waarde nie; maar ook onderskatting in die waardebepalings van werk wat gedoen word deur vroue, byvoorbeeld naaimasjien-operateurs. Die twis gaan nie net oor die betaling self nie, maar oor die verskille in die waardebepaling van verskillende soort werk. 'n Wet op Gelyke Betaling moet geskryf word. As dit die ware rede vir die uitstel is, klink dié voorsiening inderdaad hol.

**DIE KONSEPWET SE** bepalings oor seksuele teistering is ook beperkend. Die omskrywing is gegrond op die quid pro quo vereiste dat die seks-"guns" deur die oortreder geëis word in ruil vir aanstelling, 'n bonus, bevordering of werksekuriteit. ▶

Enige wetgewing is kompleks en tyd is nodig om dit te bestudeer en sinryke insette te lewer. Met betrekking tot die Konsepwetgewing op die Bevordering vir Gelyke Geleenthede vir Vroue was dit nie die geval nie, sê

**AMANDA GOUWS** en **MELANIE VERWOERD**

# die partriargale gefemel duur voort

**DIE** gebrekkige en oningeligte aard van die parlementêre debat oor die drie konsepwetgewings oor vroueregte wat onlangs bespreek is (VWB 5-11 Maart 1993), was maar net die begin van 'n nog meer gebrekkige en disempowering proses om die wetgewing aan vroue in Suid-Afrika bekend te stel.

Op 8 Maart 1993 het die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens en die Departement van Justisie 700 Suid-Afrikaanse vroue by Unisa in Pretoria bymekaar gebring om hulle sogenaamd oor die wetgewing te konsulteer. Al die vroue is op baie kort kennisgewing (minder as 'n week, sommige so min as twee dae) genader om die "nasionale" kongres by te woon. Daar was geen tyd om voor te berei nie aangesien slegs 'n baie klein groepie vroue die wetgewing tot hul beskikking gehad het en daar was hoegenaamd geen tyd vir vroue om met hul constituencies te konsulteer nie.

Die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens het egter by herhaling te kenne gegee dat dit 'n konsulterende kongres sou wees en nie 'n inligtingsessie nie.

Die Kongres kan in der waarheid 'n "sessie" genoem word, aangesien dit slegs een oggend in beslag geneem het waartydens daar vyf panele ingepas moes word. ('n Mens kan net wonder hoe die geld wat bestee is om vroue uit verskillende dele van die land rond te vlieg en in hotelle te huisves sodat hulle een oggend 'n kongres kan bywoon, geregverdig kan word).

**TYD VIR BESPREKING** was daar hoegenaamd nie en al wat die deelnemers te doen gestaan het, was om hul vrae (let wel nie kommentaar nie) vorentoe te stuur waar dit deurgekyk is en een of twee vrae na elke paneel aan die voorsitter oorhandig is om te lees. Baie min van die referate het regstreeks met die wetgewing verband gehou en een spreker het selfs gedink die wetgewing gaan te ver en dat mans 'n bedreigde spesie sal word.

Die enigste uitstekende referaat was dié van prof June Sinclair van die Universiteit van die Witwatersrand. Sy het 'n staande ovasie ontvang.

Die resultaat van dié proses is dat vroue heeltemal disempower is. Eerstens kon vroue nie mobiliseer of netwerk nie aangesien niemand geweet het wie uitgenooi is en watter kriteria gebruik is om vroue uit te nooi of watter belange hulle verteenwoordig nie.

Daar was baie min grassroots-vroue en die meeste verteenwoordigers was vroue uit die middelklas. Die werk wat reeds oor vroueregte deur die National Women's Coalition gedoen is, is glad nie vermeld of erken nie en nog minder die lang en moeisame stryd vir vroueregte in Suid-Afrika.

**Baie min van die referate het regstreeks met die wetgewing verband gehou en een spreker het selfs gedink die wetgewing gaan te ver en dat mans 'n bedreigde spesie sal word.**

Die indruk is geskep dat veranderinge in die wetboek al is wat nodig is om vroue se werklikhede te verander (ongeag die gebrekkige aard van die voorgestelde wetgewing).

Enige wetgewing is kompleks en tyd is nodig om dit te bestudeer en sinryke insette te lewer. Dit was vir baie nie moontlik om ingeligte insette te lewer nie en nog minder om spontaan te reageer aangesien die skryf van vrae op stukkies papier alle spontaniteit elimineer. Daar is ook gevra dat vroue 'n vraelys oor die wetgewing moes invul. Van watter nut dié hoogs onwetenskaplike vraelys sal wees, is nie duidelik nie.

**VROUE SE KRITIEK** op dié proses is begroet, eers met verbasing deur die organiseerders en toe met 'n verskoning dat daar nie genoeg tyd is om die proses te verander nie. Die belofte is egter gemaak dat regionale kongresse gehou sal word vir die doeleindes van konsultasie (ook hiervoor is geen erkenning aan die vroue gegee nie, maar is dit laat blyk dat dit nog altyd die idee van die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens was). Die regionale kongresse is wel gehou, maar dit was slegs 'n voortsetting van dieselfde disempowering proses.

Een so 'n regionale "kongres" is op 23 Maart op Stellenbosch gehou. Die gehoor was met die uitsondering van 10 vroue uitsluitlik wit en middelklas. Dit was vir niemand (behalwe die Kommunikasiediens) verbasend nie, aangesien die koerantadvertensie vroue versoek het om die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens te skakel vir 'n uitnodiging. Weer eens is beklemtoon dat dit 'n konsultasieproses was en nie 'n poging om die wetgewing te verkoop nie. Tog was daar by navraag niemand wat afgevaardig is om die oggend se kommentaar terug te neem na die Departement van Justisie nie. Daarvoor was die vraelys glo daar. Op enige aanmerking, vraag of kritiek is geantwoord dat dit asseblief op die vraelys ingevul moet word (daar was drie reëls gelaat vir kommentaar) en so is enige gesprekke gesmoor.

**AS DIT DAAROP** gemik was om 'n inligtingsessie te wees, het die rassistiese en seksistiese opmerkings in die enkele toesprake dit onmoontlik gemaak om 'n goeie begrip van die inhoud van die wetgewing te kry.

Een spreker begin haar toespraak met 'n vurige pleidooi: "Let reason rule our hearts" en gaan daarna voort om te verduidelik waarom verpligte kraamverlof volgens haar nie prakties is nie. Dit sal glo net te veel klein sakeondernemings bankrot laat speel. Sy het hiervan eerstehandse kennis en vra daarom altyd aan haar vroulike werksapplikante wanneer en hoeveel kinders hulle beplan om te hê. Dit is om dié praktiese redes noodsaaklik vir vroue "to think with their heads and not their hearts". Hierna poog sy om die drie konsepwetsontwerpe te bespreek.

In 'n poging om maritale mag te verduidelik, maak sy vlugtig verskoning indien sy die vroue teenwoordig se intelligensie onderskat, maar die betrokke verduideliking werk glo goed met swart vroue. Later beklemtoon sy egter aan die swart vroue dat ons blanke vroue tog hulle probleme met hulle mans en "customary law" verstaan.

"We have the same problem. Our men have mistresses," verduidelik sy. "If we as women today demand a law against adultery, will adultery stop? We must go according to the norms of a cummunity." (Sy was glo stomgeslaan toe een van die swart vroue haar later van rassisme beskuldig het.)

**EN VIR DIÉ** wat bekommerd was dat geslagsrolle nou te veel gaan verander, was die gerusstellende antwoord: "I do not believe that women are now suddenly going to make life difficult. Life will go on as usual. You will always have the dominant partner and the other one that will give in."

As dié konferensie kenmerkend was van die proses wat by al die "kongresse" gevolg is, blyk dit dat die Departement van Justisie nie die vaagste benul het van die begrip "konsultasie" nie.

Dit is onmoontlik om binne minder as twee maande met vroue van oor die hele spektrum te kan konsulteer. Verder is 'n vraelys en mooi pamflette op die lughawens nie voldoende in 'n land waar 'n groot persentasie vroue nie kan lees of skryf nie.

Wat egter die meeste twyfel laat oor die hele konsultasieproses, is die feit dat die kritiek telkens aan die Departement van Justisie en hul afgevaardiges gelug is by dié sogenaamde konsultasiesessies. Soos die herhaalde versoek om die sperdatum vir kommentaar verder uit te stel, is hierdie kritiek geïgnoreer. 'n Mens wonder of daar gehoor gegee sal word aan al die kritiek wat individue en organisasies vóór die sperdatum aan die Departement van Justisie gestuur het.

* Amanda Gouws doseer politieke wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch en Melanie Verwoerd is besig met haar MA (Filosofie) oor Feministiese Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch

---

Die onus rus op die slagoffer om te bewys dat weiering sy of haar posisie sou benadeel.

Die Nywerheidshof beweeg blykbaar nader aan die baie breër omskrywing van "vyandige omgewing" waarin seksuele teistering kan plaasvind selfs al bring dit nie 'n mens se werk of bevordering in gedrang nie.

Dié omskrywing in die voorgestelde Wet is daarom minder gunstig as die vertolking van seksuele teistering wat blykbaar uit die Nywerheidshof na vore tree. Maar ons sal vanweë verskeie wetlike implikasies geen standpunt inneem oor die gewenste omskrywing nie totdat die toepassingsagentskap hersien word.

Ten laaste sal die twee jaar lange moratorium op outomatiese aanpassings van diskriminerende kontrakte ook die Nywerheidshof se bevindinge op dieselfde gebied verwater of onseker maak.


Die konsepwetgewing wek die indruk dit wil hê die Gelyke Geleenthede-kommissie moet die dinkwerk en navorsing behartig wat dit nog nie self gedoen het nie. Waar die vernaamste funksie van dergelike kommissies in oorsese lande van Swede tot Australië die besinning is oor toepassingsvrae soos boetes, bevele en so meer, word aan die Suid-Afrikaanse Gelyke Regte-kommissie net twee heeltemal patetiese magte op die gebied van versoening en toepassing gegee, wat Klousule 28 (1) (d) betref, die voorlegging van vertoë namens 'n klaer aan 'n respondent; en wat Klousule 28 (2) betref, die bevel aan respondent om 'n geskrewe verslag te lewer.

Siende die Australiese model so sterk nagevolg is, is dit moeilik om te begryp waarom die goed-ontwikkelde versoeningsprosedure daar, wat baie toepaslik kan wees in Suid-Afrika, nie ook opgeneem is nie.

Die DP vra egter dat die aard, magte en funksies van 'n Gelyke Geleenthede-kommissie van voor af deurdink, en verkieslik met ander partye onderhandel moet word.

# 'n Opvolger vir La Divina en La Stupenda

**HENNING VILJOEN** luister in betowering na die Amerikaanse sopraan **Cheryl Studer** - die diva wat nou die septer swaai in die Duitse en Italiaanse opera-repertorium



**ELKE** generasie lewer 'n eie sangfenomeen op en 'n mens is vérniet bang dat 'n bepaalde sanger geen opvolger sal hê nie. Ná Maria Callas, ook bekend as La Divina, was dit Joan Sutherland met die ere-titel La Stupenda. Nou is daar die jong Amerikaanse sopraan Cheryl Studer, wat die opera-wêreld en veral die platemark soos 'n orkaan getref het met al die opwindende opnames wat die laaste twee jaar van haar verskyn het.

Studer is nog nie deur die opera-wêreld met 'n eretitel bekroon nie, maar sy spog al klaar met die uitsonderlike prestasie dat sy op die oomblik die heersende diva in die liries-dramatiese Duitse en Italiaanse repertorium is.

Waar Callas regentes was in die Italiaanse repertorium en Sutherland haar septer oor Italiaanse en Franse operas geswaai het, kom Studer met die rare kombinasie van Duitse en Italiaanse operas. Hiermee loënstraf sy die idee wat sommige operaliefhebbers huldig dat daar 'n onoorbrugbare gaping is tussen die Italiaanse en die Duitse sangstyl en dat dit onmoontlik is vir 'n sanger om aan albei reg te laat geskied. Dié onderskeid geld nie Studer nie.

Sy sê self: "I am opposed to excessive nationalizing of music. People become used to a voice of a particular colour in certain roles, but I don't think Italianita resides only in the sound or timbre of the voice. Style and temperament are much more important."

Op die oomblik omvat haar Duitse repertorium opera-opnames wat strek van Mozart en Schubert tot Wagner, Strauss en Zemlinsky, terwyl die Italiaanse repertorium operas van Rossini, Domizetti en Verdi insluit. Ek hoop dat sy eersdaags ook nog Bellini se Norma sal oorweeg. Hoewel Studer eksklusief vir Deutsche Grammophon opneem - dit wil sê hulle het die eerste aanspraak op 'n opname van 'n bepaalde rol - het sy ook al vir Philips opgeneem ('n uitstekende Koningin van die Nag in Die Zauberflöte en Mathilde in Rossini se Guglielmo Tell), asook 'n verskeidenheid opnames vir EMI gelewer van rolle in operas van Gounod, Verdi, Wagner en Strauss.

**DIS EGTER MET HAAR** verbysterende vertolking as Salome (DG 431 810-2) met Guiseppe Sinopoli as dirigent dat Super haar finaal as 'n superster begin vestig het. Sy het daarin geslaag om haar eie stempel op die karakter af te druk deur 'n vertolking waarin sy die glansrykheid van Birgit Nilsson se stem (op die legendariese Solti-opname) kombineer met die genuanseerde karakterisering van Hildegard Behrens (op die ewe befaamde Karajan-opname). Met die jeudige uitstraling van haar stem is sy die verpersoonliking van die ideale Salome.

Met Cheryl Studer se nuwe opname van die titelrol in Lucia di Lammermoor (DG 435 309-2) saam met Placido Domingo as Edgardo, tref sy weer eens met 'n uiters geslaagde idiosinkratiese vertolking. In die waansin-aria gebruik sy byvoorbeeld alternatiewe versierings en klink dit asof 'n mens die aria vir die eerste keer hoor.

'n Callas-bewonderaar kan soms die invloed van Callas in haar fraserings bespeur, maar dit is nie net 'n klakkelose nabootsing nie. Soos in Salome kom sy teen formidabele mededinging te staan soos die twee opnames van Callas, twee van Sutherland, asook twee van Edita Gruberova. Hoewel sy nie hier my ongekwalifiseerde eerste keuse is nie, lewer sy 'n opwindende vertolking uit eie reg.

Die ander voortreflikheid van die nuwe opname is Placido Domingo se kragtoer-vertolking as Edgardo. Dit is verstommend dat 'n sanger wat hom al hoe meer met die Wagnerfach vereenselwig met sulke fluweelgladde liriesheid vorendag kan kom. Weereens 'n beswering van die idee dat 'n sanger net in die Italiaanse of Duitse fach kan presteer.

Toe ek die jong Roemeense dirigent Ion Marin twee jaar gelede Lucia di Lammermoor in Wene hoor dirigeer het met Edita Gruberova as Lucia, het ek besef dat hy 'n uiters talentvolle dirigent in wording is. In dié opname bevestig hy nie net my vermoede nie, maar ek verkies sy musikaal deurleefde vertolking bo dié van die deurwinterde Richard Bonynge op die nuwe TELDEC-opname met Gruberova as Lucia.

En nog is dit het einde niet... want Studer en Domingo het ook saam met Sinopoli Wagner se Der Fliegende Höllander opgeneem. Verder beplan Studer ook nog in die naaste toekoms opnames van Rossini se Semiramide met Marin as dirigent, Il Trovatore met Sinopoli as dirigent en Rigoletto met Levine as dirigent.

# dis 'n ander storie dié

Tydens die openingsaand van Charles Fourie se produksie van *Vrygrond* het Andrew Nel buite die Mark-teater 'n eensame protesmars gehou. Fourie, wat deur Nel van plagiaat beskuldig word, gee hier sy antwoord op die aangeleentheid:

**EK** skryf in reaksie op die volgehoue aanslag deur Andrew Nel en sekere van die media dat ek plagiaat sou pleeg met my skrywe van Vrygrond gedurende 1992. Buiten 'n horde getuies, vriende, my vrou, inwoners van die Milnertonse plakkerskamp asook die Stigting vir Skeppende Kunste by wie ek vroeg in 1992 aansoek gedoen het om finansiële steun om Vrygrond te skryf, 'n gesprek met Allan Joseph in 1991 oor my plan om so 'n stuk te skryf, stel ek dit vervolgens dat nóg Andrew Nel nóg sy teks aan my bekend was tot November verlede jaar en dat ek toe reeds my teks klaar geskryf het.

In November 1992 het ek in 'n omsendbrief van Cosaw verneem dat Andrew Nel van plan was om te begin repeteer aan 'n toneelstuk genaamd Vrygrond. Ek het hierop met hom kontak gemaak om oor die inhoud van sy teks te verneem, omdat ek toe geweet het dat hy my teks dalk oorgeskryf het.

'n Ontmoeting tussen ons is gereël deur Cosaw met Keith Anderson as toesighouer. Hiertydens het ek wel van my teks se inhoud vertel en hy het soortgelyk syne weergegee (en ek noem dat hy toe na my verwys het as 'n "privileged whitey"). Toe al was dit vir my duidelik dat Nel/Cosaw daarop uit is om my skade te berokken.

Die uiteinde van ons ontmoeting was dat hoewel daar oppervlakkige ooreenkomste tussen die twee tekste is, in soverre die titels Vrygrond en Vrygrond 02B is, die parallelle te verstane is weens die omgewing waarbinne die tekste hulle afspeel. Ek het Nel selfs aangemoedig om voort te gaan met die produksie van sy teks. Kort hierna is ek die Amstel-prys toegeken en weke later het Nel blykbaar van ons ontmoeting se inhoud vergeet en die situasie begin uitbuit deur in Johannesburg rond te gaan en te sê ek het sy teks gesteel.

Die verslag wat hy by Cosaw van Andries Oliphant gewerf het, het sy saak versterk en New Nation se publikasie hiervan sou die affêre nog meer aanhits. Dit was egter New Nation wat prof Gerrit Olivier genader het om die twee tekste te vergelyk en hulle het nooit na hom teruggekom of sy verslag gepubliseer nie (miskien omdat dit die teendeel bewys het as Oliphant?)

Beeld sou later 'n verkorte weergawe van prof Olivier se verslag publiseer en hierin stel hy dit duidelik dat die parallelle wat Oliphant probeer trek, oppervlakkig is en aan toevalligheid toegeskryf kan word.

**EK SELF HET NEL** se teks vier weke terug te lese gekry ná 'n gesukkel en verskeie versoeke aan Cosaw om die teks in die hande te kry. Uit die lees daarvan was dit vir my toe ook duidelik, soos met my ontmoeting met Nel verlede jaar, dat die tekste se dieper struktuur, storie, karakters, en situasie grootliks verskil.

Ek vra vervolgens dat hierdie bevraagtekening van my integriteit endkry want dit begin stink van diskriminasie. Ek los u met 'n laaste vraag: As Nel se teks se inhoud dan so kragdadig en goed is dat dit my 'n Amstel-prys besorg het, hoekom het niemand sy teks sedert die skrywe daarvan in 1979 opgevoer nie, aangesien hy dit glo wyd in teaterkringe versprei het?

* Oliphant sê sy verslag wat in New Nation verskyn het, is sy laaste woord. Hy is 'n onafhanklike beoordelaar en verseker VWB dat hy nie kant kies nie. Wat die wet betref, beskuldig Nel vir Fourie van plagiaat. In die hof sou die saak só lyk: Nel het Fourie van plagiaat beskuldig. Daarom hang dit van Fourie af om Nel hof toe te vat. Sou Fourie Nel bloot ignoreer, verval Nel se saak. Nel sou dus vir Fourie hof toe moet vat. Fourie sal moet bewys dat die ooreenkomste in die twee tekste nié bestaan nie. Oliphant sê die eeu-oue konteks-debat gaan nie noodwendig in Fourie se guns tel nie. Dis nie so eenvoudig soos die geval van twee mense wat dieselfde opstel skryf omdat hulle 'n kamer deel nie. Tot dusver is daar nog net prokureursbriewe geskryf.

# FYNPROE MET NETTIE PIKEUR

## KOM ONS KOOK KAAPS

### en bring hulde aan die slawe van ouds

**BO** in Waalstraat, daar waar die Bo-Kaap begin, is twee wonderlike winkels: Atlas Trading Store, die groot speseryhandelaar, en skuins oorkant, Rocksole, die skoenmakery. Albei is al der jare daar, instellings in die Kaap, en jy maak sommer elke Saterdagmôre 'n draai by albei - daar's mos alewig 'n skoensool geslyt, of jy't kari-blare nodig vir die middag se kerrie.

Agter in Rocksole se einaklein shop sit 'n ou, ou oom, 'n skoenmaker met 'n voorskoot aan, naald in die hand, en hy stik jou sandale pragtig reg met gare en skoenmakerspik. Hy is een van die ou Kaapse Moslems wie se vakkunste aan 't uitsterf is. Daar is 'n foto in die Kultuurhistoriese Museum aan die onderpunt van die einste Waalstraat van 'n skoenmaker wat presies nes hy lyk - voorskoot en al. Die foto dateer uit die vorige eeu.

Silwer- en ystersmede, gewelmakers, klipkappers, snyers, skrynwerkers en hoedemakers van albei geslagte het vir ons 'n ryke erfenis nagelaat, wat nou helaas, al hoe minder in die praktyk bestaan.

Gelukkig moet ons nog elke dag eet. En die kookkuns wat ons van ons Moslem-susters geërf het, leef gelukkig elke dag in ons eie kombuise voort. Ek sê met opset susters, hoor - hulle was meestal slawe, dié wat vanaf 1657 uit Madagaskar, Ceylon, Indië en Indonesië aan die Kaap aangekom het en as voortreflike kokke bekend was.

In die middelmannetjie in Spinstraat, net om die hoek van Waal, is daar 'n ingemesselde klip om jou te herinner dat slawe destyds daar opgeveil is. En dis hulle wat die grootste invloed gehad het op wat ons Afrikaners vandag nog eet - vergeet van die Ingilse.

**IN DIE** vroeë jare het die Hollanders aan die Kaap ook dikwels sogenaamde Maleise eetplekke besoek omdat die kos sindelik voorberei was en hul smaak vir meer eksotiese geregte, in die Ooste aangeleer, bevredig het. En onder die invloed van hierdie bekwame slawe het ons Kapenaars oor die eeue 'n kooktradisie ontwikkel wat dank vader, vandag nog sterk staan. Dink hoe sou ons kos gelyk het as die Ingilse nog hier was...

In die kontrei waar jy smorens en saans die imam in die moskee kan hoor roep, kook mense elke dag kos in hul huise uit die tydperk van slawerny: bobotie en geelrys met rosyne, ingelegde vis, kerries en bredies, gestoofde hoender en melkerige poedings.

Hulle sou graag, nes die res van ons, seker ook nog die gewone kreef, perlemoen en galjoen vir elke dag wou hê (my ouma het perlemoen en alikruk saam gemaal en net so voorgesit, met rys, heerlik), maar nog 'n tradisie wat vir altyd weg is, is 'n kreef of perlemoen vir 'n pennie stuks.

Om by Atlas in Waalstraat te gaan speserye koop, saam met die Bo-Kaapse vroue, is lekkerder as treinry. (Jy kan maar jou jeans dra, maar hou in gedagte dat Moslemvroue tradisioneel kuis is, so moenie mense ontstel deur 'n tank top aan te hê asof jy Pick 'n Pay toe gaan nie.) Atlas ruik na die Ooste, na kaneel en naeltjies, wierook en koljanderblare. Hier kan jy ses verskillende soorte rys koop, die basmati-een gegeur met kardamon, mooi uitgestal in yslike sakke gemerk in 'n skrif wat ek nie eens herken nie - dalk Tibetaans. Daar is lensies en ander peulgroentes vir Afrika, flesse vol atjar en blatjang, pakke pappadums en dadels, komyn en klewerige, suurlekker tamarynsaad.

**DIT VERSTOM MY** altyd hoe baie rissies die mense koop - gróót papiersakke vol gedroogtes, genoeg om my twee jaar te hou, en ons Pikeurs hou van brand. Maar onthou, geen bredie is ooit mooi reg sonder sy flentertjie rissie nie, en die mense hier rond maak bredies wat ons ook nie eintlik ken nie - wortel-en-raapbredie, kweperbredie, en pampoenbredie vir begrafniskos.

Wie maak nog pampoenkoekies as bykos? Of behoorlike soetpatats en sousboontjies? Jou borrie en kaneel vir dié outydse kos koop jy als by Atlas. Al probleem is, dis moeilik om min genoeg te koop. Hoewel die vriendelike mense daar vir die hele Bo-Kaap as winkel dien, is hulle eintlik groothandelaars, en jy kan nie minder as 100 gram van iets koop nie. Dis vreeslik baie neutmuskaat en hou maande.

Soos ek sê, jy koop atjar en blatjang by Atlas, maar soms is dit tog lekker om jou eie kondimente te maak. Hier is 'n wonderlike ou resep uit Hildagonda se *Diary of a Cape Housekeeper,* waarin dié Ingilse nooi heelwat resepte van haar plaaslike kokke oorgeneem het. Die boek is 'n lekker vreemde vermenging van boerekos, vis-met-witsous wat g'n Kapenaar haar mond aan sal sit nie, en egte ou Indiese en Indonesiese smake.

Mev Duckitt gee die klassieke resep vir hoenderstofie, waarin jy 'n ouerige (nè? waar gekry?) hoender stowe met water, die kop en pote en daarna sago tot die vleis uitmekaar val. Die vleis skep jy af, die vloeistof word deurgesyg en maak pragtige jellie, maar eers bedien jy die stofie net so warm met 'n skeut room. Heerlik.

Maar ek het gedink avontuurlustige kerriemakers sal dié blatjang geniet. Maak dit op 'n reënerige Saterdagmiddag en gebruik skoongekookte ou blatjang- en ander flesse met stywe skroefdeksels. Ek het die mates effens aangepas.

### BENGAALSE BLATJANG

Kook 750 g klam suiker met 'n bietjie water tot gesmelt. Stamp sowat 3 huisies knoffel, 4 groot gekapte uie, 2 koppies sout, 3 groot stukke geskilde en fyngekapte gemmer, 4-6 droë fyn rooi rissies na smaak en 4 groot eetlepels mosterdsaad fyn in 'n groot stamper en vysel, of doen dit bietjie vir bietjie. (Jy kan ook die Magimix vir die doel gebruik, but it doesn't feel the same.)

Skil en sny aan stukke sowat 30 suur appels (ek meen Granny Smith is uitstekend vir dié doel), en kook in anderhalwe bottels goeie wynasyn tot net sag. Wanneer dit alles koud is, gooi in 'n konfytpot (koper, my dier, dis al wat rêrig werk) en voeg jou speserye en nog 'n halwe bottel asyn by, asook 500 g ontpitte rosyne. Kook een keer behoorlik deur, dalk met 'n lepeltjie borrie vir ekstra kleur.

Skep in die skoon flesse, sit die deksels liggies op, en laat goed koud word. Skroef dan die flesse vas, en laat 'n week of twee staan sodat die geure goed kan deurtrek.

# PLANT 'N BOOM



**HOEWEL** bome lankal tot my spreek, het ek maar eers redelik onlangs begin luister. Dit was so 'n maand of sewe gelede toe ek op 'n rooiblaarrotsvy (Ficus ingens) op Langermannkop in Kensington, in die ooste van Johannesburg, afgekom het. By die aanskoue van dié betrokke boom - 'n reus vir Johannesburg - met sy gladde bas en koper-rooi blare, het ek myself so blootgestel dat die oer-oue boomvirus vatplek gekry het en sedertdien ly ek aan boomkoors.

('n Boomkenner het later aan my vertel dat die Witwatersrand eintlik 'n bietjie koud is vir die rooiblaarrotsvy, daarom dat hulle so aan rotse aan die noordelike hange van die rante klou - die klip berg genoeg hitte deur die dag om te verseker dat die temperatuur in die koue winternagte tot vyf grade Celsius warmer is as op ander plekke. Dis glo net genoeg om toe te sien dat die boom oorleef.)

Boomkoors is nie 'n ongesteldheid wat weggepraat of -gedokter kan word nie. Om bome te plant, op te lees en te praat oor hulle, as 't ware hulle taal te leer verstaan, bied die enigste verligting. Daar is natuurlik mense wat sal sê bome kan nie praat nie, maar hulle weet natuurlik nie van die dooiemansboom (Synadenium cupulare) nie.

Dié kleinerige sukkulente boompie met sy groengrys, gladde bas wat hou van ruigtes en klipkoppies in Noord- en Oos-Transvaal, Swaziland en Natal, word deur die swartmense as 'n bose boom beskou. Hulle glo vas dié bome huil soos die geveerde slang, 'n mitiese gedierte wat kan blêr soos 'n bok. Mens en dier word sodoende nader gelok en doodgemaak. Voëls wat oor die dooiemansboom vlieg, vrek ook glo op die plek en plof dan op die aarde neer.

'n Mens wil natuurlik nie 'n boom met so 'n kwade invloed in jou voorstedelike paradys invoer nie, en buitendien sal die bure kla van die gedurige geblêr en kort voor lank is die SPCA op jou. Daarom is dit miskien wys om 'n rooiblaarrotsvy te plant. Hulle blêr of bulk nie, maar fluister so sag dat 'n mens werklik mooi moet luister om enigiets te hoor. - RYK HATTINGH

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW C - LEVEL
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406

# Mind, body and soul

Eight Committed Artists that help give Mbongeni Ngema's new musical *Magic at 4am* its hip and hop. They grew up in the townships and have all toured the globe in his musicals. They also all appeared in the film of Sarafina. **CHARL BLIGNAUT** spoke to them and **SALLY SHORKEND** took the photos





## LELETI KHUMALO

Mbongeni Ngema's wife and the shy actress who charmed the world in her debut as Sarafina, the schoolgirl revolutionary. She grew up in the Durban township of KwaMashu and joined the Amajika Dancers after school. "Dancing was something to keep me busy, to keep me off the streets," she says and describes how Ngema visited the dance school and invited her to join the original production of Sarafina. From there there was no looking back - the American tour shifted to Broadway for almost two years, earning her a Tony nomination. Back home to shoot the film, an enormous traditional wedding in Zululand, and off to promote the film's debut at Cannes and its premiere in America. "Leleti and the Sarafinas" is the name of her first album of dance/funk tracks due for release soon. Now she's been approached to play in the film of Fugard's *Tsotsi*.

## FUTHI MHLONGO

Also raised in Umlazi township, Futhi started singing as a child. "I grew up singing," she says, "at home and in church." She was 15 when she auditioned for the first *Sarafina*, but her parents told her that she should first finish school. So she did that and joined Ngema's company for *Township Fever*, its American tour and the film of Sarafina. She's happier doing her lead role on stage than doing film, "Because on stage I can really express my feelings." She's currently also singing in the group Sarafina Girls. When she's not working, she's listening to music - Maria Carey, Shirley Murdoch, Patti la Belle... Her voice training happened in rehearsal. "I came here to sing," she says, "Now I'm also acting and dancing. I'm very proud of *Magic*, every day I learn something."

## SIPHO KUNENE

The dude with dreads who does chorus in *Magic* and who toured Europe and Japan with the second production of *Sarafina*. He was raised in the Durban township of Umlazi. After school he was hanging around, playing soccer in the streets, occassionally performing in the church hall. He wanted to act, so he auditioned for Sarafina at the Market Theatre. He landed a role and, at 15, was touring the world. He was back home for a while before leaving on another tour, returning again to do the film. He was cast as one of the school gang, in the role of Guitar. "I wish I could do movies only," he says. But Ngema said if you're not busy, come and do Magic. So he said, "Fine." If it wasn't the theatre thing, he'd probably have got into something like electronic engineering.

## DUMISANE DLAMINI

Crocodile in *Sarafina* and Shisa Boy in *Magic*, Dumisane was always involved in whatever was going down. Growing up in Umlazi township, he got involved in the struggle ("I'm a true comrade"), hung with a gang and one day woke up dreaming of running. So he ran distance for Savages Club and even got into rollerskating. One night he ended up at a party, doing his thing on the dancefloor. Everyone stood back and started clapping. Mbongeni Ngema, who was standing at the door, had never seen anyone dance like that. After consulting with his mother, Dumisane was off around the world in *Sarafina*. He later returned to LA for the premiere of the film, met some celebs, got invited to Venice Beach by Whoopi Goldberg and got offered work. He turned down a whole lot of roles to play the evil Shisa, who he says is nothing like himself. He says anyone can realise their dreams if they know what they want and work hard to get it.

## VUKANI DLAMINI

Dumisane's brother, but from a different family, Vukani (the name means "wake up") grew up on a mission in Umlazi. His father was a preacher and his whole family were singers - his two sisters are currently doing New York. He did chorus in the second *Sarafina* (and studied in Europe while on tour). Then he did the film, which he preferred because, "In a movie you don't have to act so much, you can just be yourself." After the film he returned to Durban to form the group Vukani Dancers. They performed once (at the Miss Durban competition) before Ngema called him up and invited him to join the Magic crew as a singer. He stays downtown Jo'burg, reads, writes, choreographs and goes to movies because the clubs aren't safe. He's been thinking of getting into his own music more - playing the keyboards, dreaming of recording his own stuff.

## SBUSISO NGEMA


Mbongeni's younger brother, Sbusiso, grew up in the hills of Zululand and went to school in Durban. He's one of the remarkable lead vocalists in *Magic*. As a boy he sang gospel before Mbongeni, who had left home long before him, recruited him, put him through the Committed Artists Company training and onto stage. He says his brother has been teaching him all the techniques he needs. He sang lead vocals in the first *Sarafina* as well as in *Township Fever* and played in the chorus of the film. Touring with the shows was "Just fine, but I always remember home..." He stays in innercity Jo'burg, hangs out at clubs downtown with his friends or in front of the TV. He's just been offered a role in another film and is still looking at the script.

## SEIPATI SOTHOANE

Raised in Daveyton Benoni, by the age of 12 Seipati had already gotten into acting, landing a role in Gibson Kente's *Mamma and the Load*. It was there that she met Ngemi for the first time. She returned to school before coming to Jo'burg, where she won the role of Sarafina in the second production and its European/Japanese tour. "The audience in Japan was so quiet that we wondered if they were listening and understanding what we were saying. But surprisingly, by the time we did the last dance and the curtain call they gave us standing ovations." Although she appeared in the film, she's happier on stage where she can judge an audience. "On stage you can't cheat," she says. When she's not with her boyfriend, playing music, watching TV or reading newspapers, she's on stage as Leleti's twin sister in *Magic*.

## SIMISI MHLONGO

Born, raised and schooled in Soweto's Orlando East, Simisi, the choreographer for *Magic*, didn't know he could be a dancer until he joined the Committed Artists. He was 14 years old when he joined the team for the second production of *Sarafina* in 1987. As part of the dance crew, he was selected as one of the best dancers and later appointed as a dance captain to look after things when Ngema was away. While on tour with *Sarafina* he attended dance class in Paris. Ngema noticed his choreographic talent during rehearsals for the film of *Sarafina*. So his first project as a choreographer was to assist Ngema on the moves for the film. He wants to work with a dance company almost as badly as he one day wants to run his own performing arts school.




# kyk jy - of wag jy om te kyk?

Jy sit voor die TV en dink jy gaan nou 'n uur lank na 'n program kyk, maar dis glad nie waar nie - die program self is maar net so 'n driekwartier lank. Die res van die uur word afgestaan aan advertensies, aankondigings, die stasie se logo met gepaardgaande klingel en die uitgerekte inleiding en afsluiting. **VIRGINIA KEPPLER** sit met 'n stophorlosie in die hand en kyk presies hoeveel tyd die onderbrekings nou eintlik in beslag neem

**Al** die twak wat tussen en binne-in programme gebruik word om tyd op te maak is genoeg om 'n mens te laat voel jy wil ophou om jou TV-lisensie te betaal en jou M-Net op te gee.

Veral die programinleidings (die stukkie waar hulle die titel en so meer wys) irriteer baie. Neem nou maar die sepie *Days of Our Lives*. Dis 'n hele lang proses van 'n uurglas en stem wat aankondig en sê: "These are the days of our lives with bla bla bla..." En dis elke slag dieselfde. Kan hulle nie maar, soos sommige programme doen, al met die storie begin terwyl die titels rol nie?

Of neem die M-Net program *The Extremists*, oor mense wat gevaarlike sporte beoefen. Die werklike programmateriaal neem maar die helfte van die tyd in beslag, die res is skote van ou programme, tot vervelens toe.

Nog 'n ding wat krap, is die aankondigings van komende programme en flieke. Dit neem soms etlike minute in beslag.

En dan is daar die stasie-logo. Voor en na elke advertensiebreuk, voor en na elke program, voor en na elke programaankondiging moet jy luister na die irriterende klingel van TV1 en kyk na die logo wat verskyn en verdwyn. Dieselfde geld die snaakse balletjies en driehoekie van CCV.

Advertensies is natuurlik nodig, want anders gaan die lisensiegeld nog hoër word. Party advertensies is selfs lekker om na te kyk, en dié wat nie is nie, gee jou 'n blaaskans om gou toilet toe te hardloop, water te gaan drink of iets te kry om te eet.

Maar die plasing en aantal advertensies laat veel te wense oor.

TV1 behoort iemand te kry om die advertensies wat tydens die nuusprogramme gebruik word, te koördineer. Die ander dag is daar 'n berig oor grusame moorde, en oombliklik daarna kom 'n hamburger-advertensie aan die beurt. Op BOP-TV en CCV is daar darem amper geen onderbreking tydens die nuus nie.

'n Deug van M-Net en BOP-TV is dat hulle nie hul rolprente met advertensies onderbreek nie.

Het jy al ooit gewonder hoeveel tyd neem al die advertensies werklik in beslag? Wel, ek het 'n paar aande met 'n stophorlosie in die hand gaan sit en kyk hoe lank 'n mens nou eintlik kyk en hoe lank jy maar net sit en wag om weer te kyk.

Net die advertensies en aankondigings wat bepaalde programme onderbreek, is gemeet - en nie dié wat nog tussen programme ook voorkom nie.

Só lyk dit op Saterdag-, Maandag- en Dinsdagaand:

**SATERDAG VAN 8NM TOT 11NM**

| | |
|---|---|
| *Nuus, weer inkluis.* | 22 min 14 sek |
| Inleiding: | 9 sek |
| Afsluiting: | 35 sek |
| Advertensies (5): | 3 min 44 sek |
| *Over My Dead Body.* | 39 min 01 sek |
| Wat verlede week gebeur het: | 2 min 58 sek |
| Inleiding: | 57 sek |
| Afsluiting: | 30 sek |
| Advertensies: | 5 min 36 sek |
| *Dead on the Money:* | 65 min 37 sek |
| Inleiding: | 42 sek |
| Afsluiting: | 52 sek |
| Advertensies (10): | 5 min 51 sek |

**MAANDAG VAN 4.40NM TOT 6NM**

| | |
|---|---|
| *Days of Our Lives:* | 39 min 25 sek |
| Inleiding: | 18 sek |
| Afsluiting: | 1min 16 sek |
| Advertensies (9): | 5 min 29 sek |
| Ander aankondigings: | 2 min 20 sek |
| *The Bold and the Beautiful:* | 18 min 53 sek |
| Inleiding: | 25 sek |
| Afsluiting: | 48 sek |
| Advertensies (11): | 6 min 1 sek |

**M-NET VAN 6NM TOT 7NM**

| | |
|---|---|
| *Egoli:* | 19 min 06 sek |
| Inleiding: | 45 sek |
| Afsluiting: | 1 min 2 sek |
| Advertensies (7): | 2 min 04 sek |
| Ander aankondigings: | 15 sek |
| *Perfect Strangers:* | 21 min 27 sek |
| Inleiding: | 1 min 14 sek |
| Afsluiting: | 46 sek |
| Advertensies (7): | 5 min 35 sek |

**TV1 VAN 8NM TOT 9NM:**

| | |
|---|---|
| *Nuus:* | 25 min 15 sek |
| Inleiding: | 15 sek |
| Afsluiting: | 37 sek |
| *Agenda:* | 27 min 50 sek |
| Advertensies (6): | 3 min 56 sek |

**DINSDAG VAN 6NM TOT 11.55NM**
**M-NET VAN 6NM TOT 6.30NM:**

| | |
|---|---|
| *Egoli:* | 19 min 29 sek |
| Inleiding: | 53 sek |
| Afsluiting: | 1 min 2 sek |
| Aankondigings voor Egoli: | 1 min 49 sek |
| Advertensies (8): | 4 min 57 sek |

**TV1 VANAF 8NM TOT 11.55NM**

| | |
|---|---|
| *Nuus:* | 23 min 36 sek |
| Inleiding: | 51 sek |
| Afsluiting: | 40 sek |
| *Agenda:* | 26 min 3 sek |
| Advertensies (13): | 8 min 38 sek |
| *Rescue 911:* | 42 min 31 sek |
| Inleiding: | 1 min 10 sek |
| Afsluiting: | 46 sek |
| Aankondigings: | 1 min 7 sek |
| Advertensies (4): | 2 min 3 sek |
| *Nuus 10nm:* | 13 min 19 sek |
| Inleiding: | 10 sek |
| Afsluiting: | 5 sek |
| Aankondigings voor nuus: | 2 min 57 sek |
| Advertensies na nuus (3): | 1 min 54 sek |
| *Scandalous:* | 84 min 27 sek |
| Inleiding: | 2 min 33 sek |
| Afsluiting: | 2 min 48 sek |
| Advertensies (9): | 7 min 38 sek |

# Klipoog oor die week se *tv*

## 'n Lekker bord kos van die primus af

**IN** *Die Mannakwalanners* (TV1, Dinsdag, 7.30 nm) beskryf die Afrikaanse kultuursnob-omroeper AL Labuschagne (Hans Strydom) sy radioprogram as "Met 'n Knippie Sout - die program met kulturele pitkos vir die fynproewer". Klipoog het 'n spesmaas dié beskrywing verwys ook skalks na die aanslag van dié nuwe komedie-reeks: daar word met 'n knippie sout die draak gesteek met die kleurryke karakters van Namakwaland, terwyl gepoog word om darem ook 'n deernis te behou vir die "kulturele erfenis" van die platteland.

Klipoog het die eerste episode, "Die stem van die volk," beslis geniet en vermoed die reeks gaan baie gewild word - want dis rêrig stukke beter as daai sieklike getjommel van *Ballade* en daai futlose melodrama van *Glaskasteel*. (Oor Afrikaanse sakemanne sal 'n mens natuurlik nie 'n komedie-reeks kan maak nie, want hulle is glad nie snaaks nie, net soms afgryslik.)

Klipoog is veral verkwik deur die selfbeheerste poging van die regisseur Koos Roets en sy span om die snaaksigheid nie soos gewoonlik te oordryf en die komedie te laat verval in klug nie (hoewel dit hier en daar tog gebeur). Daar is fyn gewerk om 'n landelike stemming te behou: die filmpalet (beligtings-kameraman: Dave Aenmey) beperk tot aardse kleure (oker, grysgroen, bruin ens), die sagte lig en skaduwees van die elektrisiteitlose huisies in die vyftigerjare - en veral die stemmige musiek van Neill Solomon, (nié die histeries "vrolike" geklingel wat so gebruiklik is in Afrikaanse komedies om te wys dis nou snaaks nie).

**DIÉ INGETOË** milieu help ook om te keer dat die karakters karikatuuragtig aandoen. Daar is wel type-casting gebruik - jy sien nie blinkskoon gesigte soos Brümilda van Rensburg nie, maar innemend karaktervolle gesigte soos Wilma Stockenström (wonnerlik sonder nonsies as Tant Lenie) en Marga van Rooy ('n lekker plat Connie Kêffie).

Met ander woorde jy sien ook nie "stedelike" mansgesigte soos At Botha of Gavin van den Bergh nie, maar verweerde "Boer"-gesigte soos André Rossouw met 'n bosbaard (vir Klipoog een van die "egste" karakters as Oupa Swartsak Nukerk) en Limpie Basson met 'n bosbaard (effens flouer as Oom Niklaas, want hy klink 'n bietjie of hy voordra).

Hans Strydom as die hoogdrawende AL Labuschagne ("Lawwuskag," sê die magistraat, Ernst Eloff) is natuurlik nie type-casting nie. Hy ondergaan 'n imposante gedaanteverwisseling as die benepe kulturele kampvegter wat meen die Afrikaanse radio is 'n soort sendingstasie en Klipoog waardeer sy verkrampte lyftaal (die vieserige aftik van die stoffie op die donker pak, die bombastiese beskaafdheid en so meer).

Net enkele gebaartjies soos die sissierige geskuil agter die aktetas wanneer die magistraat sy geweer so ongeërg rondslinger, is effens hinderlik oordrewe. Soos ook die simpel lyn wat Johan van Jaarsveld se draaiboek hom gee wanneer die tjorrietjie in die stofpad gaan staan en hy die enjinkap toesnou: "Dekselse kar, sies skaam jou!"

Om die waarheid te sê, Klipoog geniet ou A.L. net soveel soos sy onnutsige klankman-sidekick Basjan (Pierre Knoesen) hom geniet.

Klipoog is egter minder oortuig deur Soli Philander se petroljoggie (eintlik die toneeltjie, nie Soli nie) en meen die cliché-karikatuur wat George Ballot van die Joodse winkelier Suburski maak, is darem te dik vir 'n daalder.

**SO VROEG** in die reeks wil Klipoog nie te veel maak van eerste indrukke nie, maar ondanks die heerlike geheel is daar tog 'n paar klein bedenkinge.

Niks ernstig nie, maar is dit werklik die Namakwalanders waarmee hier die draak gesteek word, of is dit 'n stadsjapie se idee van hoe Namakwalanders nou eintlik lyk? Of, as Johan van Jaarsveld dalk self uit Namakwaland kom: is dit 'n Namakwalander se idee van hoe 'n stadsjapie dink Namakwalanders lyk? Dit voel so al vir Klipoog hier en daar effens bedink en "literêr". Maar dalk het dit iets te doen daarmee dat van die kameetjies "gegrond is op verhale en sketse van die skrywers van die Noordweste, soos Theuns Kotzé, Abie van Niekerk en E de Roubaix".

'n Paar van die grappies het 'n mens ook al donkiejare gelede gehoor (of gelees?) soos die oom wat so kla oor die reën wat so "elders" val. Dit laat Klipoog sommer wonder hoekom die reeks in toeka se tyd van ponde, sjielings en pennies geplaas is. Dit wek wel heimwee, maar dit maak dit ook moeiliker om die "egtheid" van die karakters te beoordeel. Was hulle dalk 'n bietjie bang om met vandag se mense te spot of is die mense vandag nie meer so kleurryk nie? (Interessant, darem, dat die kleredrag van die plaasarbeider nog al die jare dieselfde gebly het. Daar's nie juis "mode" in 'n oorpak en 'n kakiepet nie.)

Of het hulle in die vyftigerjare gebly omdat 'n Afrikaanse omroeper vandag glad nie meer so erg snobisties oor Afrikaner-kultuur durf wees nie?

Maar als in ag genome wil Klipoog darem soos Connie Kêffie sê: jy kry deesdae nie meer maklik so 'n lekker bord kos nie, so geniet dit gerus.


AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

## AFRIKAANS STEREO HOOGTEPUNTE

*KLANKBORD*
TYD: MAANDAG, 3 MEI, OM 7.30 NM
IS VREDE EN VERDRAAGSAAMHEID IN SUID-AFRIKA ENIGSINS MOONTLIK? SUSAN BOOYENS EN DAWID VAN LILL BIED DIÉ ATELJEEDEBAT EN INBELPROGRAM AAN.

*DOKUMENTÊR - OBESITEIT*
TYD: DINSDAG, 4 MEI, OM 7.15 NM
EBEN CRUYWAGEN BIED 'N PROGRAM OOR VETSUG AAN.

*PROFIEL*
TYD: DONDERDAG, 6 MEI, OM 10.15 VM
DAWID VAN LILL GESEL MET ROHAN VOS, BESTUURDER VAN ROVOS RAIL, OOR SY AGTERGROND EN LIEFHEBBERY - TREINE.

*SKRYWERS EN BOEKE*
TYD: DONDERDAG, 6 MEI, OM 9.15 NM
MARINA LE ROUX BESPREEK GEORGE SEFERIS, GEDIGTE DEUR DIAN JOUBERT. RONEL FOSTER RESENSEER ERNST VAN HEERDEN SE NAJAARSWYS.



'N *Afrikaner* IS SOMS BRUIN EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy bou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links.*
*Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan 't verander en hy loop blitsig saam.*
*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat.*
*Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies.*
*Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak.*
*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898A

# nothing human is alien to you

## One man's revolution is another man's incarceration is the message of *The Police*, which opens on Monday at the Adcock Ingram, Windybrow. **ANDREA VINASSA** spoke to the director, Karoly Pinter

*...people forget the obvious fact that a political system can do no more than the men in it: if man wasn't capable of killing, no political system could engender a war. A system exists around the limits of what human beings can do. Nobody, for example, can spit four metres into the air, even if the system demands it. You can't do more than half a metre. Or piss that far: even if Stalin orders it, you can't do it. But you can kill. So the anthropoligical question - the question of what man is capable of - is always there behind the political one."*
**- MILAN KUNDERA** in an interview with Iain McEwan.

**THIS** quote from Kundera for director Karoly Pinter, embodies the spirit of The Police, a play that takes place in the police cells of a nameless state where the Chief of Police is presiding over the release of the last policital prisoner. When he realises that, in an ideal system, the police force would be obsolete, he sets about creating jobs. After all, for a man in uniform, "arrest is above everything."

Laughter is the best way to react to tyranny, believes Karoly Pinter, the director of the African Shakespeare Company. Written by Polish playright Slawomir Mrozek, The Police was banned until the early eighties. "The play reflected the conceptual trials in Eastern Europe and Russia during a time in which submission to the state at all absurd costs was the ideal."



If this sounds heavy and depressing, Pinter gives the assurance that the play is a hoot. Mrozek is known in Europe for his war against "power as the savage parody of logic".

The Police stars multi-award winning actor Ron Smerczak (Gulls) in a rare comic role, Ivan D Lucas, seen recently in Aladdin, radio playwright Iain Winter, Deirdre Bates and Cape Town newcomer, Charlton George.

A master satirist whose concerns are as political as they are moral, Mrozek explores the dilemmas of the modern state - rebellion and freedom, conformity and control - universally and, above all, hilariously. Like all who would employ the ironic mask, Mrozek sees it as one man's revolution, the tactic which acknowledges the momentum of the system and the relative importance of the human soul to it.

**PINTER'S REASONS** for doing the play now are very personal: "I hate tyranny - past kind, present kind and future kind - apartheid, communism, nazism."

The director is rather fond of quoting from fellow East European, Kundera: "Fanatical people don't cease to be human. Fanaticism is human. Fascism is human. Communism is human. Murder is human. Evil is human. This is why Tereza [int The Unbearable Lightness of Being] longs for a state in which man is not man. This is why it ends in massacres. Tereza's paradise isn't based on the belief in man."

While such sentiments might underpin The Police, the play itself is a parody of oppressive systems - Mrozek was not permitted in Poland in the sixties to make direct attacks on what he experienced as an iniquitous system. Hence his subversive work takes on a more universal meaning and can be applied in every situation.

Mrozek's weapon in this case is humour. Pinter attempts to translate the words of a Hungarian playwright to explain why people take refuge in humour: "In humour I cannot abide facetiousness." Translated this more or less means that humour is too serious a matter to undermine by being facetious.

"The play makes a mockery of oppressive systems. The police represent the politics of conformity, they being the tools of politicians where the lower ranks of the force are as oppressed as the masses. The upper echelons of the police force are part of the hierarchy of tyranny and their only interest is in maintaining the system.

**PINTER SAYS** he is staging the play now, because it is a particularly apt cautionary tale for our times. Again he quotes Kundera: "In my view, politics - in the sense of political parties, elections, modern politics - is unthinkable without kitsch. It is inevitable. The function of the successful politician is to please the largest number of people humanly possible, and to please so many you must rely on the clichés they want to hear."

Says Pinter: "But I cannot speak for South Africans, because I grew up in Eastern Europe. You must ask Ivan how he relates to it."

Lucas, a native of Athlone, answers by quoting one of his character's better lines: "After you have had your house searched, you always feel more comfortable and loyal." His character, an undercover agent provocateur, has gold braid sewn onto his underwear.

Another good line comes in a question from the Chief of Police, played by Smerczak: "How did you meet your husband?" he asks the sergeant's wife. "He reported me to the secret police and I reported him," she answers.


Says Lucas: "The more seriously we play it, the funnier it becomes. We are finding humour in the most obscure places..."

*The first performance of The Police is on 3 May, International Press Freedom Day. Tickets cost R15 at Computicket.






## RY DIE DING!



Joos Tonteldoos



Francois Tranter van King Ink

Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkers, Blue Chameleon, King Ink, Black Bricks en Black Paul is álmal vanaand (Vrydag, 30 April) by RAU. Dit beloof om 'n opvoedkundige sessie te wees: King Ink neig tot introspeksie én selfondersoek; Blue Chameleon is beïnvoed deur Kate Bush en Mike Tyson; Black Paul wil sy gehoor laat "goed voel". "Al verskil tussen politiek en dié konsert is dat die konsert regtig gaan gebeur - en dat mense dit gaan geniet," sê die persmededeling. 'n Akoestiese/rock inslag kan verwag word. Toegang: R12. Voor 8.30 kry jy 'n gratis bier.



*Plastics*

# Aitsa, Sisi!

**CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** kyk na *Sisi*, die musiekopvoering met Jennifer Ferguson en Vuvu Pefile

**VUVU** wil graag Shirley wees (Vuvu soos in Pefile; Shirley soos in Bassey). Gewyd tuur sy voor haar uit, stoer in haar Mama Afrika-gewaad - dié is 'n majestueuse skepping van blink materiaal, afgerond met 'n bypassende Mama-hoed.

Rub-Diego Dzwane en Jennifer Ferguson hop uitbundig langs haar rond. Vuvu se blik is neergeslaan. Sy prewel die woorde: "Do-bi-do-bi-do-bi-do-bi-do-bi Feva!" Mahlatini and the Mohatello Queens se ligsinnige "Fever" vanuit 'n ander, onverwagte oogpunt.

Vuvu Pefile is talentvol en het 'n asemrowende stem. Mense het al na haar verwys as die nuwe Miriam Makeba - en moontlik het dit 'n onwrikbare indruk op haar gemaak, 'cause she plays the part, my darling.

Amerikaanse sangers van ballades het oënskynlik ook hul merk gelaat. 'n Vroulike weergawe van Luther Vandross-tipe ballades sing sy met oortuiging. Vroue is ook "menslik" - van "vlees en bloed", om die waarheid te sê - so, "if you wanna do right, show me some respect".

**FERGUSON IS NATUURLIK** iets anders. Spontaan en onpretensieus - sy hou van wat sy doen en sy wys dit. Haar weemoedige weergawe van "The first time I ever saw your face" het die luidrugtige gehoor stil gelaat. Dis nogal 'n prestasie as in ag geneem word dat dié ballade ook nou al dun ge-cover is.

Die kinderlike lied oor 'n dogtertjie wat 'n olifant begeer (Ferguson het op ses-jarige ouderdom in 'n brief 'n olifant van die wildtuin bestel) het dawerende applous uitgelok - sy bied die wêreld vanuit 'n kind se oogpunt met humor aan. Ferguson se vertoning hou die oog: sy is sonder twyfel een van dié beste performers in die land.

Pefile en Ferguson is saam ongelooflik. Hulle stemme vul mekaar uitstekend aan in liedjies van onder meer Makeba en Mbongeni Ngema. Ferguson se ontspanne omgang met Pefile lig die vertoning en verhoed verveling.

Die verrassing van die aand was Moses Molelekwa op klavier. Sy vertolking val as jazz-geïnspireerd op: hy het 'n fyn en indrukwekkende aanvoeling vir innovasie en het selfs sy mede-kunstenaars op die verhoog met nuwe benaderings van songs verbaas.

*Sisi* mag nie gemis word nie.

* *Sisi* is tot 8 Mei by Kippies (Markteater) te sien

# ricoffy in the nescafé

**SHIRLEY JOHNSTON'S** *Plastics* (Alexander Theatre) tells the story of four Sandton housewives turned entrepreneurs to survive the mayhem of the cliche and violence of the New South Africa. Her characters have lost their money and in typical Sandton style, can't bear to let it show - it's Ricoffy in the Nescafé bottle and no-name biscuits on the deli plate. They're snobs and thinly veiled racists, but now their situation has become incongruous - suddenly their circumstances have brought together two WASPS, a boer and a black woman - and none of them particularly relishes the thought.

The black woman, a Mrs Makatini, is the only one thriving. She teaches them how to make money by selling Rufferware, but to them a party is a party and they prove to be useless at surviving the upheavals in the country. But Makatini's got vision and they decide to use mass action rallies as a platform to sell their kitchenware-cum-protective plastic gear.

As with most consciously New South African texts, the play fails to break free of its self-imposed constraints because its vision is a continuum of the cycle of which it was born. The characters ride the new system, finding that their materialist needs can be fulfilled by marketing plastic products as mass action. They stage enormous pop sales pitches (humorously choreographed by Jeanette Ginslov but never established, in the text, as a pop-culture metaphor) and employ forces to quell any violence aroused by their activities.

**THEY DECIDE** that the only way to beat the economy and political unrest is to sell yourself. In the end they're rich again, secured behind their Sandton fences, protected by armed security and fascist watchdogs.

As an indictment, the play emerges as a scathing comment on mindless pseudo-liberalism regardless of the writer's intentions. As an attempt to prove unity and an ability to work together in the new system, *Plastics* never hits gut base. As a comedy, Johnston's unprecious verbal banter and ideological satire works brilliantly in the first scenes, but less so later in the play. The play's finest moments are reminiscent of the futurist paranoia of Ayckbourn's *Henceforward*... Secured inside a haven while the world goes up in flames.

While Johnston has proven an ability to script slick comedy and think on a delightfully large dramatic scale, so too has Jacqui Singer proved her ability to direct such dramatic notions. Her slick, well-timed comedy, use of slides and a subtext and her direction of the actors is nothing short of excellent. The performances are all gems. Louise Saint-Claire offers the surprise of the evening as Fiona Farquharson in a detailed comic characterisation.

But they're all wonderful - Henriëtta Gryffenberg as the rop Hester Olivier, Motshabi Tyelele as the slyly resourceful Maria Makatini and Gaby Lomberg as the comfort-creature old-money Whelton-Smythe.

**- CHARL BLIGNAULT**

# die dae van die slaaplose nagte

**CHARLES FOURIE** se *Vrygrond* in die Mark-teater handel oor 'n swart Afrikaanse gesin, vasgevang binne 'n kringloop van geweld in 'n plakkerskamp. Dis 'n earthy, fatalistiese ervaring wat nie wegskram van sosiologiese issues nie. Dit het Suid-Afrika se hoogs gerespekteerde Amstel-prys ontvang.

Terence en sy ma bly in die plakkerskamp. Die struggle en 'n paar jaar in die tronk het sy gees geknak en sy ma is al 'n bietjie eksentriek. In 'n begrafplaas langs hul woning bly daar 'n ou wit man wat uit sy gemeenskap gevlug het en wat nou rondstrompel en met die dooies praat. Ma se ander kinders hang rond en kom kuier want dis haar verjaardag.

Livingston is 'n sekurokraat, getroud met Florrie, een van die dogters. Hy's die antagonis - hy verraai sy mense deur dade van geweld teen die plakkers te reël. Die plakker-scenario: balaclavas en gewere, slaaplose nagte en vrese van onbekende magte. Ma bly wag dat die televisiemense kom film sodat sy haar sê kan sê - maar niemand luister nie. Wie luister nou na 'n ou plakkervrou? Dit het 'n brutale einde want niemand kan aan die kringloop ontsnap nie.

**FOURIE SE JONGSTE** teks is dapper en oorspronklik. Dis 'n redelik realistiese uitbeelding wat terselfdetyd bo die plakkerskamp uistyg. Die dood is altyd naby en word geprojekteer bó die karakters se omstandighede.

Daar is briljante dramatiese oomblikke en goeie karakterontwikkeling. As mens sê dat iets in die stuk nie werk nie is dit 'n kompliment. Want jy kry die gevoel van 'n Koltes as jy daarna kyk - die groot, wye, Afrika-ervaring opgebou uit karakters se naamlose kontakte met hulself en hul onvermoë om praktiese sin te maak uit hul omstandighede. Verwaarlooste mense aan die samelewing se rand, waar geen reëls bestaan nie. In baie opsigte is dit van Fourie se mees humanitêre werke dusver: hy gee 'n stem aan die stemloses, maar hy beeld ook mense uit - van murg en been en hart en siel.

In die ietwat geforseerde einde sien Ma hoe Livingston die ou man doodmaak en sy sit, vreesbevange en sonder hoop. Sy sal niemand vertel nie want sy kan haar situasie nie hanteer nie. Vir haar is mense innig goed. Soos met die ou man wat, al praat hy met die dood, hulde bring aan elke nuwe dag.

Die produksie is heel geslaag, al is die Laager te klein vir die stuk. Natie Rula se Ma, Ricky Rudolph se Livingstone en Tina Jaxa se Nadine blink uit, maar almal op die verhoog is verfrissend natuurlike akteurs en Vrygrond is die soort teks waarvoor ons die laaste jaar of twee gewag het.

**- CHARL BLIGNAULT**

# MARKET THEATRE
832-1641

DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S *FAIRYLAND*
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT SEASON IN CAPE TOWN
ENDS 28 MAY

## LAAGER THEATRE
832 1641

*VRYGROND* - AMSTEL AWARD WINNING PLAY '92
*"VRYGROND* IS FULL-BLOODED THEATRE ..." - STAR
WRITTEN AND DIRECTED BY CHARLES FOURIE
WITH CHRIS GXALABA, NATIE RULA, RICK RUDOLPH, VICKY RENTE, TINA JAXA AND WILLEM VAN DER WALT
FROM 21 APRIL -29 MAY

## UPSTAIRS THEATRE
832 1641

*SILENT MOVIE*
WITH SEPUTLA SEBOGODI, LEILA HENRIQUES AND RICHARD CARTER
CONCEIVED AND DIRECTED BY BARNEY SIMON
"THIS IS THE MAGIC OUR THEATRE NEEDS" BARRY RONGE

## KIPPIES
832 1641
KIPPIES THE HOTTEST JAZZ SPOT IN JOHANNESBURG!!!
JENNIFER FERGUSON & VUVU PEFILE
FROM 27 APRIL - 8 MAY

## FLEA MARKET
SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET WHERE YOU CAN ENJOY LIVE ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF STORES.

GRAMADOELAS RESTAURANT
SERVING AN ASSORTMENT OF DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
NOW OPEN ON MONDAYS AND CLOSED ON SUNDAYS.
PHONE: 838 6960

MARKET GALLERIES
ARTIST PROOF STUDIO'S - FIRST PRINT SHOW
AN EXHIBITION OF ETCHINGS, DRYPOINTS, MONOPRINTS AND COLLAGRAPHS BY VARIOUS ARTISTS FROM THE ARTIST PROOF STUDIO.
ENDS 6 MAY

# 'n lang storie

## Maar dis een van daardie dinge, so kom ons kry dit agter die rug, sê **JOHANNES BRUWER**

**DIS** Jurgen Euler wat bel. Hy is 'n keramiekkunstenaar en het hom ingeskryf vir 'n keramiek-wedstryd van Apsa, die Association of Potters of South Africa.

Hy wil net sê hy is ongelukkig oor wat Apsa en/of die RAU met hom gemaak het noudat die inskrywings in dié universiteit se kunssaal tentoongestel word.

Hy het 'n beeld van 'n hermafrodiet gemaak, maar nou wil Apsa en/of die RAU skielik nie hê dit moet op die tentoonstelling verskyn nie. 'n Ampsdraer van Apsa sê hom Apsa het niks teen die beeld nie. Dis net dat Die Professor vrees die studente sal dit dalk betas.

Betas?

Niemand wil reguit praat nie, sê Euler, en dis wat hom omkrap. Al wat hy uit Apsa se ampsdraer kry, is dis nie hulle nie, dis Die Professor. So wat kan hulle doen? Dis nie hulle kunssaal nie.

Maar vooraf het niemand hom iets gesê nie, sê Euler. Verlede Saterdag het hy saam met die ander deelnemers sy werk gevat en R10 betaal om beoordeel te word.

As hulle toe maar gesê het die beeld gee aanstoot sou hy gesê het goed, ons lewe in 'n land waar dit dalk verborge psigiese vrese by mense kan wek as hulle 'n beeld met borste en 'n penis sien, dit aanvaar hy.

Maar Saterdag het hy net formalistiese kritiek gehoor: sy beeld het te veel rondinge, te min skerp lyne, te min kontraste. Euler sê wat van die kontras tussen die borste en die penis, die vroulike rondinge en die harde maagspiere?

Verder is gesê die glasuur is te blink, die basis moes van klei gewees het en nie hout nie. Euler sê ja, dalk sou dit beter gelyk het met 'n ruwe afwerking.

Maar dié kritiek het hom nie uitgesluit van die tentoonstelling nie, sê hy. Hulle het gesê hy kan self kies of hy wil ten toon stel of nie.

Hy besluit toe hy wil, betaal R25 en teken 'n kontrak met Apsa: hulle kry een derde as hy iets verkoop, ens.



"Sleg vir die kuns": Synthesis ... die hermafrodiet van Jurgen Euler.

**MAAR KORT VOOR** die opening op Woensdagaand laat weet die Apsa-ampsdraer hy moet die hermafrodiet verwyder. Dit het niks met die gehalte te doen nie, maar die RAU wil dit nie daar hê nie. Die Professor het dit baie duidelik gestel.

Die ampsdraer wil steeds nie Die Professor se naam noem nie.

Euler sê dit gaan nie daaroor of sy werk goed of sleg is nie. Maar as mense bepaalde kriteria toepas, moet hulle dit uitspel. In ieder geval, dis kontrakbreuk, sê Euler. Hy sê toe aan die ampsdraer as hy sy beeld moet verwyder, moet Apsa hom twee derdes van die verkoopprys gee. Die prys is R3 800, so Apsa tref toe 'n kompromis: hy kan dit op die openingsaand vertoon, maar dan moet dit weg.

Die beeld heet Synthesis en simboliseer die harmoniese eenheid van die manlike en die vroulike, sê Euler. Dit verwys na Plato se siening dat man en vrou oorspronklik een wese was en dat die twee geslagte nou onnatuurlik van mekaar geskei is, terwyl elke mens eintlik albei is. Dit kan die patriargie dalk in dié opsig aanstoot gee.

Jy sal die beeld eers vanaand met die opening kan sien, sê Euler, want dit word in 'n kas geberg.

Ek bel die Apsa-ampsdraer. Sy is by die RAU, sê die sekretaresse, maar jy sal haar vanaand by die opening kry.

**NOU JA.** Die fotograaf gaan saam. Wie weet. Maar ons sien nêrens iets van Euler nie. Hier en daar is 'n pragstuk. Ons staan stil by Punch Shabalala se Angel and Budgie Dish, voëltjies en Middeleeuse engele fyn geskilder in die glasuur. (Toe Lucia Burger 'n rukkie later die tentoonstelling open, sê sy dit laat 'n mens dink aan Hieronymus Bosch.)

Ons loop 'n kunskenner raak. Jurgen Euler se beelde? Aha, sê die kunskenner, julle kom stir 'n bietjie. Ek kan julle wys waar dit is. Wag, miskien moet ek iemand van Apsa gaan roep want ek is nie betrokke nie. Maar dis niks om opgewonde oor te raak nie.

Iemand van Apsa staan nader, nie dié ampsdraer nie. Ag dis g'n bohaai werd nie, sê die Apsa-persoon. En Apsa het met die storie niks uit te waai nie. Dis mos nie hulle kunssaal nie.

Maar as jy rêrig moet sien, dis hier in die sykamer.

Ons stap in, verby die tafel waar mense saamdrom om die vispaté en wyn, agter 'n afskorting in. Maar waar's die beeld? O, daar onder die rak, agter die wit krat.

Ja, dit is nie juis opspraakwekkend nie. En die glasuur is nogal blink. Maar 'n mens kan eerlikwaar nie sê dis swakker as sommige van die stukke daarbinne in die saal nie.

**DIÉ AMPSDRAER** van Apsa verskyn. Dis rêrig niks om oor opgewonde te raak nie, sê die ampsdraer. Buitendien, dit het eintlik niks met Apsa te doen nie. Maar Die Professor het dit baie duidelik gestel. Nee, 'n mens noem liewer nie name nie. Netnou begin jy 'n ding oor niks.

Nou wie van die RAU kan 'n mens vra? vra ek. Die skakelbeampte is hier iewers, sê die Apsa-ampsdraer, ons kan netnou kyk. Dit het eintlik niks met Apsa te doen nie.

Maar wat dan van die openingsaand-kompromis? vra ek. Nee Euler het self sy werk laat verwyder, sê die amspdraer. Hy het hom vervies toe hy hoor sy beeld is nie welkom nie.

Ons neem maar 'n foto. Miskien liewers nie, beveel die ampspdraer aan. Dit is eintlik die universiteit se kunssaal.

Ons talm tot die ampsdraer vertrek. Die foto is hiernaas.

Terug in die saal loop ons Euler raak. So toe besluit jy op die laaste nippertjie om maar heeltemal te onttrek, sê ek. Hy kyk my verdwaas aan.

Wat, sê hy, ek het nou net hier gekom, waar's my werk dan?

***DIE PROFESSOR,** verneem ek toe gisteroggend by die RAU, is prof IJ de Villiers, hoofdirekteur van die RAU-Stigting en Kommunikasie. Hy sê vriendelik: "Man, dis nie die universiteit nie, maar ek persoonlik wat gevra het haal dit asseblief af. Ek dink dis 'n goeie kunswerk. Ek het net gedink as jy so 'n beeld daar sit, gaan die studente soveel prominensie aan hom gee dat die res van die pragtige kuns verlore sal gaan.

"Ek het egter nie probleme daarmee gehad dat dit op die openingaand vertoon word nie, want dit word deur kunskenners bygewoon. Die reëling was dat dit die volgende dag verwyder sou word.

"Daar was seker maar net iewers 'n misverstand."

# but where's MALCOLM X?

There are as many black people in South Africa as there are in America. Put this information and the opening of Spike Lee's *Malcolm X* together and you have a pretty shrewd marketing ploy on your hands. Perhaps this is why Malcolm X was gagged and castrated by his hagiographer, says **ANDREA VINASSA**

**LIFE** delivers its sinister ironies with regularity: two such ironies occurred at the ANC's Culture and Development conference this week. The week's events opened with the South African première of *Malcolm X*, Spike Lee's didactic hagiography of a champion of the oppressed, cut down in his prime. Just like Chris Hani.

Part of the conference is the attendance of scores of delegates and regional co-ordinators of the ANC's Department of Arts and Culture of Mbongeni Ngema's *Magic at 4am*.

The reason for choosing these two mega-productions, according to the ANC, was to inculcate those present with a sense of pride in black heroes. Malcolm X and Muhammed Ali were set up as role models for the torch-bearers of culture in a future South Africa. Don't we have enough heroes of our own?

The choice of these two "cultural artifacts" perfectly highlight the dilemmas of anyone working in culture today - though Ali and X are the subjects of adulation, the real heroes are Ngema and Lee. They know that, in life and in culture, packaging is everything. The task at hand is to create and package father figures for the disaffected generation of black men.

So, with millions of rands or dollars, as the case may be, Ngema and Lee have cornered the market in political icons. Luckily for them education is a saleable commodity.

For all the hype around the making of *Malcolm X*, it is a curiously apolitical film, despite its inclusion of black-and-white footage of the beating of Rodney King and footage shot in Soweto of Nelson Mandela teaching scholars about Malcolm X. By his own admission, Lee wanted to avoid aportioning blame for X's assassination. "I don't think it would change anything who killed or who didn't kill him."

**USING X'S LIFE STORY** as a route-map to upward-mobility, Lee is shamelessly didactic. Milestones in his life are included in the film not merely to teach us about one man's trip from the gutter to the political podium, but to make us better people. Malcolm's penchant for inconsistency, his stoicism and petty bigotry, are employed to make us want to conform. Lee seeks to underplay all those characteristics which made X an individualist, a vulnerable and battered man, and one who sought personal salvation by any means necessary. In all his fiery extremism, the real X is a filmmaker's dream - someone to help us live out all our anarchic and rebellious fantasies. The inoffensive, baby-faced character in the film is someone with whom our grandmothers could identify.

I'm not alone in this assessment. A dude-type critic wrote in New York's *Village Voice*: "Brother man was videogenic and gave great soundbites. The hip hop nation got to dig him because he could rap, he had knowledge, mother wit, a supreme verbal flow." Every vestige of hipness seems to have been wrung from Denzel Washington's well-dressed body. Washington gets none of the acerbic wit, the streetwise humour or the fire-in-thebelly rhetoric passed down to us by legend. Denzel sweats without smelling.

Drearily episodic in structure, *Malcolm X* fails to convey the quality which terrified white racists, inspired black Muslims and eventually prompted his assassination. His passage from naive scholar to hellraising rhetoricist, from ferocious separatist to conciliatory force is tarted up with fancy footwork and equally fancy photography by Ernest Dickerson.

**THE DIRECTOR LOST** me in the first half - Malcolm's childhood, the murder of his preacher father by white supremacists, his mother's breakdown, the forced breakup of the family and Malcolm's attendance of a otherwise white school - is rendered in glossy soft-focus and inserted as flashbacks within the sequences depicting Malcolm and his pal Sorty (played to the garish hilt by Spike himself) loping around Harlem in zoot suits. These are equally glossy, lacking the grime and slime of street life. The cartoonish and buffoonish handling of Malcolm's early life as a dope dealer and seducer of white women are meant to tell us that Malcolm was a fun-loving dude, but serve only to diminish the impact of his road-to-Damascus-conversion to Islam.

Emotional moments are overlaid with somberly elegiac cello music, but there's scarcely any felling registered on the squeaky clean screen. Lee never gives us an indication of what is going on inside the heads of his characters. His vision is that of an awestruck disciple too afraid to explore below the surface for fear of violating his master's privacy.

As the actors strike poses, Lee uses X's speeches to reflect the current debate around racial politics in America. Separatism vs integration into mainstream America, black persecution, the place of whites in the struggle, violence vs non-violence, and the lack of unity among blacks. This, and Lee's own interracial love hobby-horse, is presented in an awkward and disjointed montage form, and with Lee's customary essentialism.


Perhaps this is why he fails to bring X fully alive on screen - it's about monumentalisation, not inspiration. The problem with the movie is not that it pisses you of, but that it doesn't piss you off at all.



Denzel Washington


ondersteun die kunste *Vrye***Weekblad** supports the arts

THE AFRICAN SHAKESPEARE COMPANY & TRUK BIED AAN




**deur slawomir mrozek**

**met ron smerczak, ivan d lucas, iain winter, charlton george & deirdre bates**

**regie & ontwerp**
**karoly pinter**

**ADCOCK INGRAM, WINDYBROW: 3 TOT 22 MEI OM 8NM**

**VEILIGE PARKERING**

